


TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



Ernst de Jongh Auteurs

tydskrif vir letterkunde

Redakteur:

ELIZE BOTHA

Redaksionele medewerker:

Elsa Nolte

Skakelredaksie:

J. J. Brits — W. A. de Klerk — Andre Demedts
B. le Roux — Joan Lötter — Koos Meij
Eben Meiring — Mie-jeanne Moelaert — P. J. Nienaber
Z. J. Pretorius — P. D. v.d. Walt — M. M. Walters
Eveleen Castelyn

November 1975 Nuwe Reeks XIII:4

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA.

INTEKENGELD:

R4 per jaar. Los nommers: R1 per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak
deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings
van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

Inhoud

Anton van Wilderode	: Taalfeest, Paarl 10 Oktober 1975	1
A. J. J. Visser	: Inwyding van die Taalmonument	1
Audrey Blignault	: M.E.R.: In wese essayis	2
M. Lombaard	: Gustav Preller as historikus	10
M.E.R.	: Hoe skryf ons oor ander?	26
Gustav S. Preller	: 'n Vaarlandswilgerboom	29
N. J. Snyman	: 14 Augustus 1875	33
F. J. Nienaber	: Boeke oor die Genootskap van Regte Afrikaners	39
Lina Spies	: Huldeblyk in die Jaar van die Vrou en van Afrikaans aan ons twee eerste digteresse	44
Helize van Vuuren	: Die <u>spanning mens-natuur in "Nagwan- deling" van Elisabeth Eybers</u>	53
Dr. P. D. Swart	: In <u>memoriam Abel Jacobus Coetzee (27 Mei 1906 — 16 Junie 1975)</u>	58
Willem M. Roggeman	: Gedichten	64
Gerrit Olivier	: 'n Eerste verkenning van enkele aspek- te van André P. Brink se kritiese werksaamhede	66
LITERÊR — AKTUEEL:	'n Drama van Henriette Grové bekroon Boekbesprekings	82 85

ANTON VAN WILDERODE*

TAALFEEST, PAARL 10 OKTOBER 1975

De dag die gróót was is voorbij. Wij rijden
nog nágenietend naar de verre stad;
het zachte donker is een huis van zijde
waarboven sterren glinsteren en verglijden
gelijk saffieren op een reuzerad.

De witte taalzuil op de berg blijft achter
maar staat voorgoed in mijn herinnering:
granieten kogel, geestelijke wachter
die voor de stoet der komende geslachten
het teken wordt van de bevestiging.

De teerste lente die ik mocht beleven
waait met een adem van doorgeurde wind
mij Boland toe, zo schielijk liefgekregen.

De witte lichtjes van de stad bewegen
en heel de hemel is ons goedgezind.

Kaapstad 10 Oktober 1975

A. J. J. VISSER

INWYDING VAN DIE TAALMONUMENT 10 OKTOBER 1975

Duisende het hul vergewis:
dis hier waar ons taal
se ou fontein nog is.

Voordrag, koor.
In lied en woord
'n eeu se groei gehoor.

En aangevuur
deur dié uit Ooste-, Weste-,
Afrika-stygende boogstruktuur

in die amfiteater
daglank vertoef by die
borrelende water.

* Anton van Wilderode (ps. Cyriel Coupé, geb. 26.6.1918), priester, opvoedkundige, digter (*Verzamelde Gedichten*, 1974) was Vlaamse afgevaardigde na die onthulling van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl. Hierdie gedig is deur hom persoonlik aan die redaksie oorhandig, 17 Oktober 1975.

AUDREY BLIGNAULT

M.E.R.: IN WESE ESSAYIS

Bekyk 'n mens, ná afloop van haar lewe, die skryfwerk van M.E.R., ontstaan die vraag: wat was die essensie van haar bydrae tot die Afrikaanse letterkunde?

Sy het baie geskryf, en wat sy geskryf het, toon 'n groot verskeidenheid: kinderboeke, jeugverhale, kultuurhistoriese opstelle, geskiedskrywing, romans, kortverhale, vertellings, reissketse, essays, outobiografie.

Aanvanklik het erkenning van die literêre waarde van haar werk uitgebly, maar in 1953 ontvang sy die Hertzogprys vir al haar prosawerk. Die betrokke keurkommissie noem in sy motivering in die besonder: *Onweershoogte* (1927), *Uit en Tuis* (1944), *Drie Vertellings* (1945), *Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse Burger te Velde* (1947), *Die Eindelose Waagstuk* (1948) en *Die Gewers* (1950). In 1961 word *Die Tweeling Trek Saam* met die Scheepersprys vir Jeuglektuur bekroon en in 1970 *Karliën en Kandas* met die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur. Dié akademiese toekennings ten spyt, is daar sekere opvallende teenstrydighede waar te neem in die reaksie op die werk van M.E.R. Daar is tot dusver slegs by wyse van uitsondering van haar werk vir intensiewe universiteitstudie voorgeskryf. *Uit en Tuis*, *Drie Vertellings*, *Die Eindelose Waagstuk* en *Die Gewers*, het, die Hertzogprys ten spyt, geen groot afset geniet nie. 'n Vroeër roman *Na Vaste Gange* (1944) is deur kritici as 'n mislukking beskou en het ook nie verder as 'n eerste druk gekom nie.

Aan die ander kant beleef *Die Tweeling Trek Saam*, wat in 1960 as 'n heruitgawe van *Kinders van die Voortrek* (1920) gepubliseer is, sewe herdrukke. Die outobiografiese vertelling *My Beskeie Deel*, wat in 1972 verskyn, word 'n treffer-verkoper en sal binnekort in 'n derde druk uitgegee word.

In teenstelling met dié gedeeltelike oplewing van belangstelling vir haar werk, was daar in die jaar van M.E.R. se eeufeesviering verskeie van haar werke uit druk, o.a. *Die Gewers*, *Oorlogsdagboek*, die twee romans en *Vroue wat Jesus Geken Het*.

By die waarneming van die hernieuwe belangstelling vir die werk van M.E.R., moet daar natuurlik rekening gehou word met die publisiteit wat die viering van haar honderdste verjaardag onvermydelik meegebring het. Tog, meen ek, dat daar buite dié tydelike publisiteit om, 'n nuwe belangstelling vir haar werk is, ook by 'n jonger geslag lesers.

Tot hierdie herwaardering is dr. Elize Botha se keurbundel *M.E.R. Van Naby Gesien* (1975) 'n kragtige aanspormiddel.

Op hierdie tydstip is dit seker nie onvanpas nie om die vraag te stel: wat is dan die essensie van M.E.R. se werk?

In die eerste plek moet dit baie duidelik gestel word: M.E.R. se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde is 'n volstrek onafhanklike, eensoortige bydrae. Sy het nooit tot enige groep behoort nie. Sy het haar

nooit by enige beweging geskaar nie. Sy het haar nooit aan enige heersende uitdrukkingswyse gesteur nie. Sy het geglo dat die mens aan homself getrou moet wees, ook in wat hy skryf. Die skrywer wat iets wil sê, moet dit so presies en helder sê soos hy kan. Dit het sy probeer doen. Dié strewe na eerlikheid in haar skryfwerk en haar toespitsing daarop om die eerlikheid van haar siening, van haar ervaring en haar vertolking van die ervaring, so presies soos moontlik te beeld, is van die begin af 'n onderskeidende kenmerk van haar werk.

'n Lewenskrachtige bewustheid, skerp waarneming, presiese beskrywing — dit is daar van die vroegste werk af in alles wat M.E.R. geskryf het. Van die begin af het *die mens* haar geboei. Hoe is die mens? Wat maak hom soos hy is? Waarin vind hy sy geluk? Waaruit put hy sy krag? Dié waarneming, dié betragting van die mens in sy menslike verbintnisse, dié waardebeplanning van menslike ervaring lê aan die grond van M.E.R. se lewensbeskouing en daarom ook aan die grond van haar skryfwyse. Sy was in haar wese essayis.

Die verhaal *Goedgeluk* uit die bundel *Onweershoogte e.a. Verhale* (1927) toon reeds duidelik die essayistiese trekke wat in al M.E.R. se latere werk aanwesig is en wat herhaaldelik ook gelei het tot mistasting by die beoordeling van sekere werke.

Die verhaal *Goedgeluk* word deur 'n ek-verteller in briefvorm vertel. Daar is ses briewe van die jong boervrou, klein Siena, aan 'n vriendin, ou Siena, ses briewe waarin daar oor 'n tydperk van ongeveer drie maande die verhaal van 'n meisie se liefde vir 'n talentvolle maar onstabiele vreemdeling op 'n Bosveldse plaas vertel word. Dit is egter nie dié bindingselement van die verhaal wat aan die vertelling sy onmiskenbare bekoring gee nie. Dit is die persoonlikheid van die verteller-essayis wat aan dié verhaal sy kern van waaragtige lewe gee.

Die eerste brief groei uit 'n intieme geselsie oor die aankoms van die pos en 'n beskrywing van die daaglikse bedrywigheid op die plaas tot 'n essay-in-die-kleine oor die geestesaanraking tussen vriende. In die tweede brief word die presiese beskrywing van die Bosveldse plaaskombuis na aanleiding van die buite-bakoond, 'n essay oor vernuwing: "Ek weet waarvan die buitebakoond 'n sinnebeeld is — van begrawe en steen opstel, van wesensverandering in die geslote donker, van reinkarnasie! Daarom seker is dit so sielsbevredigend."

Die derde brief word 'n betragting van die mens se geldingsdrang, die vierde van die vriendskap, die vyfde 'n fyn ontleding van psigopatiese selfliefde, en die sesde 'n bepeinsing oor die mens se ervaring van teenoë en smart:

"Ons is 'n droewige tyd deur: gelukkig darem *deur*, soos 'n mens alles op sy tyd deurkom, en agterlaat, en selfs naderhand vergeet: sodat die bytende smart, as dit in die ver verlede lê, soms lyk of dit iemand anders oorgekom het. Die groot feit is dat alles verbygaan: dit is ook so diep in onse wese ingewef, hierdie voortbeweging van alles, dat ons van aard rusteloos is."

Onmiskenbaar essayisties is die bundel *Uit en Tuis* (1944). In hierdie essays skryf M.E.R. oor dié dinge wat die grondslag van die lewe

vorm: water, grond, bosse, bome, vuur en voedsel, berge en see, reën en sneeu, blomme en diere.

Met vreugde skryf sy oor die skoonheid van dié land, maar nie net oor die skoonheid, die groeikrag en die kleure nie; ook oor die jammerlike naaktheid van die Karoo in die greep van droogte, oor die plankhuisies op 'n bosplantasie, oor 'n pak-eseltjie tussen 'n trop skape in Boesmanland.

Soos Montaigne, koester M.E.R. die vreugdes wat die aarde die mens bied. Keer op keer by die lees van die essays oor die natuurlewe in *Uit en Tuis*, moet 'n mens aan Montaigne se uitspraak dink: "Ek aanvaar met my hele hart wat die natuur my gee."

Rustig betrag sy ook die mens in hierdie essays: die mens in sy alledaagse bedrywighede, in sy omgang met ander, in sy konfrontasie met teenspoed en dood. Sy vertel van die oumatjie wat haar eie doodkis verdien het en dit by haar in haar kamer hou, met 'n kleedjie daaroor en die koffiemeul daarop, teen die dag dat dit nodig sal wees om haar na haar laaste rusplek te dra. Sy vertel van ou Samie wat geen mens iets vra nie en nie omgee hoe swaar hy aan 'n beeskop teen die steil bult uit moet dra nie, want dit is mos *kos!*

Dié essays bewys dat die diepste insig in die mens deur die betragting van die eenvoudigste lewe kan ontstaan.

Die lewenspatroon van vergange se dae herleef in meer as een van hierdie essays. 'n Vroeë voorbeeld van haar latere kultuur-historiese essays is die vertelling 'n *Plaasskool van Vanslewe*, wat 'n noukeurige werklikheidsbeeld van Miss Thomson se skoolhouery op die plaas Sanddrif naby Swellendam in die jaar 1860 is. Só vertel sy ook van 'n treinreis in die dae van die Transvaalse Republiek en beeld op aanskoulike wyse die lewe van 'n grensboer in die eerste helfte van die negentiende eeu. Die filosofiese inslag van haar benadering spreek reeds uit essays soos *Begrafnis*, na aanleiding van die begrafnis van 'n plantasiewerker wat sy hoog op in die Outenikwaberger bygewoon het, en uit *Grond*, die essay waarin sy op onvergeetlike wyse haar beskouing van die dood uitbou.

Dit is die essayistiese inslag, die teenwoordigheid van 'n beskouende, evaluerende verteller, wat die meeste beoordelaars by die lees van M.E.R. se twee romans hinder.

Van die roman *Na Vaste Gange* sê die skryfster self in *My Beskeie Deel*: "In *Na Vaste Gange* het dit vir my verskriklik belangrik gelyk om te sê dat 'n mens se lewe tog kan slaag, hoe foutief dit ook begin het. Dit lyk of hierdie feit vir ander mense nie so erg belangrik is nie, want dit was net hier en daar iemand wat van die boek gehou het."

Volgens die skryfster se eie uitspraak dus, is die boek 'n betoog in die vorm van 'n roman: 'n geldige benadering wat in die letterkunde al tot die skepping van onmisbare werke gelei het. 'n Mens dink aan E. M. Forster se *Passage to India* wat seker as betoog vir begrip tussen Indiër en Brit gesien kan word en aan Saul Bellow se eietydse romans waarin hy sy lesers keer op keer daarop wys dat die mens sy omstan-

dighede te bowe kan kom deur op sy gewete te let en sy verantwoordelikheid teenoor ander na te kom.

Struktureel is die roman *Na Vaste Gange* wydlopieg. Die verloop van die gebeurtenisse en die beelding van die persone word gedurig onderbreek deur kommentaar van die skryfster, háár waardebeeping van 'n sekere situasie, soms deur die beskrywing van 'n natuurtooneel waarin sy self behae het, soms deur 'n stukkie maatskaplike geskiedenis wat ter sake is. Die outeur is onmiskenbaar in haar vertelling aanwesig, maar as 'n mens fyn let op die doel met die onderbreking, is dit in die meeste gevalle 'n verryking van die roman se tekstuur. Só byvoorbeeld verhoog haar uitweiding oor slikaarde en berggrond langs die Krokodilrivier die werklikheid van die boerdery in die Laeveld van Transvaal. Haar vergelyking van die Afrikaner se gebrek aan begrip van die oosterse nasies met die Engelse se gebrek aan begrip van die Afrikaner, is weer bedoel as verheldering van die verhouding tussen Kundu, die Indiër, en Marianne, die blanke meisie op wie hy verlief raak en met wie hy trou.

Dié soort verhelderende, normatiewe onderbreking deur die skrywer word eerder deur die geformuleerde insig van die skrywer self bepaal as deur 'n bepaalde fiktiewe spreker wat die uitspraak maak.

Wayne Booth wys in sy standaardwerk *The Rhetoric of Fiction* op die besondere en beslissende stem van die skrywer in romans soos Fielding se *Tom Jones*, Dickens se *Great Expectations*, Graham Greene se *Brighton Rock* en Dostojewski se *Brothers Karamazov*.

By 'n herwaardering van *Na Vaste Gange* moet dit duidelik word dat die waarde van hierdie werk juis bepaal word deur die deurlopende teenwoordigheid van M.E.R., die essayis.

Dit is in hierdie boek dat daar in die beskrywing van 'n besoek aan 'n boomryke kloof, dié kosbare klein essay oor die melkhoutboom voorkom: "Maar die melkhoutboom is anders as hulle almal. Hy is ook 'n vriend, maar nog meer; hy is 'n metgesel van die mens soos die hond 'n metgesel is. Die mens gaan graag naby hom woon; hy word nie aangeplant naby die wonings, soos die eike en die gombome aangeplant word nie, want hy is te tydsaam in sy groei vir die kortstondige menseleeftyd; die mens gaan agter hom aan, span onder hom uit, eet sy kos daar, slaap daar, en bou sy huis naby die melkhoutboom, omdat hy in hom sien 'n getroue, wat lief en leed mee sal deurleef, wat geen sorg of bearbeiding vra nie, 'n gewer en nooit 'n nemer nie, wat deur die jare dieselfde bly. Die melkhoutboom staan nie hoog weg van die mensewoning nie, soos die den, of die gom, wat die lug inklum en altyd lyk of hy sake daarbo verrig en nie onder in die aarde nie; nee, hy sprei sy dak skuilend oor die aardbewoners uit. Dit doen die eik ook; dit doen die doringboom en veral die kameeldoring van die noorde; maar nie so knus, nie so gemoedelik soos die melkhoutboom nie; en nie so deeglik nie; jy sou sê dat hy hom toegelê het, nie op sy bestaan as boom nie, maar op sy beskermingstaak. Want vir sy eie sake het hy nie haas nie, vergelyk by die verganklikheid van die wesens wat onder hom skuil; hy tel sy ouderdom, so sê die mense, in eeue."

Van haar plan met *Die Eindelose Waagstuk* sê M.E.R. in *My Beskeie Deel*: “Ek wou verduidelik dat die oorsaak van ’n lewensmislukking eenvoudig net dit is: dat daardie mens net aan homself gedink het. En weer — nee wat, ander mense beskou hierdie wysheid glad nie as wonderwerkend nie.”

Dié roman word ’n studie van die huweliksverhouding, maar ook van baie méér: dit word wesentlik ’n essay oor menslike verbintenisse — in die vriendskap, in die verhouding tussen ouer en kind, tussen broer en suster, in die gesin, in die samelewing. En weér, soos in die vorige roman, is daar die essayis se betragting van die mens, die ontleding van sy diepste drange en behoeftes, die beligting van die waardes wat aan die grond van menslike geluk lê:

“Die stemming wat harmonie skep, dit is geluk. Dáárnatoe word aangetrek alles wat mooi is, alles gesonds; dááruit gaan die essensie wat ons liefde noem, die fyn gees wat uit die kuddelewe kan ontstaan. Die gesin waar harmonie te vind is, al word dit ook by tussentye gesteur, is geseën; dáár woon die geluk. Die harmonie tussen ouer en kind, wat jaar na jaar vaster bestaan, is hulle kosbaarste rykdom en die kind se beste erfenis. Die man en vrou wat in harmonie van gees die daelike brood saam eet, het die beste van alles gevind. En die vriend wat met die vriend in stemming werk, het in ’n dorstige land op ’n lewende springfontein uitgekom. Hulle almal kan reken, wanneer hulle die einde van die aardse bestaan voel nader — “Ek het geleef; ek het die beste behad; en dit was goed!”

M.E.R. het die essay-vorm op baie verskillende vlakke en in verskillende vorme met ’n voortreflike sekerheid van aanslag beoefen. Die informele essay, die natuur-essay, die lewensbeskoulike essay, die historiese essay — van almal is daar uitmuntende voorbeelde in haar werk.

Vroeg reeds toon sy haar vermoë om die geskiedenis as lewende werklikheid voor te stel. In *Kinders van die Voortrek* (1920) wat later as *Die Tweeling Trek Saam* heruitgegee is, gee sy ’n boeiende, presiese beeld van die alledaagse lewe van ’n Trekkergesin. Die verhaal is vol handeling en word met ’n stygende dramatiese spanning vertel. Tog is die verteller-essayis met haar kommentaar ook hier aanwesig. Sy begin vertel van die aftog by die Drakensberg en as sy vertel het hoe die waens gelaai is, hoe alles gereed is vir die aftog, onderbreek sy eers haar verhaal met ’n klein essay oor die kakebeenwaentjies:

“Tog jammer dat die ou kakebeenwaentjies van die Voortrekkers nou vergaan is. Was dit nie vir hulle nie, dan was ons miskien nie ’n Afrikanervolk nie. Hulle was die boer se ryding, sy woonhuis, sy pak-kamer, sy vesting. Onder hulle tente is kindertjies gebore; ook het meer as een daar gesterf. In hulle het die kinders se vrolike liedjies weerklink, of het die psalmversie in die skemeraand saamgesmelt met die geklap van sweep en die geroep op die osse. Ook het deur hulle buikplanke gedrup, en op hulle seiltente gespat, die bloed van vroue en kinders. Ja, ou waens! Julle hout en yster en seil is vergaan — maar ons vergeet julle nie, en wat julle vir ons mense beteken het nie; daarom staan ’n ossewa in ons landswapen.”

Twee van die beste kultuur-historiese essays in Afrikaans is M.E.R. se inleidende hoofstukke tot *Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse Burger te Velde, 1900-1901* (1947): *Ontwikkeling van 'n Afrikaner en Geskiedkundige Oorsig*. In die essay *Ontwikkeling van 'n Afrikaner* beskryf sy met noulettende eerlikheid en soberheid van styl die ontwikkeling van die burger wat die twee dagboekies in haar besit, tydens die Engelse oorlog gehou het.

Met fyn insig wys sy op die hoofdrang wat daar in elke mens is. By die betrokke burger, wat as Kaaplander by die Republikeine gaan aansluit het, was die hoofdrang tweeledig van aard: sy groepsgevoel was baie sterk, maar hy het die bevrediging daarvan gesoek onder invloed van 'n sterk verlange na vergelding vir kwaad wat in sy vormingsjare aan sy gees gedaan is. Eén skadelike invloed wat op hierdie man in sy vroegste jeug, in sy vormingsjare en by sy hele ontplooiing ingewerk het, was die skade wat deur die oorheersing van die Engelse oor die Afrikaanse element in die samelewing aangerig is. Dié burger sien sy as voorbeeld van honderde en duisende van sy tydgenote wat aan dieselfde skade blootgestel is.

Wat het die Kaaplanders in die Tweede Vryheidsoorlog so groot-skaals laat aansluit by die Republikeine? Dit is die vraag wat die skryfster self uit die vorming van die één burger wat sy van naby geken het, teen die geskiedkundige agtergrond van dié tyd wil beantwoord. Sy begin met 'n noukeurige historiese beeld van die dorp Swellendam, 'n beeld wat nêrens anders so juis en omvattend in die geskiedkundige literatuur bestaan nie. Sy beskryf die ekonomiese, die godsdienstige en maatskaplike lewe van die dorp, die ambagsmense, die tog-ry na die Onderveld. Toe, in 1864 kom die eerste binnelandse treinspoor, die ambagte kry hul doodsteek en vir die plattelandse Afrikaner breek 'n krisistyd aan. M.E.R. se geskiedkundige oorsig en ontleding van die skoolonderwys op die platteland is onderhoudend, onthullend en dikwels fyn humoristies. Ook die invloed van die kerk op die lewe van die dorpsmense word boeiend en insiggewend ontleed. Onverskrokke spreek sy haar eindoordeel oor die proses van verengelsing in die kerk en skool uit:

“Die Engelse taal in die skole, met die spreek van die huistaal strafbaar; die Engelse taal sover doenlik in die Hollandse, of Volkskerk; ontsag vir alles wat Engels was — dit is die gemeente ingeprent met al die krag van 'n baie sterk persoonlikheid in 'n posisie van oppergesag oor 'n tydperk van byna veertig jaar. En hierdie dinge het aan ons 'n skade berokken wat ons oor baie geslagte nie vergoed gekry het nie.”

Deurgaans in hierdie merkwaardige opstel is daar ook 'n objektiwiteit en ewewigtigheid wat 'n bewys van die skryfster se historiese perspektief is. Sy wys ook met waardering op die positief-werkende invloede in die dorpslewe wat sy beskryf: die goeie boeke in die dorpsbibliotheek wat deur die Engelse inwoners van die dorp daar besorg is, die verrykende omgang met 'n Hollandse matroos, kennis van die veld en die veldiere, opleiding in die jag- en skietkuns.

Hierdie essay verdiep tot 'n beskouing van die grond van alle oorloë — oorheersing en verset teen die oorheersing.

Dit sou beslis tot die voordeel van 'n jonger leserskring wees as dié boek eersdaags in 'n nuwe druk kon verskyn.

In twee van die *Drie Vertellings* (1945) is die ek-verteller in die hoedanigheid van toeskouer en vertolker weer sterk teenwoordig.

In *Die Susters* is die "ek" net die verteller. In *Kató; en Martjie* is die verteller ook 'n persoon wat onafskeibaar deel is van die vertelling.

In *Die Susters* word die verteller as die betragter van die verhouding tussen die twee susters, Helena en Hettie, aan ons voorgestel. Dié verteller is deurentyd dáár: *Ek meen . . . As ek reg onthou . . . ek dink . . . as ek dit reg het . . .* Die vertelling beeld 'n verkwikkende, teenstrydige, vernietigende verhouding tussen twee susters uit, maar aansluitend by die sterk lyn van dié uitbeelding, is daar ook die uitweidings van die essayis: oor die hou van 'n losieshuis, oor die mode-aanbidding van die vrou, oor die ware aard van die selfsug in 'n mens. Trouens, die hele verhaal sou gesien kon word as 'n essay oor die beloop van eidiens in 'n menslike verhouding.

In *Kató; en Martjie* ken die verteller die hoofpersone van kindsbeen af. Sy kom gereeld by Kató en haar gesin aan huis. Dit stel haar in die geleentheid om 'n presiese beskrywing van 'n ouderwetse dorpskombuis te gee — 'n kultuur-historiese essay-in-die-kleine — soos ook die beskrywing van die eetgewoontes en die kosvoorsiening — essayistiese elemente wat die tekstuur van die vertelling voller en ryker maak. En wéér kan die vertelling as geheel gesien word as 'n diepte-beskouing van die huweliksverhouding en die implikasies daarvan vir die vrou — en, ook nóg verder: 'n ontleding van die vormende uitwerking van vroeë indrukke op die ontwikkeling van die persoonlikheid.

In *Die Gewers* (1950) is die skryfster sêlf met haar gedagtes en gevoelens altyd aanwesig en aktief by die gebeure betrokke. Sy is *Tanna*, intieme vriendin van die Meurant-gesin, wie se lotgevalle die deurlopende draad in dié vertellings is. Van hulle en ook van die ander, van wie die skryfster "iets kosbaars en onmisbaars" ontvang het, vertel sy, en die vertellings word algaande 'n essay oor die groei van 'n lewensbeskouing. In die ontwikkeling van dié lewensbeskouing was één vriendskap beslissend, die vriendskap tussen die verteller en die hoofpersoon in die vertellings, Sara Meurant. Dié vertellings word ook 'n veelvoudige essay oor die vriendskap. Uit dié een besondere vriendskap kom *Eindwood*, Sara Meurant se laaste brief aan haar vriendin — die verwoording van 'n geloof:

"Dit is nie wat 'n mens uitrig of nie uitrig nie, verkry of nie verkry nie, wat by die opsomming geraken word nie; sulke dinge kanselleer dan mekaar soos in die kinders se somme, en laat niks na nie. Die onvolmaaktheid lê hierin dat, ondanks sekere verbindinge — ook steeds onvolmaak — die liefde altyd soekend bly; elke mens bly in sy liggaam afgesluit vir elke ander mens. Dit bly soekend, nie alleen na weerliefde en begrip nie, maar ook na alle skoonheid, waarmee die vereenselwiging altyd gebrekkig bly.

Nou gaan ek weg; en ek wil graag vir jou nalaat, en vir die kinders, wanneer hulle daarna sal soek, wat in my lewe die mees waardevolle besitting was: die gewaarwording van die moontlikheid dat die liefde ook buitekant die liggaam is en bestaan; en daarby, dat dit miskien vir ons versuiwer kan word deurdat die liggaam uitmekaar val en as sodanig verdwyn. Dat daar eenheid daarná mag wees. Eenheid waarmee? Ek weet nie.

Dit is dan my nalatenskap. Dit is vir die daelikse lewe baie werd, wat jy dáardeur dan, in seldsame oomblikke *sub specie aeternitas* kan sien.”

Die essayis gee altyd, bewus of onbewus, in wat hy skryf, ’n beeld van homself. Tot die beeld van die mens M.E.R., dra alles by wat sy geskryf het.

Die volledigste samevattende beeld van haarself gee sy in *My Beskeie Deel* — ’n *Outobiografiese Vertelling* (1972).

In dié selfonthullende beskrywing van die brok lewe wat sy ervaar het, word al die fasette van M.E.R., die essayis, in ’n ryk-geskaarde geheelbeeld saamgevat.

M.E.R., die skerpsinnige waarnemer, herskep die dorp van haar vroegste kinderdae. M.E.R., die opletter na die ewemens, laat die dorpsmense, soos die groot geskiedkundige leiers, die politieke persoonlikhede, die denkers wat haar die diepste beïnvloed het, in haar herinneringe herleef. Sy vertel van haar werk op veelvuldige terreine, sy ontleed en vertolk elke ervaring met eerlikheid en ewewigtige oordeel.

Dié werk, *My Beskeie Deel*, haar laaste groot essay, verseker ons dat M.E.R., soos Montaigne, altyd in haar skryfwerk die waarheid nagestreef het, en soos hý geglo het: “Die waarheid is die eerste, die grondliggende deel van ons deug. Ons moet die waarheid ter wille van die waarheid liefhê . . . Ons is mense en ons enigste houvas op mekaar is die woord wat ons aan mekaar bind.”

GUSTAV PRELLER AS HISTORIKUS.

1. 'N KORT LEWENSKETS VAN GUSTAV SCHOEMAN PRELLER

Gustav Preller is op 4 Oktober 1875 gebore. Van vaderskant was hy van Duitse afkoms en van moederskant was sy grootouers Voortrekkers. Op elfjarige ouderdom is Gustav baie teen sy sin skool toe, maar toe hy na drie jaar na Stellenbosch wou gaan vir verdere studie was sy vader nie daarvoor te vinde nie en het hy 'n betrekking as winkelklerk aanvaar. Toe hy kort daarna saam met sy ouers na Pretoria verhuis het, het hy hom as prokureursklerk laat inskryf. Om prokureur te kon word, moes hy egter eers die eerste klas onderwyserseksamen van die Republiek aflê. Hierdie studie het hy met ywer aangepak, maar sy prokureursloopbaan is vroegtydig beëindig toe hy in Augustus 1893 as vyfde klerk by die Departement van Mynwese in diens getree het¹ en daar vinnig bevorder is tot "Eersten klerk op het Departement van Mynwese te Pretoria in het Zuid-Afrikaansche Republiek" in November 1898. Tydens sy diensjare in hierdie Departement het Preller sy studiebedrywighede veral toegespits op die Goudwet, die ingewikkeldhede van Volksraadskommissies, waarop hy lank as sekretaris gedien het, en die administrasie van die Mynwese,² maar in werklikheid het hy dwarsdeur sy lewe student gebly.

Sy huwelik met mej. J. C. Pretorius in April 1898, het Preller se bande met vooraanstaande Voortrekkers versterk, aangesien haar vader die kleinseun was van beide Piet Retief en Piet Pretorius, broer van Andries Pretorius. Haar vader self was hoof van die Republiek se Staatsartillerie en dit verklaar Preller se deelname aan die Vryheidsoorlog in die artillerie, aanvanklik onder genl. Lucas Meyer en later onder genl. Louis Botha.

Gedurende die oorlog het Preller onder andere die eerste veldslag van Talana voor Dundee, die veldslag van Modderspruit, die beleg van Ladysmith, Platrand en die veertiendaagse slag aan die Tugela meege maak voordat hy in Maart 1900 teruggeroep is na Pretoria om te help met die administratiewe gedeelte van die bewerking van 'n paar goudmyne, die uitbetaling vir oorlogsmateriaal en die munting van goud.³ As enigste verantwoordelike amptenaar teenwoordig in Pretoria, in die nag voor die inname van die stad deur die Engelse, was Preller ook die staatsprokureur, J. C. Smuts, behulpsaam om die staafgoud van die Republiek na veiligheid te bring. Daarna is hy terug na sy kommando en het hy deelgeneem aan die slag te Dalmanuta (Bergendal) en later aan die algemene aanvalle op die spoorweg en die aanval op Carolina voordat hy saam met nog twee rapportryers deur genl. Botha met inligting na genl. de la Rey in Lichtenburgse distrik gestuur is.⁴ Vier maande voor die beëindiging van die oorlog is Preller saam met die oorblywende lede van die Staatsartillerie naby Carolina gevangene geneem en na Brits-Indië gestuur.

In Augustus 1902 het Preller in Pretoria teruggekeer en moes hy saam met so baie 'n nuwe begin maak. Aansoek om sy eertydse betrekking

as Eerste klerk is deur die nuwe oorheersers van die hand gewys omdat hy nie vroegtydig die wapen neergelê het nie.⁵ Sy ontnugtering en teleurstelling was so groot dat hy byna al sy vertroue in die toekoms verloor het en op die punt gestaan het om na Argentinië te vertrek.⁶

Die terugkoms van sy ou vriend, Eugène Nielen Marais, vanuit Europa via Oos-Afrika, met die begeerte om sy ou blad *Land en Volk* weer te laat verskyn, het 'n nuwe wending aan Preller se lewe gegee. Gedurende die oorlogsjare het Preller joernalistieke ondervinding opgedoen deur aanvanklik as oorlogskorrespondent vir *Die Volkstem* op te tree en gedurende die laaste gedeelte van die oorlog dieselfde diens aan *De Soutpansberg Wachter* te lewer.⁷ Marais het Preller genader om as redakteur op te tree aangesien hy weens koors nie in die gesondheid was om dit self te behartig nie. Op 20 September 1902 het die eerste uitgawe verskyn en niteenstaande eienaar en redakteur met deportasie gedreig was onder die Krygswet en latere Vredeshandhawingsordonnansie, is die uitgawe van die blad volgehou.⁸ Toe *Land en Volk* in November 1903 van eenaars verwissel het, is Preller die betrekking van assistent-redakteur van die blad onder die nuwe naam *De Volkstem* aangebied. In hierdie pos moes hy na 1910 die beleid van genl. Botha verdedig, maar omdat hy in sy hart steeds kampvegter vir die Afrikaner was, kon hy die beleid van die Suid-Afrikaanse Party op die duur nie meer goedkeur nie. Reeds in 1918 is hy die redakteurskap van *Volksblad* in Bloemfontein aangebied⁹ maar eers in September 1925 het hy as hoofredakteur van *De Volkstem* bedank. In November 1925 word hy benoem tot hoofredakteur van *Ons Vaderland* wat later deur die Afrikaanse Pers Beperk oorgeneem is as *Die Vaderland*. Hierdie betrekking het Preller beklee tot 1936 toe hy bedank het om sy onverdeelde aandag aan die versameling van dokumente oor die Tweede Vryheidsoorlog te wy. Vir die uitvoering van hierdie taak was hy in die gunstige posisie dat hy op 1 Maart 1936 in opvolging van sir George Cory, as geskiedkundige navorser van die Unie van Suid-Afrika aangestel is.

Benewens die joernalistiek, het Gustav Preller ook presteer op ander belangstellingsterreine waarvan die vernaamste die erkenning van Afrikaans as voertaal en die navorsing en beskrywing van die vaderlandse geskiedenis was. Ten aansien van die taalstryd word Preller tereg beskou as die leier van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging in die Noorde, en het hy in antwoord op die vraag van "Onze Jan" in 1905 of dit ons erns met ons taal is, 'n reeks artikels in *De Volkstem* laat verskyn onder die titel: "Laat 't ons toch ernst wezen: Gedachten over de aanvaarding ener Afrikaanse Schrijftaal" wat tereg die manifes van die Tweede Afrikaanse Beweging genoem word. Preller was die vernaamste leier van die Afrikaanse Taalgenootskap wat op 13 Desember 1905 gestig is en medestigter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns op 1 en 2 Julie 1909. Sedert die oprigting van *Die Brandwag* in 1910 was hy eers mederedakteur en later redakteur totdat *Die Brandwag* in 1922 gestaak is.

As ywerige en geesdriftige student, navorser en skrywer van die vaderlandse geskiedenis, het Preller sy aandag hoofsaaklik aan twee uitstaande momente in die geskiedenis van die Boerevolk gewy, naamlik eerstens aan hul stryd om 'n eie woonplek en vryheid te bekom (Die

Groot Trek), en tweedens aan hul stryd om hierdie pas verowerde woonplek en vryheid te behou (Tweede Vryheidsoorlog). Reeds gedurende sy jare as joernalis het Preller se eerste historiese werke verskyn en in die jare wat daarop gevolg het, het die een na die ander werk deur hom die lig gesien waarvan die meeste waardevolle historiese werke in Afrikaans is wat vir naslaandoeleindes in latere jare onontbeerlik sou word. Selfs kort voor sy dood op 6 Oktober 1943, was Preller nog besig om te skryf en wel aan 'n werk oor die geskiedenis van die Eerste Vryheidsoorlog.

2. 'N OORSIG OOR DIE WERKE VAN PRELLER

Uit die voorafgaande kort lewenskets het die bande wat Preller veral met die Voortrekkers en die Tweede Vryheidsoorlog gehad het, duidelik geblyk. Sy liefde wat hieruit vir die geskiedenis van sy volk gespruit het tesame met sy aandeel in die taalstryd, gee aan sy werke behalwe historiese waarde, ook besondere literêre waarde. Vir hierdie omvangryke diens aan sy volk het die Universiteit van Stellenbosch hom in 1930 vereer met 'n ere-doktorsgraad in die Filosofie. Preller se verdienstelikheid is ook in die buiteland erken deur die aanbieding van lidmaatskap deur die Historische Genootskap van Utrecht sowel as dié van die Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden.

Die ywer waarmee Preller gewerk het, kan die beste gestaaf word deur 'n kort oorsig van sy werke te gee.

Behalwe *Onze Krijgsofficieren* (1903) en *De Familie Kruger* (1904) wat Preller saam met dr. Engelenburg geskryf het, het hy in 1906 'n werk getiteld *Piet Retief* laat verskyn. Hierdie werk het die skrywer as historikus bekend gemaak. Behalwe die wat reeds genoem is, het die volgende werke van sy hand verskyn:

Agt Jaars Politiek (1910), waarin die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Nasionale Party vanaf 1902 tot 1910 beskrywe word.

Baanbrekers (1915), wat later herdruk is in *Oorlogsoormag en ander Sketse en Verhale*.

Kaptein Hindon (1916), 'n werk wat hy sonder enige vergoeding persklaar gemaak het en waarvan die inkomste aan sy ou vriend wie se dagboek hy verwerk het, gegaan het.

Dagboek van Louis Trichardt (1836-1838) (1917), wat hy in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns met 'n skitterende inleiding en verklarende aantekeninge uitgegee het.

Voortrekkermense (vier dele) (1918—1925), 'n versameling dokumente waarvan sommige waarskynlik verlore sou gegaan het was dit nie vir die tydige optrede van Preller nie.

Generaal Botha (1919), 'n werkie oor die persoon vir wie Preller 'n diepe bewondering gekoester het. Later is dit gedeeltelik herdruk in *Historiese Opstelle*.

Oorlogsoormag en ander Sketse en Verhale (1923), hoofsaaklik sketse oor en verhale van ware gebeurtenisse uit die Tweede Vryheidsoorlog.

Die Retief-Dingaan-Ooreenkoms, in die annale van die Universiteit van Stellenbosch (1924), waarin die redevoering van sir George Cory aangaande die egtheid van die Retief-Dingaan-Ooreenkoms gepubliseer is en waarin Preller die egtheid van die dokument bo alle twyfel vasgestel het.

Voortrekkerwetgewing, Notule van die Natalse Volksraad (1839—1845) (1924), wat ook van 'n inleiding en verklarende aantekeninge voorsien is en in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns uitgegee is.

Historiese Opstelle (1925), 'n bundel opstelle oor verskeie geskiedkundige sake waarin Preller onder andere sy beskouing oor *Geskiedenis* as sodanig weergee.

Hoe ons aan Dingaansdag kom (1928), die verslag van Jan Bantjes, sekretaris van Andries Pretorius, oor die Wenkommando, wat later herdruk is in *Voortrekkermense VI*.

Sketse en Opstelle (1928).

Die Grobler-moord (twee dele) (1930).

Ons Goudroman (1935), wat ook in Engels vertaal is en verskyn het onder die titel *Argonauts of the Rand*.

Nadat Preller uit die joernalistiek getree het om sy lewe te wy aan geskiedvorsing en geskiedskrywing, het daar tussen die jare 1936 en 1942 gemiddeld byna twee werke per jaar van Preller verskyn, naamlik:

Daglemier in Suid-Afrika (1937), waarin getrag word om 'n oorsig oor die geskiedenis van Suid-Afrika te gee, en wat ook in Engels onder die titel *Day-dawn in South Africa* verskyn het. Hierdie werk en *Ons Goudroman* is in vergelyking met die standaard wat Preller in sy ander werke handhaaf, sekerlik sy swakste werke.

Andries Pretorius (1937), 'n biografie van die kommandant-generaal wat eintlik 'n vervolg op *Piet Retief* vorm.

Ons Parool (1937), waarin hy sy herinneringe aan sy krygsgevangenskap in Brits-Indië te boek gestel het.

Voortrekkermense V en VI (1938), 'n vervolg op en voltooiing van die reeks wat saamval met die Voortrekkereuefees van 1938.

Ou Pretoria (1938), 'n saaklike verhaal van die stad se Voortrekkerperiode.

Dagboek van Kommandant Gideon Scheepers (1938).

Geskiedenis van die Kruger-standbeeld (1939).

Voortrekkers van Suid-wes (1941).

Talana (1942), 'n werk uit die Tweede Vryheidsoorlog.

In 1919 het Preller ook nog saam met C. J. Langenhoven *Twee Geskiedkundige Opstelle* die lig laat sien en voor sy dood was hy besig met 'n werk wat hy sou noem *Ons Eerste Goudoorlog*.

Uit hierdie oorsig van sy werke is dit duidelik dat Preller die vugbaarste en mees gelese Afrikaanse geskiedskrywer was¹⁰ en seker die grootste gesaghebbende op die gebied van die Groot Trek. Benewens

bogenoemde werke is daar in 'n groot aantal Afrikaanse sowel as Engelse blaaie geskiedkundige artikels gepubliseer wat Gustav Preller op versoek van die onderskeie redaksies geskryf het.

3. PRELLER SE BIOGRAFIEË UIT DIE TYDPERK VAN DIE GROOT TREK.

Na Preller se terugkoms uit ballingskap was sy ontnugtering oor en teleurstelling in die nuwe Britse bewind sodanig dat hy aanvanklik geen hoop vir die toekoms van sy land en volk gesien het nie. Hierdie wanhoop is egter spoedig vervang met ywer om sy volk met ideale te besiel en hul oë op die toekoms van die Afrikanervolk te vestig. Benewens beywering vir die erkenning van Afrikaans, het Preller langs die moei-same weg van die historikus probeer om sy volk bekend te maak met hul nasionale verlede, om hulle daarop trots te maak en hulle te leer om hul besieling vir die toekoms daaruit te put. Omdat die verwoesting van die pas afgelope oorlog nog te rou in almal se harte gelê het en omdat bronne daarvoor nog nie vry algemeen beskikbaar was vir die navorser nie,¹¹ het Preller hom eers tot die ander groot gebeurtenis in die volks-geskiedenis gewend, naamlik die Groot Trek.

Die behoefte aan 'n historiese fundering van die Afrikaner se lewens-uitkyk, het saamgeval met die nasionale selfbewuswording en die ontstaan van 'n Afrikaanse nasionalisme.¹² So was dit dan ook nie Preller se doelstelling by die skrywe van die artikelreeks wat tussen 13 Desember 1905 en 6 Januarie 1906 in *De Volkstem* begin verskyn het onder die titel "Piet Retief: Lewenskets naar nieuwste gegewens bewerkt", om 'n historiese bydrae te lewer nie maar om te wys wat met Afrikaans as taal gedoen kan word.¹³ Juis in hierdie tydperk, pas na 1902, het die behoefte aan publikasies oor Afrikaanse volkshelde sterk na vore gekom as verzet teen die verengelsingsbeleid van lord Milner. So ook teen die volksvreemde geskiedenis wat op skool geleer moes word.¹⁴ Die wye belangstelling wat Preller se artikelreeks oor Retief uitgelok het, het daartoe gelei dat 'n "enigzins verbeterd en aangevuld" herdruk daarvan op 4 April 1906 te koop aangebied is onder die titel *Piet Retief* (121 pp.). In 1911 verskyn die sewende druk in 'n meer uitgebreide en baie vollediger vorm. O.a. bevat hierdie sewende uitgawe nuwe gevolgtrekkinge oor die moord en die aanleidende oorsake daartoe wat gebaseer is op deurtastender bronnestudie.¹⁵ Steeds het Preller op soek gebly na nuwe gegewens selfs in argiewe in Nederland en New York, Kaapstad en Grahamstad¹⁶ en kon die 10de druk van *Piet Retief* in 1930 op verskeie belangrike punte aangevul en uitgebrei word.

Hierdie werk waarvan die 10de druk die vyftienduisendste eksemplaar bevat het,¹⁷ is deur duisendtalle oor die hele land gelees want dit was die eerste werk wat oor die Afrikaanse volk vir die Afrikaanse volk in die Afrikaanse taal deur 'n Afrikaner geskrywe is. Een van die grootste verdienstes van hierdie werk van Preller is dat dit die eerste lewensbeskrywing van 'n trekleier was wat op 'n deeglike bronnestudie gebaseer is. Dat Preller geen moeite of onkoste ontsien het in sy bronnestudie nie, getuig die feit dat sy bronneversameling berigte, mondelinge vertellings, beelde, skriftelike berigte soos genealoë, biografieë, annale, ge-

denkskrifte, dagblaaië en oorblyfsels uit die verlede soos argiefstukke, gedenkstukke en uiteensettinge en ook talle gepubliseerde boeke bevat het.¹⁸

Dat Preller die gegewens wat in voorgenoemde bronne vervat is nie sondermeer as waar aanvaar het nie, blyk uit sy werkwysë waar hy uit versprekende dokumente probeer vasstel hoeveel mense die eerste maal saam met Retief na Port Natal en Dingaan gegaan het,¹⁹ sowel as uit sy hantering van die verklarings van verskillende persone oor die oorsake wat aanleiding gegee het tot die moord op Retief en sy makkers.²⁰ Die allerbeste en mees uitstaande voorbeeld van sy bronnekritiek is ongetwyfeld te vinde in die rede wat hy in 1924 in 'n ope debat met Cory in Stellenbosch gevoer het oor die egtheid van die Retief-Dingaan-Traktaat,²¹ waarin hy op oortuigende en onweerlegbare wysë die egtheid van die dokument aangetoon het.

In sy lewensbeskrywing van Piet Retief erken Preller self dat daar weinig bekend is oor Retief se lewe voordat hy aktief aan die publieke lewe begin deelneem het.²² Preller slaag tog daarin om uit die skrale gegewens wat hy tot sy beskikking gehad het²³ 'n beeld van die jong man en sy lewe te skets en gee daarna besonderhede oor Retief se probleme met die Kaapse regering oor boukontrakte wat hy weens sy diens as kommandant tydens oosgrensprobleme nie kon volvoer binne die bestemde tyd nie. Die beskrywing van die teenstelling tussen 'n patriotiese Retief en 'n verwaterde luitenant-goewerneur Stockenström bevat etlike uittreksels uit die briefwisseling tussen hulle. Die vermenging van bronne met die teks²⁴ van 'n verhaal is verwarrend, maar hier is dit deur Preller gebruik om 'n duidelike beeld van Retief se karakter, sy eerlike bedoelinge en sy vurige vaderlandsliefde te gee.²⁵

Vir Preller was die landsverhuising veel meer as net 'n daad van enkele trekkeiers — dit was 'n volksbeweging waaraan duisende mede-Afrikaners om dieselfde rede deelgeneem het, naamlik om vry te wees van al die verdrukking waaronder hulle moes ly en met dieselfde doel, naamlik om 'n behoorlike regering in die lewe te roep.²⁶ Gebeurtenisse van die Groot Trek is vir Preller die “opkomsgeskiedenis van ons nasie, daarin wortel die vraagstukke en lewenskweptes wat iedere dag van ons lewe vlak voor ons staan”.²⁷ Hierdeur word die biografie eintlik 'n werk wat meer oor eietydse sake as die verlede handel — probleme wat deur Preller in die Groot Trek en veral Retief terugprojekteer word. Die bewering dat die Boere die Kolonie verlaat het omdat hulle nie onder die Engelse vlag wou bly nie, of omdat hulle 'n bandelose lewe wou lei, of omdat hulle ontevrede was oor die vrystelling van die slawe, word deur Preller oortuigend weerlê deur sy nugtere uiteensetting van die grens-toestande pas voor die Trek en deur die publikasie van 'n vertaling van die manifest wat Retief op die vooraand van sy vertrek uitgevaardig het.²⁸

Preller se beskrywing van die gebeure tydens Retief se trek oor die Vrystaatse vlaktes toon hoedat Retief probeer het om die ontevrede Trekkers onder Potgieter en Maritz te versoen; hoe hy in sy verkiesing tot leier van die gehele trek die hand van God herken en hom tot God “wend vir krag en genade om die vertrouë wat in hom gestel was, ten uitvoer te lê in belang van die algemene welsyn”.²⁹ Preller se saaklike

beskrywing van die persoon van Retief³⁰ is 'n voortrefflike beeld van die Voortrekkerleier. In hoofstuk XI word die leser aan die hand van korrespondensie van Retief met die Kaapse regering, getoon dat Retief die hede met heldere insig verbygekyk het waar hy saam met Maritz as verkose leiers van die Natalse trek, op 21 Julie 1937 namens die Trekkers verklaar dat hulle volkome onafhanklik is van die gebied en die regering wat hulle verlaat het, maar die hoop uitspreek dat hulle hartlik sal saamwerk.³¹

Die gebeure tydens Retief se besoek aan Port Natal word deur Preller aan die hand van noukeurige bronnestudie geëvalueer en lei tot uitsprake dat daar nie veel waarde aan die welkomsadres wat Retief daar ontvang het, geheg kan word nie³² en dat die Engelse se aanspraak dat die Victoriastreek om die baai aan hulle verkoop is, waardeloos is. Die beskrywing van Dingaen en die aanleiding tot die moord op Retief en sy makkers berus ewe-eens op deeglike bronnestudie, en wat telkens by beskikbaarwording van nuwe bronne weer geëvalueer is, is nie deur die gebruik van nuwe bronne verander nie, maar "word veeleer versterk deur verskeie tot hertoe onbekend geblewe besonderhede..."³³ Kritici van Preller se gevolgtrekking dat Gardiner se houding voor en tydens die aankoms van die Voortrekkers in Natal baie tot die moord op Retief bygedra het,³⁴ is deur Preller gedaag om die teendeel te bewys op grond daarvan dat hulle ook soos hy, na die bronne sal moet gaan en daaruit nie tot ander gevolgtrekkings sal kan kom nie.³⁵

Preller verleen aan hierdie werk 'n literêre effek deur die spanning te laat oploop deur die "voorgevoel" wat daar by die Voortrekkers bestaan het oor Dingaen se planne met die Boere, teen die selfversekerde vertroue van Retief in die bedoelinge van Dingaen af te speel. Die moordtoneel herleef werklik by die lees van Preller se dramatiese beskrywing daarvan wat eindig met die woorde: "Retief --- troue, moedige Retief, regskape, opregte Afrikaner, siel van die aankomende Afrikanernasie:— sy marteling moes die onmenslikste gewees het van almal".³⁶ Daarna volg die moord op die Treklaers waarvan Retief die bevel voor sy dood aangehoor het.

Hierdie werk waarin Preller verbygaande episodes tot in die fynste besonderhede uitpluis, gee vir die leser nie net 'n kyk op Retief nie, maar inderwaarheid op die lewe tydens die Groot Trek. Die werk is eerder 'n geskiedenis van die Groot Trek tot met die Slag van Bloedrivier as 'n biografie.³⁷ Die grootste verdienste van hierdie eerste van 'n reeks werke oor die Groot Trek lê sekerlik daarin dat Preller die Groot Trek as 'n nasionale beweging gesien het en dat hy hierdie geskiedenis nasionaal vertolk het. Daardeur het hy aan 'n ontwortelde volk wat sy onafhanklikheid pas verloor het, die historiese en nasionale ankerpunte gegee waarna hulle gesoek het.³⁸ Daarom dat hy die klem sterk laat val het op die *betekenis* van die Trek vir die Afrikaners en veral op Retief se plek daarin.

Hoewel Preller se werk oor *Andries Pretorius* eers in 1937 verskyn het, het hy reeds in 1914 vir C. Bird van die Natalse Argief en in 1918 vir John Henderson van Pietermaritzburg, versoek om hom van bronne te voorsien ter aanvulling van sy bronnestudie in die argiewe van Pretoria en die Kaapkolonie in sy navorsing oor hierdie Voortrekkerleier.

Andries Pretorius berus dus op uitgebreide bronnestudie asook herinneringsgetuienis van ou Voortrekkers, soos blyk uit Preller se uitgebreide korrespondensie³⁹ waarby hy geen moeite ontsien het om alle moontlike informasie en portrette te bekom en selfs historiese plekke besoek het nie.

Die eindresultaat van hierdie jarelange arbeid was byna 500 bladsye onder die titel *Andries Pretorius* wat nie net suiwer 'n biografie van dié Voortrekkerleier is nie, maar 'n geskiedenis van die lotgevalle van die Trekkers in die binneland van Suid-Afrika vanaf die Slag van Bloedrivier tot na die Sandrivier- en Bloemfonteinkonvensies in 1852 en 1854 onderskeidelik. Hierdie twee werke bevat saam 'n betreklik volledige geskiedenis vanaf die eerste roeringe in die Kaapkolonie tot en met die afsluiting van die Groot Trek in 1852 en 1854 toe die Trekkers se ideaal van onafhanklikheid bereik is met die totstandkoming van die twee onafhanklike Boere-republieke.

Net soos in *Piet Retief* staan in *Andries Pretorius* die vryheid sentraal en word Pretorius se lewe 'n stryd om dít te behou of te verkry. In sy ywer om hierdie stryd in sy eie tyd ook voort te sit, is Preller weer oorgegee aan sy held wat hy met talle subjektiewe uitsprake, morele oordele en veroordelings teen sy vyande, verdedig sonder om werklik in te gaan op die motiewe agter die daede van hierdie vyande.⁴⁰ In sy beskrywing van die oorsake van die Groot Trek het Preller tereg die ideële beklemtoon, maar in sy ywer om hierin die nasionale te beklemtoon en nadruk op die ingebore vryheidsdrang van die Trekkers te lê, het hy nie toereikende aandag aan die materiële oorsake van die Trek gegee nie.

Net soos die eerste uitgawes van *Piet Retief* bevat *Andries Pretorius* ook weinig gegewens oor dié trekleier se lewe en ervarings in die Kaapkolonie wat as voorbereiding gedien het vir die groot werk wat hy in die noorde moes gaan verrig. Preller toon duidelik aan dat Pretorius besluit het om te trek reeds voor die noodroep vanuit Natal hom bereik het.⁴¹ Hy gaan vervolgens voort om die spoed en deeglikheid waarmee Pretorius voorbereidings getref het om Dingaan te straf te beskryf en gee vir ons die volledigste en mees realistiese beskrywing van die Slag van Bloedrivier wat tot dusver gedoen is.⁴² Sy beskrywing van die totale vernietiging van Dingaan se mag en die bevestiging van Panda as die nuwe Zoeloe-koning, berus op deeglike bronnestudie⁴³ en bring hom tot die slotsom: "Retief se droom was sodoende meer as vervul. Sy mense had wettige besit erlang van die ganse Natal en Zululand..."⁴⁴

Pas hierna egter het die Engelse bemoeienis in Natal uitgeloop op die anneksasie van die gebied in 1843, en Preller toon hoedat Pretorius na die beste van sy vermoë met die Engelse probeer saamwerk het totdat hul gelykstellingsbeleid tussen Swart en Wit dit vir hom ondraaglik maak het om langer daar te bly. Pretorius gaan vestig hom dan op sy plaas naby die latere Pretoria waar hy later die oproep ontvang om die Vrystaters te gaan lei in hul protes teen sir Harry Smith se anneksasie van die gebied suid van die Vaalrivier. Na die neerlaag by Boomplaats keer Pretorius terug na Transvaal waar hy te midde van groot onenigheid, diplomatieke onderhandelinge met die Engelse regering aanknoop wat op 16 Januarie 1852 met die ondertekening van die Sand-

rivierkonvensie, uitloop op die erkenning van die onafhanklikheid van Transvaal. Preller toon die belangrikheid van dié konvensie vir die toekoms baie duidelik aan en hoe Pretorius die weg daartoe sorgvuldig voorberei het.⁴⁵

Dat Preller nie net op groot gebeurtenisse gelet het nie, maar ook aan die klein dingetjies volledige aandag gegee het, blyk duidelik in die mooi beskrywing van die versoening tussen Potgieter en Pretorius in die jaar voordat hulle albei kort namekaar in 1853 oorlede is.

Die werk is, net soos *Piet Retief*, veel meer as 'n blote lewensbeskrywing van Andries Pretorius — die leser maak kennis met talle byfigure en belangwekkende gebeurtenisse — en getuig van grondige kennis en diepe insig in die leefwyse en gedraging van die Trekkers. Hierdie hantering van die biografie deur Preller hang miskien saam met sy geskiedenisopvatting dat dit nie die groot manne is wat die geskiedenis maak nie, maar die massa; dat die groot manne uiterlik hul name aan gebeurtenisse gee en die name hoogstens geskikte opskrifte vir hoofstukke uit die geskiedenis is.⁴⁶

4. PRELLER SE BRONNEPUBLIKASIES

Preller se moeisame arbeid ten aansien van bronneversameling en -studie vir sy biografieë oor Retief en Pretorius het hom met massas ongepubliseerde eerste- en tweedehandse bronne wat met die Groot Trek in verband staan, gekonfronteer. Benewens sy veelvuldige bedrywighede het hy die nodige tyd ingeruim om ook hierdie bronne te orden en in verskeie publikasies vir die nageslag te bewaar. Die meeste van hierdie bronne was nie-amptelike bronne wat hy met die grootste omsigtigheid moes evalueer na die betroubaarheid en juistheid daarvan.

Die eerste van hierdie bronnepublikasies was die *Dagboek van Louis Trichardt (1836—1839)* wat in 1917 in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns verskyn het en in 1938 as 'n tweede en verbeterde uitgawe in "Ons Geskiedenis-serie" van die Nasionale Pers verskyn het. Preller gee self 'n uiteensetting van die waarde van hierdie dagverhaal in sy voorwoord.⁴⁷

Die oorspronklike dagboek bestaan uit twee dele.⁴⁸ Preller het van die eerste 'n noukeurige kopie gemaak op 'n tydstip toe daar van die tweede reeds drie kopieë bestaan het.⁴⁹ Preller het sy kopie voorsien van 'n lang inleiding met verklarende aantekeninge in die vorm van voetnote waarin hy nie alleen besonderhede aangaande die aanleiding tot die publikasie van die teks, die herkoms van die teks, bestanddele van die teks, aard, doel en strekking daarvan, afskrifte wat daarvan bestaan, die gebruik van die afskrifte en die behandeling van die teks nie, maar in allerhande interessante afwykings en uitweidings die geskiedenis van naturelestamme en ander dinge wat terloops in die dagboek genoem word, behandel en uiteensettinge en beskrywinge gee van gebeure en persone wat in die dagboek voorkom. In hierdie inleiding gee hy ook 'n breedvoerige beskrywing van die reëls wat hy gevolg het en metodes wat hy toegepas het in sy persklaarmaking van die publikasie. Desnieteenstaande het daar tog enkele foute ten aansien van die terrein waar-

langs die Trichardt-trek gegaan het en die inboorlinge wat hulle teekom het, ingesluit.⁵⁰ Uit hierdie inleiding word dit duidelik dat, waar ander historici se belangstelling gelê het in die presiese trekroete van Trichardt, die belangrikheid van die dagboek vir Preller veral in kennis van sy volk en hul vryheidsin geleë is. Trichardt se trek was vir Preller 'n "verkenning vir die Afrikaner — van die Vryheid en die see" en hy sien daarin ook "die eie vrye Bestemming" van sy nasie.⁵¹

In 1924 het *Voortrekkerwetgewing, Notule van die Natalse Volksraad (1839—1845)*, ewe-eens in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, verskyn. Preller het ook hierdie werk van 'n deeglike inleiding voorsien waarin hy besonderhede verstrekk oor die bestanddele, toestand en herkoms van die teks, en rekenskap gee van sy behandeling daarvan. Deur sy insluiting van die afdeling wat handel oor "Voorafgaande Wetgewing" toon Preller oortuigend aan "dat die Boere-wetgewing onafgebroke voortgeduur het van die eerste Voortrekker Volksraad, wat genl. Potgieter op 2 Desember 1836 laat kies het, tot aan die laaste aanhegting van Transvaal in 1900"⁵² in 'n poging om die aantyging dat die Trekkers getrek het om wetteloos te gaan lewe, weer eens te weerlê.

Met hierdie publikasie het Preller bronne aan navorsers beskikbaar gestel vir die bestudering van die godsdienstige, maatskaplike en staatkundige lewe van die Voortrekkers, gegewens insake staatkundige inrigtings en grondwetlike opvattinge wat in daardie jare gehuldig is asook die Trekkers se houding teenoor die naturelle.

Tussen 1918 en 1938 het Preller se *Voortrekkermense* in ses bande verskyn. Die publikasies bestaan uit oorspronklike dokumente wat Preller in 'n groot mate ook in sy biografieë verwerk het. Die meeste van hierdie dokumente is weer eens deur Preller van verduidelikende inleidings voorsien terwyl die teks toegelig is met verklarende aantekeninge waarin die betroubaarheid van gegewens geëvalueer word. Laasgenoemde was nodig omdat heelwat onjuisthede in die getuienis van diegene wie se herinnerings in die bundels te boek gestel is, ingesluit het. Benewens die algemene waarde van hierdie bronnepublikasies deur Preller, het dele daarvan besondere waarde verkry daar enkele van die oorspronklike dokumente deur die jare verlore geraak het. So byvoorbeeld, moes Preller 'n afskrif deur Ds. H. F. Schoon van Erasmus Smit se dagboek gebruik en is die oorspronklike handskrif van Anna Steenkamp se gedenkskrif eers opgespoor nadat Preller die gedenkskrif aan die hand van die brosjure (Uit Dagen van Stryd) wat in 1899 deur die Volkstem besorg is, in sy *Voortrekkermense II* gepubliseer het. Hoewel die oorspronklike handskrif veel van die brosjure verskil, het Preller nooit sover gekom om sy weergawe daarvan te hersien nie aangesien *Voortrekkermense II* nooit 'n tweede druk beleef het nie.

In *Voortrekkermense III* maak Preller met aanvullings uit nuutontdekte dokumente, gebruik van herinneringe van ou mense oor Voortrekkerpersoonlikhede soos dit deur Odé⁵³ opgeteken is en in die Staatsargiefbewaarplek in Pretoria gedeponeer is. In voetnote gee Preller besonderhede van historiese kritiek-arbeid ten aansien van die waarde en betroubaarheid van gegewens in die herinneringskrifte.

Die eerste vier bande van *Voortrekermense* het kort na mekaar verskyn (tussen 1917—1925) en vorm 'n geheel oor die Groot Trek. Die gewens daarin is deur Preller in sy biografie oor Retief verwerk. Bande V en VI verskyn eers tydens die Eeufeesjaar (1938) in “Ons Geskiedenis-serie” en vorm 'n voortsetting en voltooiing van die werk waarmee in die eerste vier bande 'n begin gemaak is. Hierdie twee dele bevat bronne wat Preller met vrug in sy *Andries Pretorius* kon gebruik veral ten aansien van Pretorius se verblyf in Natal. Hoewel daar heelwat foute in sy vertaling van Carl Behrens se dagboek uit Duits, voorkom, is dit maklik kontroleerbaar aangesien die oorspronklike teks die tweede deel van *Voortrekermense V* vorm.

Die sesde band bevat 'n hele aantal dokumente uit die tydperk tussen Januarie 1838 en Februarie 1853, waarvan enkele briewe uit amp telike dokumenteversamelings van Pietermaritzburg, Bloemfontein en Kaapstad kom, maar die oorgrote meerderheid oorgeneem is uit “onse oudste koerantleggers, en veral uit dié van *De Zuid-Afrikaan, Kaapstad*”.⁵⁴ Wat veral van band V en in 'n mate ook in band VI opvallend is, is die totale afwesigheid van voetnote, verwysings en verklarende aantekeninge. Hoewel Preller in 1933 die belangrikheid van 'n register of bladwyser vir plaas- en persoonsname afsonderlik by bronnepublikasies in 'n artikel uiteengesit het,⁵⁵ het hy self nie konsekwent daarby gehou nie. Asof hy eers later tot hierdie insig gekom het, bevat die eerste drie bande van *Voortrekermense* registers waarin plaas- en persoonsname deurmekaar voorkom, ontbreek so 'n register totaal by deel IV, maar voldoen dele V en VI aan die vereistes wat Preller in die verband in sy artikel gestel het.

Nieteenstaande gebreke en tekortkominge daarin, is en bly hierdie bronnepublikasies een van die grootste bydraes van Preller tot die Suid-Afrikaanse historiografie. “Nie alleen het Preller deur sy tydige optrede verhinder dat baie van die herinneringe en verklarings saam met die deponente daarvan begrawe is nie, maar hy het hierdie groot aantal bronne (eerste- sowel as tweedehands) binne maklike bereik van elkeen gebring”.⁵⁶

5. LEEMTES IN DIE WERKE VAN PRELLER

As wetenskaplike navorser staan Preller hoog aangeskryf. Hy was 'n outodidak wat veel moeite gedoen het om hom vir sy taak te bekwaam. Sy werke is byna deurgaans goed gedokumenteer, en die bronnepublikasies voorsien van deeglike inleidings met kommentaar oor die teks en die outeur. Sy kritiese vermoë het duidelik aan die lig gekom in sekere van sy geskrifte waar hy oor omstrede onderwerpe soos die egtheid van die Retief-Dingaan-ooreenkoms handel. Tog vertoon Preller se werke enkele leemtes. Hier word 'n paar daarvan behandel.

Vroeër is reeds vermeld dat Preller soms uittreksels uit bronne in die teks vervleg het. In sulke gevalle verwys hy nie na 'n bron nie, maar vermeld die bron in die teks.⁵⁷ Op enkele ander plekke in *Piet Retief* is die dokumentering ietwat vaag wat kontrole bemoeilik asook verdere naslaanwerk.⁵⁸

'n Verdere leemte is dat aanhalings uit dokumente in vertaalde vorm gegee word⁵⁹ sonder vermelding dat dit vertaal is en deur wie die vertalings gedoen is. Sodanige gebruik pas deeglik in by Preller se doelstelling met die werk, maar doen afbreuk aan die wetenskaplikheid daarvan en noodsaak latere navorsers om weer die oorspronklike bronne te raadpleeg.

'n Verdere leemte wat nie net in *Piet Retief* te vinde is nie, maar ook in *Andries Pretorius*, is die afwesigheid van 'n deeglike studie van die Engelse koloniale beleid van die negentiende eeu. Uit hierdie werke van Preller is dit onmoontlik om die Britse beleid teenoor die Trekkers te begryp. Daar moet egter kennis geneem word daarvan dat dokumente van die Colonial Office wat bewaar word in die Public Record Office, Londen,⁶⁰ nie tot Preller te beskikking was nie.

Gegronde kritiek teen die werk van Preller is dat hy in hoofstuk I van *Andries Pretorius* die oorsake van die Groot Trek terugvoer verby die vryheidsoekende Hugenote na die volksverhuising van die ou Germane in Europa en 'n noue verband tussen die twee trekbewegings konstateer.⁶¹ 'n Paar bladsye verderaan gaan hy in hierdie trant voort en beweer dat die laerstelsel wat deur Retief gebruik en deur Pretorius verbeter is, deur die Boere "oorgeërf" is van genl. Theodorik van die Germane, vyftienhonderd jaar vantevore.⁶² Hoewel beide hierdie parallelle vergesog en nie aanvaarbaar is nie, toon dit weer eens Preller se naarsigter ywer om die beskuldiging dat die Trekkers hoofsaaklik getrek het om hul landhonger te bevredig, om 'n lekker lewe te gaan soek, om bandeloos te kan lewe, of om allerlei ekonomiese redes, te weerlê.

'n Ander leemte wat in *Andries Pretorius* sowel as in *Piet Retief* op te merk is, is dat Preller in sy ywer om die ideële en die nasionale te beklemtoon deur die nadruk op die ingebore vryheidsdrang van die Trekkers te lê, dit nagelaat het om voldoende aandag ook aan die materiële oorsake van die Trek te skenk. 'n Uiteensetting van die ideële oorsake as enigste oorsaak van die Groot Trek kan nie volledig wees sonder 'n grondige studie en uiteensetting van die materiële oorsake nie.

Telkemale egter val Preller in die versoeking om in besonderhede in te gaan op sake wat hom interesseer maar wat nie veel met die gang van die verhaal te doen het nie.⁶³ Aan die anderkant gee hy onvoldoende aandag aan sake wat deur ander historici onduidelik gestel is, soos byvoorbeeld die skadevergoeding wat deur die Volksraad van Natal van die Zoeloes geëis is wat deur Engelse skrywers as bedekte plunder en roof bestempel is.⁶⁴ Ook Pretorius se stryd met die Volksraad beide in Natal en Transvaal, geniet nie die aandag waartoe Preller met die bronne tot sy beskikking instaat was nie en hoewel die werk oor Andries Pretorius handel, word die nodige erkenning vir die aandeel van Potgieter in die vestiging van die blanke gemeenskappe in die Vrystaat en Transvaal, weerhou.

Gebruikmaking van hierdie werk vir naslaandoeleindes word moeilik deur die feit dat Preller dikwels net die dag en maand van 'n gebeurtenis vermeld en die jaartal weglaat. Net soos in *Piet Retief* is daar ook in die biografie oor Pretorius onduidelike en vae voetnotas⁶⁵ en word die bronne dikwels in die teks ingevleg eerder as om na hulle in voetnotas te verwys.⁶⁶

Benewens bogenoemde leemtes in die werke van Preller, dien daar ook aandag geskenk te word aan foutiewe bronnegebruik deur hom. As voorbeeld word vermeld Preller se gebruik van 'n brief van Pretorius aan enkele here onder die datum 12 Februarie 1847. Hierdie verwysing is te vinde op bladsy 317-318 van Preller se *Andries Pretorius*.⁶⁷ Die datum van die dokument soos gepubliseer in „Voortrekker Argiefstukke, 1829-1849” is 12 Februarie 1847⁶⁸ maar in 'n voetnoot wat hierdie bron vergesel, wys die samestellers van die bronnepublikasie daarop dat die jaartal 1849 moet wees. Preller wend die brief egter onder sy oorspronklike datum aan met die gevolg dat daar 'n aantal logiese onjuisthede in sy teks insluit.

Hierdie enkele blyke van onwetenskaplikheid het ongelukkig tot gevolg dat die wetenskaplike en noulettende leser genoodsaak sal voel om al Preller se voetnotas te ondersoek om die waarheid en betroubaarheid daarvan vas te stel. Dit is jammer dat Preller in hierdie werk oor Andries Pretorius afwyk van die wetenskaplike standaarde wat hy in sy ander werke en veral sy biografie oor Piet Retief, gehandhaaf het.

6. TEN BESLUITE

Die kritiek teen Preller moet nie te skerp gestel word nie want dit moet gedurig in gedagte gehou word dat Preller geen opgeleide historikus was nie. Hy het begin skryf toe die historiografie in Suid-Afrika op 'n baie lae peil van ontwikkeling gestaan en die argiewese veel te wense oorgelaat het. Wat hy van geskiedenis en geskiedkundige navorsing gewet het, het hy homself geleer deur heelwat Duitse en Franse vakkundige boeke te raadpleeg. Preller is tot hierdie historiese arbeid aangespoor, nie alleen deur sy vurige begeerte om meer van die historiese verlede van sy eie Afrikaanse volk te wete te kom nie, maar ook „deur die drang om sy volksgenote op die groot verlede te wys”.⁶⁹

Preller het die argiewe nie dikwels besoek nie. Daarvoor het sy daaglikse sleurarbeid as koerantman hom te besig gehou. Tog is sy werke gegrond op deeglike bronnestudie in soverre hy die bronne in die hande kon kry. Hierdie gegewens het hy verkry uit verklarings en herinneringe van ou mense, wat hy self opgeteken of laat opteken het, uit dagboeke, uit gepubliseerde dokumente. Daarbenewens het hy in elke argiefsentrum van ons land en selfs in die buiteland, persone gehad wat vir hom die dokumente wat in verband gestaan het met die onderwerp onder behandeling gekopieër het. So 'n prosedure is gewaagd vir 'n historiese navorser aangesien sulke mense dit foutief kon kopieër en boonop belangrike dokumente as onbelangrik ter syde kon laat. Die ondersoeker staan in sulke omstandighede onder die verpligting om alle kopieë met die oorspronklike te vergelyk — 'n taak wat egter nie altyd deur Preller gedoen of vir hom moontlik was nie. Tog het Preller baie oordeelkundige gebruik gemaak van sy bronne en het sy kritiese gawe en vermoë en sy metodologiese onderlegdheid wat hy deur selfstudie verkry het, veral aan die lig gekom in sy behandeling van die *Retief-Dingaen*-Traktaat. Van die herinneringsgetuienisse, waarvan hy veelvuldige gebruik gemaak het, het hy nie alles sondermeer aanvaar nie, maar ook daarmee versigtig en krities te werk gegaan. As gevolg van dit alles staan Preller as

wetenskaplike navorser hoog aangeskrewe by die Suid-Afrikaanse geskiedskrywers, en het baie van hulle voortgebou op die fondament wat deur hom gelê is. As historikus het Preller baanbrekerswerk in Suid-Afrika gelewer.

Behalwe sy bekendstelling van die Voortrekkergeskiedenis, het Preller ook aandag gegee aan die Vryheidsoorlog waaraan hyself deelgeneem het totdat hy vier maande voor die vrede krygsgewange geneem is. Oor hierdie tydperk het daar enkele werke deur Preller verskyn (*Ons Parool; Dagboek van Kommandant Gideon Scheepers; Talana*). Maar hy was weens sy vroeë dood nie in staat om die magdom bronne wat hy oor hierdie tydperk versamel het (veral gedurende die tydperk toe hy Staats-historikus was), te verwerk in 'n formaat soortgelyk aan sy bibliografieë oor die Groot Trek nie.

Preller was by uitstek nasionale historikus en sal seker lank deur historiograwe in Suid-Afrika in herinnering geroep word — al is dit dan met meer kritiese en meer objektiewe gevoelens as dié van Harm Oost pas na Preller se afsterwe:

„Gustav Preller staan sterk in my herinnering as die begaafde, geesdriftige vertolker van 'n verknepte volk se vaste wil om nie onder te gaan in die nag van nederlaag wat op die Traktaat van Vereniging gevolg het nie. Hy was 'n getroue draer van, en 'n onvermoebare vegter vir daardie volkswil om voort te leef in weerwil van wat offisieel as volksondergang bestempel was. Die stryd het hom gemaak tot literator, digter-in-prosa, historikus. As geskiedkundige het sy werk moontlik gely onder sy strydvaardigheid as patriot, want historiese onpartydigheid was van minder belang as die openbaarmaking van die idee. As literator egter, het sy geesdrif hom gelei tot hoogtes wat latere geslagte beswaarlik op hulle volle waarde sal kan skat”.⁷⁰

-
1. Du Plessis, J. S.: Dr. Gustav Preller as historikus van die Groot Trek. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1945, p. 19. Verwys voetnoot 16 op p. 19 vir interessante bespiegeling in sake die omstandighede van hierdie aanstelling.
 2. Van As, J. H. J.: Hy het sy merk gemaak. *Ons Vaderland*, 5 Desember 1930.
 3. Ibid.
 4. Van As, J. H. J.: t.a.p.
 5. Du Plessis, J. S.: t.a.p., p. 23.
 6. Preller, G. S.: **Historiese Opstelle**. Pretoria, 1925, pp. 180-181.
 7. Beide aanstellingsbriewe hang in rame in wyle dr. Preller se studeerkamer in Pelindaba.
 8. Preller, G. S.: **Historiese Opstelle**, pp. 181-201.
 9. Du Plessis, J. S.: t.a.p., p. 26.
 10. Kruger, D. W.: G. S. Preller as Geskiedskrywer. *Koers*, Junie 1944.
 11. Van Jaarsveld, F. A.: **Lewende Verlede**, p. 81.

12. Ibid, p. 83.
13. Du Plessis, J. S.: a.w., pp. 40-41.
14. Van Jaarsveld, F. A.: a.w., p. 84.
15. Preller, G. S.: **Piet Retief**, 10de druk, 1930, pp. v-vi.
16. Du Plessis, J. S.: a.w., p. 42.
17. Van Jaarsveld, F. A.: a.w. p. 86.
18. Viljoen, J. H.: Bespreking van **Piet Retief**, Die Burger, 1 Januarie 1921.
19. Preller, G. S.: **Piet Retief**. pp. 143-144 (voetnoot 1).
20. Ibid, pp. 333 e.v.
21. Ibid, Die Retief-Dingaen-Ooreenkoms.
22. Ibid, **Piet Retief**, p. 1.
23. Vir meer gegewens hieroor, raadpleeg Franken, J. L. M.: **Piet Retief se lewe in die Kolonie**. Kaapstad, 1949.
24. Viljoen, J. H.: t.a.p.
25. Preller, G. S.: **Piet Retief**. pp. 60-68.
26. Ibid, p. 91.
27. Preller, G. S.: **Piet Retief**, p. 348.
28. Ibid, pp. 78-91.
29. Ibid, p. 97.
30. Ibid, p. 110.
31. Ibid, pp. 132-133; 140-141.
32. Ibid, pp. 152-160.
33. Preller, G. S.: **Piet Retief**, p. iii.
34. Ibid, Hoofstuk XV: Gardiner se houding; en Hoofstuk XVI: Die Eerste Besoek.
35. Du Plessis, J. S.: a.w., p. 50.
36. Preller, G. S.: **Piet Retief**, p. 277.
37. Van Jaarsveld, F. A.: **Lewende Verlede**, p. 88.
38. Ibid, p. 86.
39. Te vinde in die Staatsargief, Pretoria: P.V., verspreid in bykans 300 persoonlike lêers van Preller.
40. Van Jaarsveld, F. A.: **Lewende Verlede**, p. 91.
41. Preller, G. S.: **Andries Pretorius**, pp. 22-24.
42. Ibid, pp. 45-52.
43. Ibid, pp. 110-111.
44. Ibid, p. 119.
45. Ibid, p. 424.
46. Van Jaarsveld, F. A.: **Lewende Verlede**, p. 91. Kyk ook: Du Plessis, J. S.: **Dr. Gustav Preller as historikus van die Groot Trek**, p. 102.
47. Preller, G. S.: **Dagboek van Louis Trichardt (1836-1838)**, pp. X-XI.
48. Ibid, p. XV.
49. Du Plessis, J. S.: a.w., pp. 71-72.
50. Du Plessis, J. S.: **Dr. Gustav Preller as historikus van die Groot Trek**, p. 75. Vir meer besonderhede, kyk: Dicke, B. H.: **The Northern Transvaal Voortrekkers**, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1941, I.
51. Van Jaarsveld, F. A.: **Lewende Verlede**, pp. 88-89.
52. Preller, G. S.: **Voortrekkerwetgewing**, p. iii.
53. G. A. Odé was Staatshistorikus van die Z.A.R. sedert 1893.
54. Preller, G. S.: **Voortrekkermense VI**, „Vooraf”.

55. Preller, G. S.: Oor die publikasie van historiese bronne. **Die Nuwe Brandwag**, Februarie, 1933.
56. Du Plessis, J. S.: **Dr. Gustav Preller as historikus van die Groot Trek**, p. 94.
57. Preller, G. S.: **Piet Retief**, 10de druk, 1930, p. 8.
58. Ibid, p. 69 voetnoot 1; Theal 1834-54 bls. 54. Kyk ook pp. 73; 293.
59. Ibid, pp. 31; 32; 53; 61; 63; 66; 74; 75; 78; 87-88 edm.
60. Uys, C. J.: **In the era of Shepstone**.
61. Preller, G. S.: **Andries Pretorius**, p. 4 e.v.
62. Ibid, p. 9.
63. Ibid, Hoofstukke XII en XVII.
64. Agar-Hamilton: **The Native Policy of the Voortrekkers, 1836-1858**, p. 35.
65. Preller, G. S.: **Andries Pretorius**, p. 43 vn. 43; p. 370 vn. 21.....
66. Ibid, pp. 3, 5, 6, 8, 9.....
67. Ibid, 2de druk, 1940.
68. Pretorius, H. S. en D. W. Krüger: **Voortrekker Argiefstukke, R.119f/47**.
69. Redaksioneel: Die Transvaler, 7 Oktober 1943.
70. Oost, H.: In die skaduwee van die nederlaag, **Die Huisgenoot**, 22 Oktober 1943.

BRONNELYS

- Agar-Hamilton, J. A. J.: **The Native Policy of the Voortrekkers**. Cape Town, 1928.
- Bulpin, T. V.: **The Golden Republic**.
- Dicke, B. H.: **The Northern Transvaal Voortrekkers**. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1941, I.
- Du Plessis, J. S.: **Dr. Gustav Preller as Historikus van die Groot Trek**. (Ongep. MA. UNISA), 1945.
- Franken, J. L. M.: **Piet Retief se lewe in die Kolonie**. Kaapstad, 1949.
- Kruger, D. W.: G. S. Preller as geskiedskrywer, **Koers**, Junie 1944.
- Midgley, J. F.: **The Orange River Sovereignty, 1848-1854**. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1949, II.
- Nathan, M.: **Voortrekkers of South Africa**.
- Oost, H.: In die skaduwee van die neerlaag. **Die Huisgenoot**, 22 Oktober 1943.
- Preller, G. S.: **Andries Pretorius, Lewensbeskrywing van die Voortrekker Kommandant-Generaal**. Johannesburg, 1937.
- Preller, G. S.: **Dagboek van Louis Trichardt (1836-1838)**. Tweede verb. uitg., Kaapstad, 1938.
- Preller, G. S.: **Historiese Opstelle**. Pretoria, 1925.
- Preller, G. S.: Oor die publikasie van historiese bronne. **Die Nuwe Brandwag**, Februarie 1933.
- Preller, G. S.: **Piet Retief**. 10de druk, 1930.
- Preller, G. S.: **Voortrekkermense VI**. Kaapstad, 1938.
- Preller, G. S.: **Voortrekkerwetgewing, Notule van die Natalse Volksraad 1839-1845**. Pretoria, 1924.
- Pretorius, H. S. en D. W. Kruger: **Voortrekker Argiefstukke 1829-1849**. Staatsdrukkery, 1937.
- Redaksioneel: **Die Transvaler**, 7 Oktober 1943.
- Uys, C. J.: **In the Era of Shepstone, being a study of British Expansion in South Africa 1842-1877**. Lovedale, C. P., South Africa, 1933.
- Van As: Hy het sy merk gemaak. **Ons Vaderland**, 5 Desember 1930.
- Van Jaarsveld, F. A.: **Die Eenheidstrewer van die Republikeinse Afrikaners I**, 1951.
- Van Jaarsveld, F. A.: **Lewende Verlede**. Pretoria, 1961.
- Viljoen, J. H.: Bespreking van **Piet Retief**. Die Burger, 1 Januarie 1921.

HOE SKRYF ONS OOR ANDER?*

Dit het seker baie selde gebeur — behalwe vir oorlogmaak — dat 'n volk wat voor 'n baie ernstige bestaansprobleem uitgekom het, tot die besluit kom dat die oplossing daarvan elke man en elke vrou en elke kind se werk is. Dit is wat nou in onse Suid-Afrika gebeur, lyk dit my. Ons moet 'n bruikbare saamleefplan maak vir ons wit-bruin-swart bevolking.

Ons sien by geen ander nasie dieselfde probleem nie, en het dus geen voorbeeld om na te meet nie. Ons moet dit self reg kry. Onse owerhede in staat en Kerk het 'n breë raamwerk vir hierdie lewensbelangrike plan aangewys wat instemming by die meerderheid van die burgers gekry het. Daaraan word dan ook deur die owerhede sonder verposing gewerk.

Maar die instemmendes het daarby ook gewaar geword dat die kuns van saamleef meer as 'n goeie aangewese raamwerk nodig het; dat die beste plan vir hierdie allerfynste kuns sal misluk tensy die saamlewendes saamwerk, elk die ander se belange ken en in ag neem en so, algaande, iets gesonds en bruikbaar tot stand bring.

Een van die bevolkingsgroepe, nl. die witmense is dan ook in die begin van 'n bestudering van onderlinge belange. Dit het duidelik geword uit die onlangse Sabra-kongres op Stellenbosch.

“Wat kan elke witmens aan die saak doen?” is gevra. Wat kan die boer, die predikant, die sakeman, die onderwyser, die vrou, die politikus, die koerantman, die polisie doen? 'n Mens het gevoel dat by die witmens die vraag ontstaan het:— Is daar miskien daardie balk in my oog waarteen onse Heer so gewaarsku het, wat hinder dat ek die belange van my naaste raak sien? En hoe gemaak daarmee?

Hierdie vraag ontstaan maar selde onder ons, mensekinders.

Daarom het ek in die begin gesê: daar gebeur iets seldsaams by ons. Dit is reg dat ons stip aandag daaraan gee.

Op so 'n kongres kan altyd maar 'n deel bespreek word van die groot saak wat die mense bymekaar gebring het. Jy kon hier ook, selfs uit wat die verskillende sprekers omtrent die groepe wat hulle verteenwoordig het, gesê het, by sommige meer gegewens kry, by ander minder, volgens die mate van aandag wat elke groep reeds aan die saak bestee het. Dan is daar nog ander groepe wat nie verteenwoordig kon wees nie — soos die dokters, die verpleegsters, die winkelklerke, die kinders (wat ook aan die saak breek of bou!), die skrywers in tydskrifte en boeke.

Die bruin- en swartmense lees nou, Engels en Afrikaans; lees wat die witmense skryf. Al hoe meer kry jy by hulle fyn lesers, opgevoede mense, sommige met universiteitsgrade, gretige lesers. Hulle lees wat die witmense oor hulle wat bruin en swart is, skryf. Uit hulle groep sal waarskynlik die leiding kom vir hul mense. Dink ons wat skrywers is, genoeg aan hierdie moontlike lesers?

'n Skrywer skryf tog om gelees te word sowel as om die skryfdrange te bevredig. So al skrywende het hy onbewus voor hom — behalwe wanneer hy polemieë skryf — die lesers wat met hom saamvoel oor wat hy skryf. Dan vertel hy mos lekker! Maar dan kan hy maklik skrik wanneer hy lesers teenkom wat nie saamgevoel het nie, en wat beswaar maak. Hy sal nie altyd kan sê dat hy misverstaan word nie. Hy sal weet dat hy nie rekening gehou het met daardie lesers nie, wie se lewensondervindinge en beskouinge so anders is, en by wie daar nog, ten spyte van hul verstandelike ontwikkeling, die oorgeërfde wantroue in die Afrikaner sit. Ek dink nou aan die skrywers wat oor die swart- en bruinmense skryf.

Die Afrikaners wat oor hulle geskryf het, het selde of ooit kwetsend geskryf. Ek het nie alles van hierdie skrywers gelees nie, maar — om 'n paar te noem — in die werk van Franz oor die swartmense, in die beskrywing van die bruines van Mikro en Gert Pretorius, kry ek niks kwetsends of vernederends nie. Inteendeel, die hoofmotief van elk van dié drie is om die bande van menslikheid wat wit en swart en bruin aan mekaar en aan gesamentlike vaderland bind, aan te dui.

Maar 'n mens wonder soms wat hulle, wie se mense daar so beskryf word, daarvan dink. Ons wat Afrikaners is, weet wat die gevoeligheid van die beskrewe andersoortiges kan wees. Miskien daarom dat onse skrywers kwetsing vermy. Ek dink terug aan Olive Schreiner se *Story of an African Farm*. Daar is miskien nog ou mense onder ons wat haar nooit daarvoor vergeef het nie. Ek weet dat Langenhoven my eendag vertel het: “Ek het die boek van my af oor die vloer gesmyt. En ek het nooit weer een ding gelees wat sy geskryf het nie;”

Olive Schreiner het dit nie verdien nie. Sy was 'n kind van agttien toe sy dié boek geskryf het — in 1883 as ek dit reg het — 'n kind wat grootgeword het met die huislike reël dat een wat 'n Afrikaanse woord of uitdrukking gebruik, daarvoor gestraf word.

In haar jare van ryp volwassenheid het sy met ons saam gely in die Tweede Vryheidsoorlog. Sy het toe geweet hoe lief sy Suid-Afrika had. Dit weet ons uit haar *Thoughts on South Africa*, haar boek getitel 1899, haar gedig oor die dood van Scheepers.

Daar is seker nou nie baie mense wat *The Story of an African Farm* ken nie. Dit gaan oor die Karooplaas van 'n “Boer woman” met name tant Sannie — 'n growwe, walglike karikatuur van 'n mens. Die paar Afrikaners wat in dié boek beskryf word, is ook grof, dom, onbeskaaf. Ander persone is twee Duitsers, goeie, fyn, geestelik ontwikkelde mense, hoewel ook onpraktiese dromers; 'n baie slegte skelm van 'n Engelsman; die heldin, 'n besonder fyn Engelse meisie, en ander Engelse, almal opgevoed en goed. Al die deugde en ondeugde van die persone dik aangesmeer, soos 'n agttienjarige dit sal doen.

Tog 'n merkwaardige boek vir so 'n jong skrywer. Dele daarvan is van rypheid wat in Olive Schreiner se later werk nie oortref word nie. Dit het destyds baie aandag getrek in Engeland en later in die V.S.A., en so het die nare beeld van wat aangeneem geword het as die tipiese Afrikaner oor die Engelssprekende wêreld uitgegaan. Ek dink sy uitwerking is miskien nog van krag.

Olive, meen ek, het dit nooit besef nie. Ek het haar nie geken nie, wél van haar familie en naaste vriende, wat dit ook nie besef het nie. Maar as sy dit besef het, sou sy nie — meen ek — die pragtige, hartroerende beskrywing van 'n boervrou in haar "1899" aan ons kon gegee het nie. 'n Kunstenaar ontgroeï sy eie werk; bekyk soms sy jeugpoging met die glimlag wat 'n vader aan 'n kind sal gee. Sy later werk gee hom weer. Dit is wat tel.

Maar so was dit met *The Story of an African Farm* destyds. Daarom sê ek, 'n skrywer weet nooit wie en hoe hy gaan tref nie. Wat vir ons in hierdie boek so onvergeeflik was en so pynlik getref het, was dat die Afrikaner, wat as individu beskryf is, deur lesers, wat ons mense nie geken het nie, h'êr en oorsee, aangeneem is as *tipe*. Die afstootlike, halfgeskoolde "tant Sannie" word herhaaldelik beskryf as "the Boer woman". 'n Kwaai fout: 'n misdaad eintlik.

Laat ons wat oor andersoortige mense skryf, daarvoor oppas!

Die Burger, 11 Junie 1958.

*Dr. Hennie Aucamp het twee "mini-essays", soos hy dit noem, van M.E.R. en Gustav Preller aan die redaksie vir opname in hierdie feesnommer besorg: voorbeelde, het hy gesê, van die aktuele inslag wat hul werk steeds het. "M.E.R. skryf **betrokke**," sou 'n mens by die eerste kon aanteken; en die teks van Gustav Preller is, onder andere, 'n mooi pleidooi vir bodembewaring.

'N VAARLANDSWILGERBOOM

“Kyk wat 'n mooi rivier!” het die eerste Boere uitgeroep toe hulle hul perde inhou aan die boorde van 'n kristalheldere Transvaalse stroom wat wyd en sterk kabbelend oor veelkleurige keistene verby babbel in ondiepe bedding — so ongelyk aan ander riviere wat in die loop van die eeue diep groewe in die aarde gegraaf het om weg te kom.

“Kyk wat 'n mooi rivier!”

“Ja,” het 'n Boerseun geantwoord, terwyl hy afstyg om water te drink, “dis regtig 'n mooi rivier, ou Boet; en hoor die roerdomp daar bo in die riete raas!”

“Hier moet ons kom woon!”

“Hier sal ons 'n dorp aanlê, want hierdie water kan 'n mens maklik uithaal.”

Moorrivier had sy naam ontvang. En dit was op 'n aand in die volle somermaand November van 1837.

Die twee Boereverkenners was hul trekke vër vooruit, en het lank oor 'n kaal hoogvlakte gery wat buig onder die wild en ryk was aan soetgras, met hier en daar 'n boskoppie. En deur die rype, donkergroene beemde kronkel die silwre Mooirivier, net so kaal as die vlakte self, maar met 'n blymoedige murmeling, vrolik en welgemoed op weg na die boesem van die Vaalrivier, waar die Trekkers vandaan kom en waar die impi's van Silkaats hulle 'n jaar tevore onverhoeds oorval het.

Dit was laer af langs Vaalrivier, waar teenswoordig 'n vriendelike Parys die *Riviera* van vermoede mense uit die noordelike stede word, maar op die noordelike wal van die rivier. Daar toring onverwags 'n spits koppie uit die vlakte op, Liebenbergskoppe, waar die voorste trekke van die Voortrekkers uitgespan was die oggend toe Kalipi, die aanvoerder van die Matabele, hulle skielik oorval, en manne, vroue en kindertjies om die lewe gebring het. Van twee kinders kon die mense geen spoor weer vind nie, en jare lank het hulle in die geloof geleef dat die kinders lewendig meegevoer was na Silkaats se stad, Mosega, in Marico. Behalwe deur Kaffers en Hottentotte, het hulle nooit weer van die kinders gehoor nie.

Genl. Andries Hendrik Potgieter, aanvoerder van die trek, was uit die Vrystaat na Soutpansberg gewees om daar in verbinding te kom met die voorste van die Voortrekkers onder Louis Trichardt, en op sy terugreis na sy eie laers, in die teenswoordige Vrystaat, kom hy enige dae na die moord op die ontsettende toneel af.

Hy en die klompie mense by hom het hulle gehaas om die agterste laers te bereik en hulle gereed te maak om dit te verdedig. Die heldhaftige slag van Vegkop het daarop gevolg, die Voortrekkers het teruggeval na Blesberg, en daarvandaan 'n kommando uitgerus wat die Matabele in Marico aangeval en 'n gedugte pak slae toegedien het.

Na verloop van meer as 'n jaar trek hulle toe weer vooruit, noordwaarts, na Suikerbosrand, toe die twee manne dié aand stilhou aan die boorde van die lieflike Mooirivier.

Die trek het die volgende oggend aangekom en daar uitgespan, en genl. Potgieter en sy mense het almal gaan kyk na die mooi rivier.

Ja, hier sou hulle woon; die aarde is goed en die water volop en vlak, want Mooirivier is die jongste van ons riviere, wat iets verder na die Noorde toe skielik uit die dolomiet te voorskyn borrel en hom 'n weg baan oor die vlakke veld. Lank het Potgieter in stille bewondering na die bekoorlike stroom en die spel van die water gestaan en kyk — breedgerande hoed met groen gevoer, waaronder 'n rysige gestalte in die kleding van sy tyd: kort baadjie en ruime klapbroek. 'n Lang baard golf yf en gryserig onder die stywe hoedrand uit.

Kinders laaf hul vermoede voete in die kristalle stroom en haal onder vrolike pret blinkerige klippies uit die water te voorskyn — smaraggroen stene, deurskynende ametiste en donker fonkelende barnsteen, wat onder luidrugtige gejoel en gesnater aan “oupa” getoon word.

Een van die vroue maak die opmerking hoe jammer dit is dat die rivier so “kaal” moet wees. Vaalrivier is tog dig begroei met bome, en hoe heerlik sou dit nie wees as hier ook bome staan, in die koelte waarvan 'n mens kon sit en uitrust.

Die Voortrekker-aanvoerder het aandagtig geluister en die vrou bespe. Die mooi rivier het ander en groter voordele — kyk maar hoe maklik 'n mens die water kan uithaal — jy kan amper net 'n ploegvoor trek om dit oor die vrugbare vlakke te lei.

Maar na die vermaning rig Potgieter hom tot een van die kinders: “Andries, loop na die pakwa, anderkant ons trekwa, en kyk op die duskantse reiling lê 'n paal vasgemaak wat ons aan Vaalrivier gekap het vir die tent. Bring dit hier.”

“Dit is 'n vaarlands-wilger”, vervolg Potgieter toe die seun 'n rukkie later met 'n paaltjie daar aankom, “en” — terwyl hy dit met 'n voorwaartse beweging in die weke aarde op die wal van die stroom diep indruk — “en daar staan jou eerste koelteboom nou, my vrou!”

Daar het jare en jare oor heengegaan. Potchefstroom, wat staan vir Potgieter, chef of hoof, en die mooi rivier — is in die onmiddellike nabyheid aangelê maar later weer verlê, 'n myl of ag langs die Mooirivier af, omdat die glooiing van die land sodanig was dat hulle op die eerste plek nie voldoende grond onder water kon kry nie.

En lank daarna, toe die wêreld nog skraal bewoon en onherbergsaam was, het die reisiger daar op die wal van die Mooirivier 'n eensame wilgerboom sien staan, hoog opgewas en sterk, met skaduryke takke, maar heeltemal alleen. Verder was die oevers van die rivier slegs met riet, papkuil en matjiesgoed bewas, oor die hele twintig myl van sy loop na die Vaalrivier, terwyl stroomop die landskap nie veel anders was nie. Hier en daar 'n boskoppie, maar die wilgerboom het geen vriende of famielie in die nabyheid gehad nie en wenk alleen oor die groen land

en die kabbelende rivierstroom, 'n rigbaken uit die verte wat iedereen moes sien.

En die boer aan wie die grond later behoort het, het sy plaas ook Wilgeboom genoem, na die eensame ou kluisenaar daar op die wal van Mooirivier.

Dit was nie 'n treurwilger, soos dié waarvoor Potchefstroom in later jare bekend geword het nie, maar 'n vaarlandswilger, wat hom nie deur saad voortplant nie, en daarom so alleen gebly het.

Dit was genl. Potgieter se tentpaal gewees, wat hy meegebring het van Vaalrivier af, en die eerste koelteboom wat mensehande hier geplant het.

Die Voortrek is verby, en die kommando's het later suid- en weswaarts getrek, eers om Silkaats nog 'n keer te tuggig vir die ongetergde moorde en te soek na die verlore kinders; later om die Natalse Voortrekkers te gaan help teen die Zoeloes. En die vaarlandswilger het in eensaamheid opgewas langs Mooirivier se helder water, totdat hy naderhand uitgegroeï was en 'n groot boom geword het wat die mense van vér af kon sien. Vinke het hul kunstige nessies aan sy takke vasgevestig, en die skaapwagter het in sy koelte die hete ure van 'n lomerig luie dag deur geslaap.

Riet en ruigte het die omgewing in die somer bedek, en die gras het geil opgeskiet rondom sy knoetsige ou stam. Die winterryf het alles droog gemaak, en toe steek die boer sy gras aan die brand om 'n brand te maak vir sy skape, in die gedagte dat dit só behoort te wees en sonder om na te dink oor die onherstelbare skade wat hy doen.

En so het dit gekom dat die eerbiedwaardige ou vaarlandswilger langs Mooirivier se boorde daar sedert baie jare nie meer is nie, en sy plek hom nie meer ken nie.

Die vinke, rooi en geel en vaal, nestel nou in die riet, hoër op, waar die geheimsinnige rietvlei lê waaruit so nou en dan nog die roerdomp sy ongewone geluid laat hoor, en bygelowige mense, wat die gras en die bome in hul onwetendheid afgebrand het, laat dink aan 'n bowenatuurlike verskynsel.

„Het jy dit gehoor . . . ?” vra een met waarskuwend opgehewe wysvinger en gedempte stem.

„Die tokolosj, is dit, sê ou Stemmer,” antwoord 'n kind met wydgesperde angs-oë.

„Daar's 't weer!”

„Ja” sê die man, wat terwille van sy gesag op die veld veral g'n vrees of bygeloof mag verraai nie, „ja, daar's dit weer! Maar Stemmer is mal met sy praatjies, — dit is 'n . . .”

„Dit is 'n spook, my man,” vervolg die vrou, „hoekom hoor 'n mens dit net in die nag?”

„Ag wat, spook, spook . . .”

„Daar's dit weer!”

„Ou Temmer sê dis 'n spook, Pappie,” sê die jongste angstig aan Moeder se rokke.

„'n Spook wat dwaal omdat Pappie die ou Voortrekkerboom laat afbrand het!”

Maar dit was tokolosj nog spook. Dit is 'n eensaam oorgeblewe roerdomp wat hom af en toe laat hoor uit die ruie rietvlei, wat langsaam opdroog omdat onnadenkende mense iedere jaar die beskermende gras, riet en geboomte van die rivieroewers genadeloos, gevoelloos, roekeloos wegbrand, en ongemerk meehelp om 'n woestyn te maak van 'n sterwende wêrelddeel.

Dit is 'n seldsame voël die skugtige, geheimsinnige roerdomp, wat die Bybelvertalers, net soos die arme grasbrandende mense, verdoop het in 'n welluidende, strooihuisvolle „brulvoël”.

Miskien sal die Voortrekker-kindere van die toekoms duisend ander vaarlandswilgers wil plant in die plek van ou vader Potgieter s'n — as dit maar net nog help! Miskien sal hulle wette maak om iedere grasbrander se regteroor af te sny. En miskien, wie weet, miskien sal hulle *roerdomp* en al die ander in ere herstel.

Laat ons maar hoop!

Die Huisgenoot, 4 September 1931

14 Augustus 1975 kon by niemand wat Afrikaans praat, ongemerk verby gegaan word nie. Dit was toe een eeu gelede dat 'n groepie manne vergader het om die wenslikheid al dan nie van 'n Afrikaanse Bybelvertaling te bespreek. Hierdie manne was nie afgevaardigdes of verteenwoordigers van verenigings of bewegings nie, maar uit die volk. Daar was vier Du Toit's, twee Malberbes, 'n Hoogenhout en 'n Ahrbeck. Die belangstellingsrigtings was: drie in die onderwys, twee in die teologie en twee wynboere.

Nou mag dit, 'n eeu later en selfs 'n eeu gelede, omdat dit 'n groep jong manne was, lyk na 'n jeugdige rebelsheid. Die gemiddelde ouderdom van die stigterslede was 27 jaar. Die verguising, gevaar en risiko was te groot en hulle uitsprake so oortuigend dat ons nie kan twyfel aan die erns waarmee hulle hulle saak bejeen het nie. Hulle kinders en kinders wat die G.R.A.-saak wou bevorder, het gevaar geloop om toelating tot die skool geweier te word. Onderwysers en predikante kon ontslaan word. So bv. het eerw. J. P. Dempers nie die eerste vergadering bygewoon nie omdat hy gewaarsku is dat hy sy pos kon verbeur. 'n Kerkraadslid sê aan ds. Du Toit, dat as hy sou weet wie Oom Lokomotief is, hy hom sou doodskiet. Ds. Du Toit was op daardie stadium redakteur van *Die Patriot* en meteen dan ook Oom Lokomotief. P. J. en G. S. Nienaber noem in *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging* nog baie gevalle van teenstand. Om hierdie teenstand, is name geheim gehou en veelvuldig van skuilname gebruik gemaak. Die baie skuilname kan ons vandag, oppervlakkig beskou, hinder. Dat dit die Genootskappers wel erns was met die saak, blyk ook daaruit, dat hulle ruim 'n dekade later (1884) weer eens teruggekeer het tot die oorspronklike stimulus nl. Bybelvertaling.

Die stigterslede van die Genootskap van Regte Afrikaners was: Gideon Malherbe, 42 jaar, 'n wynboer by wie se huis in Pastorie-laan, Pêrel, die eerste vergadering gehou is; C. P. Hoogenhout, 32 jaar, onderwyser; D. F. du Toit, (Oom Lokomotief), 29 jaar, onderwyser; S. J. du Toit, 27 jaar, predikant; D. F. du Toit, (Dokter), 25 jaar, wynboer; A. Ahrbeck, 24 jaar, aspirant-predikant; P. J. Malherbe, 22 jaar, wynboer; S. G. du Toit, 20 jaar, aspirant-onderwyser.

Die saak waarvoor hulle eintlik die Saterdagoggend bymekaar was, was 'n Afrikaanse Bybelvertaling. Die belangrikste voorstander vir die saak, die klassikus dr. Arnoldus Pannevis, was nie teenwoordig nie. Die Genootskappers het op die stadium nie lig gesien vir 'n Bybelvertaling nie, eers moes die volk opgevoed word. Daarom word dit 'n taal en volksbeweging. Die verskyning van die G.R.A. se mondstuk *Die Patriot* was 'n blye dag vir die Genootskappers en die ondersteuners van hulle saak. Vir hulle teenstanders 'n steen des aanstoots: kinders is verbied om die blad in die huis te bring of om dit te lees, studente moes hulle van die blad distansieer om hulle finansiële steun te behou; C. P. Hoogenhout het as redakteur bedank om 'n familie-twis te voorkom. (Vlg. G. S. en P. J. Nienaber: *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging*).

Omdat 1975 amptelik benoem is tot taaljaar is dit moontlik dat 1875 gedoop kan word tot die *ontstaansjaar* van Afrikaans, of selfs dat 14 Augustus 1875 die dag is waarop Afrikaans sy beslag gekry het. So iets is ver van die waarheid. Wat wel waar en lofwaardig is, is dat 8 jongmanne besef het dat die taal wat oorwegend gepraat word nie Nederlands is nie, maar 'n nuwe jong en kragtige taal wat wag om georden te word. Die spreektaal en skryftaal moes dieselfde taal wees, die mense moes bewus gemaak word daarvan dat die taal wat hulle praat ook geskik is vir godsdiensoefeninge en ook geskik is om geskryf te word.

Man en muis is aangemoedig om in Afrikaans te skryf. Die rympies en stories moes aan Oom Lokomotief per adres *De Zuid-Afrikaan* gestuur word. Die redakteur was dan ook bekend as Oom Lokomotief (wie had kon glo dat Afr. soveel digters had?).

Tog was daar die kosbare kleinnode, bv. "Die Afrikaanse Volkslied" wat die gesamentlike produk was van Pannevis, Hoogenhout, D. F. en S. J. du Toit. Die sesde en laaste strofe lui:

"Want al die nasies het één God;
Hy regel ieder volk syn lot;
Hy het vir ieder volk syn Taal,
Syn Land, syn Reg, syn Tyd bepaal.
Wie dit verag, sal syn straf dra;
O God, beskerm Suid-Afrika!"

Die Patriot se intekenare het vermeerder. Die energiebron was nie die taal nie, maar nasionale gevoel. Toe S. J. du Toit by herhaling aanvoer dat pres. Kruger se politieke sienswyse verkeerd en Transvaal onmoontlik 'n oorlog teen Engeland kon wen, het *Die Patriot* se intekenare verminder en moes hy in 1904 gestaak word.

In 1895 word 'n Afrikaanse Taalkongres gehou ter herinnering aan die twintigjarige bestaan van die G.R.A. en word *Ons Klijntji* in die lewe geroep as teenvoeter van *Ons Tydschrift* wat Nederlands voorgestaan het.

Die Patriot kan nie roem op 'n vermeldingswaardige literatuur nie, maar wel dat hy sy lesers Afrikaans leer lees en skryf het. *Ons Klijntji* het hoër literêre pretensie: "*Ons Klijntji* moet tientalle leer om goed te skrywe". Sy belangrikste bydrae was veral op die terrein van die prosa: S. J. du Toit se *Die Koningin van Skeba* en novelles van Cachet. Die novelles het onder redaksie van Totius in boekvorm verskyn: *Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het*. Die duiwels is openbare en ergerlike sondes soos lieg, drankmisbruik, afguns, praatjies en geldgierigheid.

II

Hierdie Kaaps-Hollandse dialek, soos Afrikaans o.a. dikwels genoem is, is aanvanklik gebruik om te spot en vermaak te verskaf. Een van die eerste werke met so 'n hekelende, satiriese inslag is *De nieuwe ridderorde of De Temperantisten* (1832). Die skrywer hekel 'n bepaalde maatskaplike verskynsel, 'n gedragswyse van persone en instansies wat na sy mening

ongesond is: die matigheidsbeweging. Boniface het dit nie oor drank-misbruik nie, maar oor die gruwelike huigelary, die skrilte teenstelling. Honend spot hy met diegene wat glad nie omgee vir brassery nie; dit moet tog net nie onder die Hottentotte voorkom nie. Die spot lê ook in die benaminge: Droogekeel, Everydry, Watersku, Galgevoegel en Dronkelap.

Kyk ons na *Kaatje Kekkelbek, or Life Among the Hottentots* van die here Bain en George Rex, wat volgens prof. F. C. L. Bosman in 1844 haar verskyning gemaak het, merk ons ook dat Afrikaans haar in die mond gelê word ter wille van spot met veral regters: Sir John Wyld — Seur Jan Wyl; Kekewich — Kekevis; Musgrave — Musgraaf; en die Koloniale Sekretaris, Montagu — Montakee.

Kaatjie, 'n Hottentot vrou van bedenklike gedrag, openbaar die Hottentot se houding teenoor die blanke in 'n mengelmoes van Engels en Afrikaans (en skeldtaal). Dit word gedeeltelik gesing op die wyse van "Calder Fair" en is gedeeltelik prosa-dialoog.

"My name is Kaatje Kekkelbek,
I come from Kat Rivier
Daar's van water geen gebrek,
But scarce of wine and beer".

"Ja, jong jij kan mij gloo, dat ons het de settlars gehad. En hij denk altoos dat het ander volk is wat zijn goed steel.

Zoo een Jan Bull is een domme —

"Regt, zoo een Boer is een slimme ding! Hy was eerste net so stom als de settlars, en christenmense. maar Hotnots en Kaffers het hom slim gemaakt. Ons het de dag zoo lekker sit kramnatjies eet, dat de vet zoo lans de bek aaf loop. Hier kom een Boer bij ons uit! met zijn overgehaalde haan, en sleep ons heele spul na die Tronk. Maar nou trek hij weg oor Groot Rivier — hij zegt dat hij niet meer kan klaar kom met die Engelse Gorment."

"Die lange Spitzies van Seur Jan Wyl, daar geef ons nix om!

Maar ouw Kekevis het hulle afgezet, omdat hij te goed was voor ons."

Spot en draaksteek, hekel en politieke gewin was nie voordelig vir die bevordering van Afrikaans nie. Dis om hierdie gebruik dat dit 'n "patois", 'n kombuistaal en hotnotstaal genoem is. Selfs vandag hou die "sappige gebruiksspreektaal", deurspek van Engels en sleng gevaar in.

In 'n reeds bestaande tradisie van spot, klugtigheid en satire is daar baie oorvertellinge en parodieë geskryf. Een bekende parodie is *Klaas Geswind en sy perd* deur F. W. Reitz. Dit is 'n parodie op Robert Burns se *Tam O'shanter*. Dit bevat elemente wat 'n onderhoudende vertelling moontlik maak.

III

In markante teenstelling met hierdie neiging in die vroeë jare om Afrikaans te plaas in die mond van leegleërs en selfs swendelaars, om Afrikaans te gebruik om te verkleiner, om te spot en politieke gewin te munt, is die verhewe strewe om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Hierdie strewe, die aanleiding vir die vergadering in die Paarl op 14 Augustus 1875, sou vanaf 1884 nuwe momentum verkry.

In 1885 word besluit, anders as 'n dekade vroeër, om met vertaalwerk te begin. Hierdie werk word opgedra aan ds. S. J. du Toit met die opdrag om “hoofsaaklik die nuwe Engelse vertaling te volg, terwyl hy soveel moontlik moet aansluit by die segswyse van die Statebybel”.

Veel vroeër as 1875 is talle briewe bekend wat handel oor 'n Afrikaanse Bybelvertaling. Die belangrikste was seker die brief van die Nederlandse Klassikus, Arnoldus Pannevis, op 7 September 1872 in *De Zuid-Afrikaan*. Dit was 'n pleidooi om die Bybel te vertaal met die oog op die kerstening van die Hottentotte. C. P. Hoogenhout antwoord hierop, maar vir hom gaan dit nie om die geestelike heil van die gekleurde bevolking nie, maar die van talle blankes. Ds. Morgan van die B.B.B.G. is die saak goedgesind. Hy vra egter: Is daar boeke, godsdienstige of skoolboeke in die bedoelde dialek; is daar enige skole in die Kolonie waarin geleer word om Afrikaans te lees? Indien nie, wat kan daaraan gedoen word? Veral ds. S. J. du Toit was begeesterd en het self aan Bybelvertaling gewerk.

Ds. du Toit se oortuiging was dat die Statebybel nie verafrikaans moet word nie, maar dat uit die oorspronklike tale vertaal moet word. Dat dit sy werkmethode was blyk uit die *Proewe van letterlike vertaling: Genesis I tot III*, waaruit ek die eerste vyf verse aanhaal:

1. In di begin het God di hemele en di aarde geskape.
2. En di aarde was woes en leeg en duisternis was op di angesig van di afgrond en di Gees van God
3. was and' broei op di angesig van di waters. Toen seg God: “Lat daar lig wees!” en daar was lig.
4. En God siet di lig, dis goed. En God skei di lig
5. af van di duisternis. En God noem di lig Dag, en di duisternis noem Hy Nag. En daar was aand en daar was oggend, een dag.

Om sy werkmethode te illustreer haal ek twee gedeeltes oor sy kommentaar aan. Die eerste oor die naam van God.

1. Di naam van God is in Hebreus meervoudig en di werkwoord *skep* is enkelvoudig. Is hierin ni al 'n onbestemde aanduiding van di later geopenbaarde leer van di Drieenheid ni? Hier is ten minste 'n *meerderheid* van Persone en 'n *eenheid* van werk. Die tweede oor sy motivering van *and' broei* i.p.v. *sweef*:
2. “*And' broei*” — dit geef beter di krag van di Hebreuse woord terug as *sweefde* in onse Statevertaling. Byvoorbeeld, as 'n vogel

sweef o'er di aarde, of o'er die water, dan oefen hy daardeur gen invloed op di aarde of water uit ni; maar as 'n vogel *broei* op syn nes dan oefen hy verwarmende, lewegewende invloed uit op di eiers onder hom, waaran hy syn lewensgloed medeel, en waardeur di slapende lewenskieme tot ontwaking en ontwikkeling kom. En dit is di krag van di Hebreuse woord.

Die idee van 'n Bybelvertaling was die begin van *Die Eerste Afrikaanse Beweging*. *Die Beweging* is afgesluit met daadwerklike resultate: Genesis 1893, Matteus 1895, Openbaringe 1898, Psalme 1907, Hooglied 1905, Handeling 1908 en Markus 1908.

Die strewe om die Bybel in Afrikaans te vertaal openbaar veral twee sake. Daar was 'n sterk godsdienstige strewe by die mense in Suid-Afrika in daardie tyd. Die aanvanklike Bybelvertalers het hulle werk dikwels onder die aandag van die publiek gebring. Albei hierdie sake behoort ook vandag ons aandag te geniet.

Afrikaans as kanseltaal is nie allerweë met ope arms ontvang nie. In 1919 skryf Jan F. E. Cilliers in *Die Brandwag* oor die aangeleentheid: Toe die Pous Luther laat weet dat Luther nou 'n "kombuistaal" (Duits) in die kerk bestaansreg gee, het Luther hom geantwoord: "Nee, meneer Pous, jy gebruik kombuis-Latyn, maar ons gebruik goeie Duits". Celliers sê dat die voorstanders van Afrikaans aan die voorstanders van Hoog-Hollands in Suid-Afrika, wat dink dat hulle dit ken en tog nie goed ken nie, ook moes antwoord: "Julle gebruik kombuis-Nederlands, maar ons gebruik goeie Afrikaans".

Eers veel later in 1933 sou die volledige Bybel in Afrikaans verskyn. En, soos 'n toegewyde en indringende leser soos N. P. van Wyk Louw dit gestel het: die teks het geword soos 'n ou skildery waarvan laag na laag vernis weggeneem is totdat dit in sy oorspronklike helderheid glans. Dit het Louw gesê veral n.a.v. Job 28 wat hy 'n myngedig in die Bybel noem. Uit die paar verse wat ek aanhaal spreek wat Louw bedoel het:

“. . . Hy breek 'n mynskag, wég van hom wat *bo* woon; hulle wat vergeet is deur die voet *daarbo*, hulle hang ver van mense af, hulle swaai heen en weer.

Hy slaan sy hand aan die klipharde rots, hy woel die berge van die wortel af om.

In die rotse breek hy gange uit, en sy oog sien allerhande kosbare dinge.

Hy stop waterare toe, dat hulle nie drup nie; en wat verborge was, bring hy aan die lig."

Hierdie Bybel gedeelte kon net so goed vandag in Suid-Afrika geskryf gewees het.

Terugskouend kan ons saamstem met wat prof. E. P. Groenewald op die Jaarvergadering 1975 van Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gesê het, nl. dat die fundamentele oorweging agter die bevordering van die omgangstaal rondom 1875 was: die belange van die ko-

ninkryk van God “Hoofmotief is beslis nie die bevordering van die Afrikaanse taal nie, maar die geestelike en kulturele heil van ’n bedreigde volk. Om die koninkryk van God onder die Afrikaners te bevorder moes daar in Afrikaans geskryf word. So begin die geskiedenis van Afrikaans as Bybeltaal”.*

* Vgl. Groenewald, E. P.: **Afrikaans as Bybeltaal**, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Jaarvergadering 1975, bl. 6.

BOEKE OOR DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS

Dit is maar net natuurlik dat daar allerweë gevra sal word na boeke oor die Genootskap van Regte Afrikaners, want dit is die herdenkingsjaar van die Stigting van die GRA, en die Afrikaners wil meer weet oor die geskiedenis van hulle taal.

Ek sal 'n klompie van die vernaamste bronne en boeke kortliks bespreek. Boeke wat reeds uit druk is, sal ek bondig beskryf.

Ons eerste en belangrikste bron in baie opsigte is ds. S. J. du Toit se *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging ver vrind en vyand uit publieke en private bronne* (1880). Dit is in baie opsigte propagandisties, want dit moes vir die "vrind" dien tot 'n verdere spoorslag, en dit moes ook probeer om die "vyand" tot oortuiging te bring van die deugdelikheid van Afrikaans as spreektaal en skryftaal van die Afrikaners. Die hele boek is in 'n optimistiese toon geskrywe, want in 1879 het dit nog baie voorspoedig gegaan met die Afrikaanse Taalbeweging, het ds. Du Toit nog die agting en vertroue van die "ware" Afrikaners geniet. Wat hierdie *Geskiedenis* veral sy waarde gee, is dat ons hierin afgedruk vind die vernaamste dokumente wat betrekking het op die voorgeskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging.

Dr. Lydia van Niekerk behandel in haar Amsterdamse proefskrif *De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en zijn Letterkundige voortbrengselen* (1916), naas die geskiedenis ook die dig- en prosawerk van die tydperk. Sy ondersoek die "teelaarde" van die literêre poginge van die tydvak. Met die uitbreiding van ons kennis van die GRA, is hierdie boek vandag baie onvolledig, selfs eensydig.

'n Belangrike bron oor die geskiedenis van die GRA, is die breed-opgesette biografie deur dr. J. D. du Toit: *Ds. S. J. du Toit in weg en werk* (1917). Soos hy in die voorwoord sê, het hy die boek met veel "piëteit" geskrywe. Daarom bly sommige vrae in die lewe van hierdie veelomstredende figuur onbeantwoord, veral wat betref sy politieke ommeswaai ná sy terugkeer uit Transvaal. Aan die ander kant word in die boek inligting verstrekkend wat anders verlore sou gewees het as Totius nie die skrywer van die boek was nie. Dit bly nog steeds die belangrikste bron oor ds. S. J. du Toit, totdat die groot studie met hedendaagse norme, oor hom verskyn. Ons het gehoop dit sou vanjaar gebeur.

Dit is gelukkig dat daar 'n "Laaste Stem van die Genootskap van Regte Afrikaners" was naamlik G. R. von Wielligh. In twee boeke: *Eerste Skrywers* (1918), en *Baanbrekerswerk* (1925) het hy 'n massa inligting byeengebring oor die GRA as beweging, en oor die vernaamste figure uit dié dae.

Die skrywer se doel met *Eerste Skrywers* was om die GRA teen onverdiende aanvalle van destydse tydgenote te verdedig. Die aanvalle het veral gegaan oor die gehalte van die GRA se letterkundige voortbrengsels. "Al wat die ou garde toe gedoen het," sê Von Wielligh,

”was om te swyg, en toe die klappe op die regterwang te erg geval het, om maar die linkerwang te draai.”

Von Wielligh skets in hierdie boek die ontstaan en werk van die GRA. Belangrik is ’n aantal dokumente wat hy publiseer, en briewe van GRA-manne, soos van Oom Lokomotief en C. P. Hoogenhout.

Baanbrekerswerk is bedoel as aanvulling van *Eerste Skrywers*.

E. C. Pienaar behandel in sy proefskrif *Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging* (1920) die geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging (waarby ingesluit is die GRA), en ook die poësie van die vernaamste digters en skrywers, waaronder die van die GRA. Dit is veral in die goed-gedokumenteerde en warmgestileerde oorsig van die geskiedenis van die beweging en die taalgebruik van die toonaangewende skrywers waar Pienaar leidend en koersaanduidend optree. Die deel oor die Taalbeweging het prof. Pienaar in 1943 as ’n aparte boek uitgegee onder die titel: *Die Triomf van Afrikaans*; verskeie hoofstukke is bygewerk.

In 1925 is die stigting van die GRA vyftig jaar vroeër feestelik herdenk met ’n *Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners* (1926). Dit is uitgegee deur die Afrikaanse Studentebond en bevat baie belangrike artikels oor sekere aspekte van die GRA, deur vooraanstaande letterkundiges van daardie dae. So skryf D. F. Malherbe oor *Die Gees van die Eerste Taalbeweging*; prof. J. J. Smith oor *Die Eerste Afrikaanse Geskifte, veral voor 1875*; J. D. du Toit oor: *Die GRA en die Bybelvertaling*, en T. H. le Roux oor *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Spelling*, ens. Baie van dié artikels het vandag nog wetenskaplike waarde.

Die eerste boek wat uitsluitlik gewy is aan die geskiedenis van die Afrikaanse taal, verskyn in 1931: *Die Afrikaanse Beweging*, deur G. S. Nienaber. Dit is besonder oorsigtelik: vertel waar Afrikaans vandaan kom; gee vir die eerste keer ’n samevatting van die oudste geskifte in Afrikaans; beskryf die agtergrond van die Eerste Beweging, die voorbereidende werk vir die GRA, en behandel dan die verloop en betekenis van die GRA, met ’n hoofstuk oor die verband tussen die Eerste en Tweede Beweging, en daarop die geskiedenis van die Tweede Beweging tot 1930.

’n Tweede uitgawe verskyn in 1941 saam met P. J. Nienaber onder die titel: *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging*. Die meeste hoofstukke is aangevul, of grootliks omgewerk; die eerste twee hoofstukke is vervang deur ’n oorsig van die Afrikaanse Beweging op filosofiese grondslag.

Die hoofstuk *Oor die Oudste Geskifte* is deegliker uitgewerk en opgeneem in die eerste deel van *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde* (1941), waar dit ook na regte tuis behoort. Hierdie boek is van die hand van dieselfde twee skrywers. Die studie was soos ’n spannende ontdekkingsreis, veral met die ontdekking van die Pannevis- en Hoogenhout-argief, destyds in besit van mnr. P. Imker Hoogenhout; die ontdekking van die manuskripte van J. D. Cilliers, M. H. Nesor, B. R. Buys, Jan Lion Cachet, P. D. Rossouw, en ander.

Dit is tot dusver nog steeds die enigste volledige geskiedenis van die vroeë Afrikaanse letterkunde vanaf die “begin” tot ongeveer 1900 toe die GRA doodgeloop het.

Die geskiedenis van die GRA, en die vroeë Afrikaanse letterkunde, word beknopt behandel in die literatuurgeskiedenis van G. Dekker en dr. Antonissen, en dan is daar ook ’n volledige hoofstuk in *Perspektief en Profiel*, deur G. S. Nienaber, onder die titel: “Die Eerste Letterkundige Pogings in Afrikaans”, met nuwe feite en gesigspunte.

Hier moet ook herinner word aan die verskillende uitgawes van die Patriotvereniging van Afrikaanse Teksuitgawes met deeglike inleidings: hulle begin vanaf 1940 hulle verskyning maak, soos *Klaas Waarzegger se Zamenspraak en briewe uit 1861*, uitgegee deur G. S. Nienaber; C. P. Hoogenhout se *Geskiedenis van Josef*, en *Catharina die dogter van die Avokaat*, versorg deur P. J. Nienaber; *Di Bedriegers, Magrita Prinslo en ander Afrikaanse Dramas en Samesprake tot 1900*, deur dr. F. C. L. Bosman, ens. Die Patriotvereniging se uitgawes in twee reekse, word elders bespreek.

J. du P. Scholtz publiseer in 1939 sy proefskrif *Die Afrikaner en sy Taal 1806-1875*. Die eerste vier hoofstukke handel oor die verengelsing van die Kaap, en taaltoestande gedurende die tydperk 1806-1875. Die laaste hoofstuk is gewy aan die begin van die Afrikaanse taalbeweging — ’n besonder deeglike studie, wetenskaplik beredeneer.

Soos die stigting van die GRA in 1925 vyftig jaar tevore herdenk is met die Gedenkboek ter ere van die GRA, uitgegee deur die Afrikaanse Studentebond, het die FAK in 1950 met die vyf-en-twintigjarige gedenkdag ’n boekie uitgegee: *Die Genootskap van Regte Afrikaners Herdenk*, deur P. J. Nienaber, met ’n voorwoord deur Totius, en ’n hoofstuk oor “Die Betekenis van die Eerste Tydperk in die Afrikaanse Beweging” deur prof. D. F. Malherbe. Dit het twee drukke belewe, maar ook die tweede druk was gou uitverkoop. Dit word tans weer herdruk.

Aan enkele hooffigure of temas uit die GRA-tydperk is kort studies gewy en in boekvorm uitgegee, soos *Ds. S. J. du Toit, die eensame Ismael* (1940), deur P. J. Nienaber, *S. J. du Toit, Vegter vir sy Taal* (1963) deur P. D. van der Walt, *Man op Nebo* (1974), deur Mione du Toit; verder *Jan Lion Cachet met sy sewe duiwels* (1940) deur P. J. Nienaber. Vir skoolgebruik is bedoel: *Twee Taalstryders: Pannevis en Preller* (1967), deur G. S. Nienaber; *Uit die wieg van ons taal: Pannevis en Preller* (1967), deur D. J. C. Geldenhuys, en *Die Afrikaanse Taalverenigings* (1962), deur G. S. Nienaber. Verder noem ek nog: *Ons Taalhelde*, deur P. J. Nienaber — hier is beskrywings van onder andere ds. S. J. du Toit, Arnoldus Pannevis, C. P. Hoogenhout en F. W. Reitz as taalhelde: *Pleidooie in belang van Afrikaans*, deel I — is pleidooie gelewer deur onder andere C. P. Hoogenhout en ds. S. J. du Toit; *Die Afrikaanse Bybelvertaling* deur P. J. Nienaber en J. A. Heyl skets die geskiedenis van die saak waarmee die GRA begin het.

Prof. P. D. van der Walt het ’n keuse gemaak uit ’n groot aantal artikels wat ek oor baie jare, vanaf 1936, oor die GRA se geskiedenis, die vernaamste persoonlikhede, die letterkunde, digters en skrywers, in

tydskrifte en boeke, gepubliseer het. Die GRA word in verskillende fasette beskryf. Die titel van die boek is *Eerste Soorie*. Dit het pas verskyn by Perskor.

Behalwe hierdie boek, is ongeveer al die boeke hoërop genoem. uit druk en baie reeds Africana. Vreemd is nog dat van hulle nie herdruk is met die oog op die feesjaar nie.

Boeke wat op skool gebruik word vir die studie van die Afrikaanse taalbewegings, en daarom in die handel verkrygbaar, is die volgende:

- 1 In 1939 verskyn die eerste skoolboek oor die Taalbewegings, en wel van die hand van die vorige Direkteur van Onderwys van die Vrystaat, A. G. S. Meiring, by Nasionale Boekhandel, nl. *Die Afrikaanse Taalbeweging*. Dié boekie is hersien en herdruk en word deur baie skole gebruik. Die boekie het atmosfeer, en lees waarlik "lekker"; so tussen die reëls deur laat die skrywer die leerling besef dat hy ook 'n taalstryder moet wees, en voortdurend moet handhaaf; dat hy 'n kosbare erfenis het om te bewaar en te versorg. As toegif is daar 'n hoofstuk oor *Die eerste Afrikaanse Verse* (1906-1910), al val dié hoofstuk, streng gesproke, nie binne die leergang nie. Die boek het heelwat illustrasies, en wat hom waardevol maak, is die byvoegsel: die hele eerste nommer van *Die Afrikaanse Patriot*. Nou kan die leerlinge self die eerste nommer van die eerste Afrikaanse koerant van voor tot agter deurlees.
- 2 In 1943 verskyn by die firma Van Schaik: *Die opkoms van Afrikaans as Kultuurtaal*, deur G. S. en P. J. Nienaber; dit is opgestel volgens die leergang vir Junior Sertifikaat en Matrikulاسie van al die Provinsies. Dit het reeds sy tiende druk belewe, sodat hy vry algemeen gebruik word. Die boekie beslaan 77 bladsye. Dit bevat talle foto's van taalstryders. Die Taalbewegings word sistematies behandel, en elke paragraaf het 'n hofie langs die kantlyn wat die oorsigtelikheid bevorder, en die memoriseer van die belangrikste feite vergemaklik.
- 3 Einde 1967 verskyn by Afrikaanse Pers-Boekhandel 'n besonder gawe boekie oor die Taalbewegings onder die titel: *Op die Pad van ons Taal*, geskryf deur John Gouws van die hoërskool op Ermelo, vroeër van Helpmekaar. Hier is die praktiese onderwyser aan die woord wat presies weet hoe om die geskiedenis van die Beweging op aangename en onderhoudende wyse te vertel. Die verhaal van ons taal lees inderdaad soos 'n fantasie-storie uit 'n storieboek. Daar is geen oorlading met feite en datums en name nie; die skrywer gee net die allernodigste. Die tydseer het hy raakgevat, en daarom word feite tot 'n minimum beperk. Hy vertel so lewendig dat die onderwyser dié boekie in die klas kan voorlees, en geen leerling sal hom kwalik neem nie; die leerling sal lus kry om *Op die Pad van ons Taal* self tuis te gaan lees. Daar is 'n hele aantal unieke illustrasies in die boekie.
- 4 Die jongste publikasie is uitgegee deur Voortrekkerpers: *Taal en Beeld: Die Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbewegings*. Soos die titel aandui, is dit 'n plate-atlas waarin die geskiedenis met foto's

en illustrasies vertel word. By elke foto of illustrasie is daar 'n passende byskrif. Die fotoverhaal begin by Jan van Riebeeck en sy tyd, en loop deur tot vandag toe. Leerlinge kan die fotoverhaal bed toe neem en sal nie raas kry van vader of moeder nie. Deur die oog word die geskiedenis van ons taal, en met weinig inspanning, geleer. Hier word oudio-visuele onderwys prakties toegepas. As 'n kind hierdie fotoboek "bekyk" het, is die taalbeweging nie meer 'n vae geheim nie, kan hy enige vraag in die eksamen beantwoord. Hierdie boek is bedoel vir Matriekleerlinge. Vir standers VI-VIII het by die Voortrekkerpers verskyn *Die Geskiedenis van ons Taal*, deur D. J. C. Geldenhuys. Dit is heeltemal volledig, en 'n besondere verdienste van die boek is die take wat gegee word, insiggewende vrae wat gestel word, sodat die leerling die stof deeglik bemeester. Hierdie is nou in sy derde druk. Dr. Geldenhuys was sekretaris van die Taalmonumentkomitee, en nou van die S.A. Akademie.

As die belangstellende die boeke hier bespreek, bestudeer, sal hy 'n deeglike kennis opbou van die geskiedenis van die Genootskap van Regte Afrikaners, van ons taal.

HULDEBLIK IN DIE JAAR VAN DIE VROU EN
VAN AFRIKAANS AAN ONS TWEE EERSTE DIGTERESSE

*Elisabeth Eybers: ons eerste en ons grootste**

Ek sal dit nooit vergeet nie: die rustige Saterdagmiddag op my Vrystaatse tuisdorp in die kerksaal waar 'n studentetoergroep van die Universiteit Pretoria 'n voordragprogram van poësie en sang aangebied het Skielik het ek dit gehoor:

'n Engel het dit self gebring
die vreugde-boodskap — en jy het
'n lofsang tot Gods eer gesing,
Maria, nooi uit Nasaret!

Namate die gedig gegroei het — reël vir reël, strofe vir strofe — het ek yskoud geword. “Maria” van Elisabeth Eybers het die program gesê. Dit was 1955. Ek was sestien jaar oud en in St. VIII, maar jonk soos mens op dié leeftyd is, het ek vanuit 'n Christelike opvoeding en 'n spesifieke poësie-skoling deur my vader — 'n groot liefhebber van gedigte, maar toe nog beperk tot ons vroeëre digters — onmiddellik intuïtief die gedig in myself verwerklik. Ek het dit spontaan verstaan, deurvoel; ek was heeltemal duiselig daarvan! Dit was dan ook die begin van 'n lewenslange liefde en toewyding. Baie jare later kon ek woorde vind vir wat ek daardie dag ervaar het. Toe het ek ontdek dat die digteres maar agtien was by die skrywe van “Maria” — twee jaar ouer as ek by die eerste aanhoor daarvan. Dit bly 'n onoortroffe prestasie in die Afrikaanse letterkunde: die gedig van 'n tienerjarige wat saam met die grootstes sal leef solank ons taal bestaan.

In sy doktorsale proefskrif, gewy aan hierdie groot gedig, *Die taal as talk*, omskryf C. J. M. Nienaber dit as die „proses van toenemende verwydering tussen 'n menslike moeder en 'n Goddelike Seun”¹.

Inderdaad 'n presiese vertolking van wat mens telkens met diepe ontroering beleef i.v.m. die singende nooi uit Nazaret wat die swygende vrou van smarte word:

Toe vorste uit die Ooste kom
om nederig hulde te betoon,
wis jy hoe die soldate hom
tot koning van die volk sou kroon?

En toe in jou arms lê,
sy mondjie teen jou volle bors,
het jy geweet dat hy sou sê,
toe dit te laat was: Ek het dors!

Toe dit verby was, en jy met
sy vriend Johannes huis toe gaan —
Maria, vrou van smarte, het
jy toé die boodskap goed verstaan?

So maklik soos "Maria" 'gee' al Elizabeth Eybers se gedigte hulle egter nie. My eie kennismaking het persoonlik en toevallig beweeg vanaf die aanhoor van „Maria” na die lees van *Die Ander Dors*, haar vierde bundel van 1946. Nog veels te jonk, was ek geboei sonder om te verstaan. Vandag weet ek dat dit nie werklik 'moeilike' verse is nie, maar dat daarvoor lê die sagte, skroomvallige respek vir die geheim van die ander mens — ook vir die geheim van die liefde en vir eie gelede pyn. Die gedig is nou eenmaal 'n wegkruipspeletjie; in Elisabeth Eybers se eie woorde: „daardie een-oue, altyd-nuwe, vreemde, vertroude ómpad en kórtpad tussen mens en mens”.² Van die mooiste liefdesgedigte in Afrikaans staan in *Die Ander Dors*:

Die vreemde dae wat ons twee apart
en ver moet wees is geen verwydering:
die helder televisie van die hart
kan in 'n oogwink jou so naby bring
dat ek maar net my hande hoef te lig
om hulle honger tinteling te stil
en met die strakheid van jou smal gesig
my palms soos 'n leë kruik te vul.

Die ure wat aan ons alleen behoort
het strek soos 'n gewelf bo elke dag
se nietigheid; in my tril elke woord
van jou wat wys en teer en vrolik was
en die gewisheid van jou weet en wag
deurdrenk my denke met sy soete las.

Ondanks liefde en moederskap bly die ‚ander dors’ in die lewe van die vrou; die verlange wat nie gestil kan word nie; die ewige hunkering. „Daar is geen laafnis vir die ander dors, / my seun, my seun”, sê Hagar, die oer-draagster van hierdie dors. *Die Ander Dors* is 'n terugperspektief op Elisabeth Eybers se eerste drie bundels oor die liefde en verlange van die ontwakende jongmeisie, oor die stil avontuur van moederskap, oor die vrou as bewaker van lewe teenoor die dood as vernietiger: *Beledenis in die Skemering* (1936), *Die Stil Avontuur* (1939), *Die Vrou en ander Verse* (1945).

As sy dan ná *Die Ander Dors* in 1950 die dun bundeltjie *Tussensang* publiseer, word dit werklik vir haar 'n digterlike tussenspel; wat daarna verskyn behoort duidelik tot 'n nuwe periode in haar poësie. Maar diep binne-in bly 'n digter altyd homself getrou en al verander die toon van die liefdesverse en die verse oor kinders uit haar eerste tydperk, die kind verdwyn nie en net so min die liefde. Vir Elisabeth Eybers is die kind nie heftemal van ons wêreld nie; deur die mistieke in die kind word die mens bewus van die Goddelike. Daarom praat sy van die mosaïek-blou oë van haar dogtertjie, Jeanne, as „die ronde kykers van 'n kind / wat nog die ewigheid onthou”.

Elisabeth Eybers, digteres oor vrouwees, moederskap, liefde en die kind, is sekerlik by die Afrikaanse leserspubliek die bekende, die vertroude — veral by die vroulike lesers van poësie. Maar dis tog die latere Eybers wat haar finaal bevestig het as een van die heelgrootstes in die geleedere van Afrikaanse digters. Dis miskien 'n bietjie vreemd en ge-

waagd om die hoogtepunt in haar werk, *Die Helder Halfjaar* van 1956, die bundel van die *geluk* te noem, en nogtans — al bevat die bundel ook ironiese verse — is dit in die groot geheel gesien waar. Losgemaak van man en kind — die stadsgewoel neem hulle in elk geval daaglik van haar weg — bevind sy haar „op die kruin” (die titel van die tweede gedig in die bundel), sy word weer die „kommerlose kind”

wat kaalvoet spring van klip tot klip
wat bessiesade sorgsaam tel
en pluimstertmeerkatjies laat wip . . .

Verse van 'n helder halfjaar, gemaak uit die wonderlike vermoë van die verbeelding, vanaf April tot Oktober 1955. Daarom hou sy as sy in die nag wakker word haar afspraak met die Verbeelding (sy noem hom ook die „Vreemdeling in die vlermuismantel” wat „soet formules fluister”) en sy probeer nie die slaaploosheid ontvlug deur 'n slaaptablet of 'n boek nie. Sy is nie oorhaastig om by skuiling of vergetelheid uit te kom nie, want sy weet;

die laaste onderdak sal — laat of vroeg —
verseker wees, omskans en dig genoeg.

Hierdie reëls is 'n profetiese vooruitwys na haar bundel *Onderdak* van 1968. Intussen het Elisabeth Eybers haar in Amsterdam, die hoofstad van Nederland, gevestig en *Onderdak* vorm saam met *Balans* (1962) en *Kruis of Munt* (1973) die bundels van haar „Hollandse periode”. Sy het onderdak gevind in die nuwe land, maar daar is steeds die soeke na balans tussen nou en vroeër, Noord en Suid, die land van hervestiging en die land van herkoms, die grys „regenluchten” van Nederland en die bloue sondeurstraalde lug van Suid-Afrika. Hier is die volwasse mens aan die woord met die ironie wat afstand en ouderdom meebring, soms wrang en bitter, maar uiteindelik altyd weer met reddende liefde.

In die gedig „Oorsig” sê Elisabeth Eybers i.v.m. haar ouers se teenstellende persoonlikhede en haar erfenis van hulle: „van onversoenbaarhede sou / ek later nooit genees”. Maar die gedig bestaan juis by grasia van teenstelling en paradoks; wat menslik onversoenbaar is, versoen die gedig. Hierdie „onversoenbaarhede” waarvan Elisabeth Eybers praat, gee ook aan haar poësie groot verskeidenheid, sodat, as iemand my sou vra na die mooiste *en* die mees ironiese reëls in die Afrikaanse digkuns, die antwoord hom onmiddellik uit Elisabeth Eybers se werk aanbied. Is daar werklik iets mooiers in Afrikaans as die volgende reëls uit haar vroeë gedig, „Herinnering”?:

..... ek weet
nog net dat die gekneusde gras se geur
soos naeltjies was

En wat die ironie betref: in „Wespark”, 'n gedig oor 'n begraafplaas en die dood, uit *Die Helder Halfjaar*, staan die strofe —

In hierdie buurt is elke vrou
tevrede, elke man getrou,
het elke kind sy eie sandhoop,
vergeet die huwelikspaar van huurkoop.

Daardie „het elke kind sy eie sandhoop” — kan die ironieser? Elisabeth Eybers het wye erkenning vir haar werk ontvang: twee maal is die Hertzogprys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan haar toegeken; vir haar eerste twee bundels in 1945 en vir *Onderdak* in 1971. Verder kry sy in 1972 die C.N.A.-prys vir haar jongste bundel, *Kruis of Munt*. Vanjaar op 26 Februarie het sy haar sesigste verjaardag in Suid-Afrika kom vier en is ’n huldigingsbundel *Ter wille van die Edel Spel* (opstelle oor haar werk) aan haar oorhandig. Op 2 Mei vanjaar het sy die Herman Gorter-prys van die stad Amsterdam in ontvangs geneem — die eerste Afrikaanse digter om die eer te beurt te val. Twee lande in haar werk versoen; erkenning hier en in Nederland. Na verneem word, het die jurie wat moes beslis oor die Herman Gorter-prys (Nederlandse literatore, digters en joernaliste) juis ook d’*e* bewonderingswaardige literêre vorm wat sy gevind het vir die ervaringswêreld van emigrant en immigrant, geroem. Soos Van Wyk Louw destyds het Elisabeth Elbers vir ons ’n belangrike ambassadeur in Nederland geword. Ons is veral dankbaar vir hierdie erkenning, waar ons nog, om met Peter Blum te spreek, bewus is van ons Nederlandse „tongwortel en taaloorsprong”.

Lief soos Elisabeth Eybers is vir die versoening van die teenstrydige, sê sy in een van die gedigte uit *Kruis of Munt* — ’n bundel vol van die bewussyn van ouerword — „Ek bly jonk en word reddeloos oud”.

Nee, nooit „reddeloos” terwyl sy vir ons so veel moois in die poësie gered het nie — gedigte wat, soos sy self sê, *ondanks alles* in hierdie onvolmaakte wêreld „mooi en blywend en heel is”. Ons sê vir haar dankie in hierdie sg. „jaar van die vrou” — ons eerste Afrikaanse digteres en ons grootste.

*Olga Kirsch: vreemde, vertroude stem**

Bo ons is die wye koepel van die gloeiende blou hemel. Ons staan teen die Pêrelberg en kyk af op die dorp daar onder, binne die kom van die magtige berge. Agter ons skiet die drie granietsuile van die Afrikaanse Taalmonument die lug in.

Olga Kirsch trek haar asem saggies in. „Hoe mooi”, sê sy.

Rondom Jerusalem is berge; . . . so is die Here rondom sy volk van nou af tot in ewigheid.

Op hierdie gedenkwaardige dag, die inwyding van die Afrikaanse Taalmonument ter herdenking van die honderdste bestaansjaar van Afrikaans — die jongste Germaanse taal, my moedertaal — is ek aan die sy van ’n Suid-Afrikaans-gebore Joodse vrou wat ’n belangrike bydrae tot die Afrikaanse poësie gelewer het. Deur haar is die feesvieringe besig om vir my ’n ontroerende ervaring te word. Olga Kirsch het na sewe en twintig jaar huis toe gekom. Gebore in Koppies in die Vrystaat waar sy grootgeword het, is sy in 1948 na Israel uit brandende sionistiese oortuiging. Daardie selfde jaar het sy haar tweede digbundel *Mure van die Hart* gepubliseer waarin die Joodse verlange hom o.a. ge-uit het in die sonnet „Die wandelende Jood” met as slotkoeplet die treffende reëls:

„Sal God in toorn die poorte stukkendslaen / dat my moeë mense weer mag binnegaan?”

Terwyl ons met die treetjies opstap na die monument, dink ek skielik terug aan 'n laatmiddag vyf jaar gelede op die Piazzale Michelangelo bo Florence. Vandaar het ek afgekyk op die Italiaanse stad met sy omringende heuwels, in twee gedeel deur die Arno-rivier. En in die middel van die plein was die monument ter huldiging van die grootste beeldhouer van alle tye; 'n sintese van die meester se beroemdste werke — in die middel van die voetstuk die Dawid-beeld, rondom die vier beelde wat die Medici-kapel versier. Die monument is opgerig deur Guisepppe Poggi in 1875 — die stigtingsjaar van die G.R.A., die amptelike geboortjaar van die Afrikaanse taal. Michelangelo gehuldig deur Michelangelo. Kyk jy na sy monument, sien jy sy werk. My oog volg die hoogste granietsuil die blou lug in en ek wonder wat dit vir my sê van Afrikaans. Kan 'n mens 'n taal sien? Maar ek hoor hom wel; ek verluister my aan die vrou wat dit na sewe en twintig jaar spontaan en aksentloos praat.

„Engels” kom as „Ingels” van haar tong, „perde” as „pêre”. Ek glimlag heimlik. Hoe sal my Vrystaatse pa hom nie daarin verlekker nie; volgens hom is Olga se uitspraak die enigste korrekte van genoemde twee woorde. En voor hierdie besoek het mens herhaaldelik gehoor en gelees dat sy nie meer Afrikaans kan praat nie. Sy het dit werklik self geglo. Daar is 'n onstuitbare eerlikheid, 'n spontane opregtheid in hierdie skraal, vriendelike vrou se hele manier van doen. Dit is vir haar self 'n verrassende ervaring dat Afrikaans skielik weer uit haar borrel. Ek herinner haar daaraan dat dit darem ook eenmaal in 'n winkel in Jerusalem gebeur het. Elisabeth Eybers het my daarvan vertel. Sy dink 'n oomblik na en herroep dan op haar rustige, nadenkende manier die hele voorval.

Haar lewenslange vriendin Elisabeth Eybers was by haar op besoek in Israel. Hulle het saam inkopies gedoen en Elisabeth was skielik begeester deur iets moois wat sy dadelik as aandenking wou koop. Die verkoopsman het sy kans waargeneem om Olga te probeer gebruik as tussenganger tussen hom en die niksvermoedende toeris. Diep verontwaardig betrap Olga haarself daarop dat sy Elisabeth in Afrikaans waar-sku! Na die kenmerkende momentele pouse sluit sy haar anekdotetjie af: „Ek dink dit was 'n nooddeurbraak”.

Taal was in die lewe van Olga Kirsch keer op keer *nooddeurbraak*. Vir haar het dit weinig gehad van die vanselfsprekendheid waarmee die meeste mense praat. As mens na die rede daarvoor vra, gee haar poësie self 'n tweërlei antwoord. Sy is gebore uit ouers wat hulle in die diaspora bevind het, ook as taalvreemdelinge. Oor haar vader skryf sy later as volwassene; terugskouend op haar Vrystaatse jeug:

Omdat ek my geskaam het vir jou spraak
wat in twee vreemde tale vreemd gebly het,
omdat ek my met alle mag wou maak
soos kinders van die plek, wat ek beny het,

aan wie die land en haar geskiedenis
behoort by wyse van geboortereg,
wat nie die kragte van die hart verkwis
met daaglik die geveg weer oor te veg.

En Olga Kirsch was 'n digteres; nie net 'n gewone Joodse meisie nie. Behalwe die taal as kommunikasie-middel in die alledaagse lewe moes sy ook haar poësie-taal ontworstel; 'n uitdrukkingsmedium vir dit wat vanuit haar diepste self gevra het om digterlike vormgewing. Tuis het Olga Kirsch Engels gepraat — waarom wou sy juis Afrikaans haar digtaal maak? Sedert my eie vroeë belangstelling in die Afrikaanse poësie toe ons nog net twee digteresse van werklike belang gehad het, Elisabeth Eybers en Olga Kirsch, was dit vir my 'n soort mistieke wonder dat die een geskryf het in 'n taal wat nie haar moedertaal was nie. Binne die persoonlike gespreksituasie aan die voet van die monument vra ek nie „waarom?” nie. Die ontmoeting is iets wat ek nooit voorsien het nie en ontroering en 'n sekere piëteit belet my die vraag. So 'n vraag sou ook byna 'n bevraagtekening wees van die waarde van Afrikaans, en dat sy daarin verse kon maak is juis 'n bewys van sy krag en draagwydte buite die klein gebruiksefeer. Bowendien: die hart het sy redes waarvan die verstand nie weet nie.

Olga Kirsch bevind haar nogtans nie in 'n unieke posisie nie: twee van ons ander digteresse is ook ex-patriate, Elisabeth Eybers en Sheila Cussons. Soos vir Sheila Cussons in Spanje is Olga Kirsch se poësie vir haar naasbestaandes letterlik 'n geslote boek. Sy vertel van die paar verse wat sy onlangs in Hebreeus geskryf het en daar is sagtheid in haar oë en teerheid in haar stem as sy sê hoeveel haar twee dogters daarvan gehou het. Hulle geesdrif is 'n aanmoediging al het sy self nie sekerheid oor die literêre waarde daarvan nie. Ek dink daaraan dat Elisabeth Eybers die poësie genoem het „die eeu-oue, altyd-nuwe, vreemde, vertroude ompad en kortpad tussen mens en mens”. Daaraan het sy toegevoeg:

“Poësie is 'n uiting van afsondering en van gemeensaamheid. Dit plaas die digter in 'n besondere verhouding tot 'n aantal mense — sy lesers — waarvan hy die meeste nooit persoonlik leer ken nie; en terselfdertyd dreig dit om misverstand en verwydering te skep tussen hom en dié wat die naaste aan hom is.”³

Van hierdie misverstand en verwydering is Olga Kirsch bewaar, by alle nadele van haar geslote medium. En op 10 Oktober word haar poësie inderdaad 'n vertroude kortpad tussen mens en mens. Voortdurend word sy deur feesgangers voorgestaan met 'n feesprogram en om haar handtekening gevra. Daar is studente wat skugter naderkom. Daar is Dirkie de Villiers, seun van die komponis van „Die Stem”, wat haar joviaal en jubelend begroet. Hy hou haar hand lank vas, noem homself 'n komponis graad B en voeg met 'n knipoog by: „Gelukkig ken ek my beperkings!” „Maar jy Olga”, sê hy ernstig, „is 'n digteres in die eerste klas”. Ook Pieter de Villiers wat die geleentheidskomposisie van die feesdag „Die Heer is my Herder” geskryf het, gee vir haar sy program om te teken. En Olga Kirsch moet één ding weet: die mense is bly oor haar teenwoordigheid, hulle is dankbaar oor haar bydrae tot die Afrikaanse letterkunde. 'n Taal sonder 'n literatuur is dood. 'n Taalfees sonder erkenning aan sy literatuur is 'n niksseggende fees. Olga Kirsch het bygedra tot die lewe van Afrikaans en die betekenis van die Taalfees.

Ek voel die intensiteit aan waarmee sy luister na die voordrag van Afrikaanse gedigte tydens die middagprogram, en ek dink aan haar eie

verse. Die natuur- en liefdesbelewens was in haar debuutbundel *Die Soeklig* (1944) intiem verbonde. Sy was duidelik nog besig om 'n eie stem te vind; die invloed van Elisabeth Eybers was sterk en haar woordgebruik dikwels vaag en retories. Tog was die digterstalent onmiskenbaar en kon sy reeds so 'n mooi liefdesvers skryf soos "Illusie":

Soms as ek in die silwer skemering stap
met oë half-toe, want die ligte reën
prikkel my wange, dans en trippeltrap
verby my lippe en om my oë heen,
dan sak die stilte in 'n klamme vlaag
oor alles, donkergroen en silwergrys
die denne, en ek slaan my jas se kraag
hoër om my nek. Daar's iets wat eis
dat ek meteens met ligter tred moet gaan,
met tintelende ekstase in my bloed.
Dalk aan die einde van die lange laan
gaan ek jou, liefste, ylings tegemoet?

Met haar tweede bundel *Mure van die Hart* (1948) het Olga Kirsch by die sosiale-deernis-motief van Veertig ook die Joodse ballingskap betrek en so die tematiëse rykdom van die Afrikaanse liriek op 'n besondere manier uitgebrei. Geen literatuurgeskiedenis sou voortaan versuim om haar naam te noem nie. Daar is verse in hierdie tweede bundel soos "Die Wandelende Jood", "Middernag" en "Gedagtewisseling" wat 'n permanente plek in die Afrikaanse poësie verower het en wat as sodanig in elke bloemlesing wat die moeite werd is, verskyn.

Elke taal het sy groot produktiewe digters soos ons Van Wyk Louw en Opperman. Elke taal het sy digters wat enkele onmisbare verse bydra. Tot hierdie groep behoort Olga Kirsch. Haar afwesigheid van Suid-Afrika en haar afgeslotenheid van Afrikaans het uiteraard belet dat sy saam met die grotes gereken word. Maar toe sy na vier en twintig jaar meteens in 1972 haar stilswye verbreek met die dun bundeltjie *Negentien Gedigte* word dit nog eens 'n gebeurtenis. Dit was weer so: die bundel het verse bevat wat mens nooit in Afrikaans sou wou mis nie. Vir die digter, soos vir elke mens, kom daar die dag van afrekening met sy jeug en in hierdie afrekening het Olga Kirsch die "Vyf Sonnette aan my Vader" geskryf — van die allermooiste van dié soort herinneringspoësie wat ons in die Afrikaanse digkuns besit. Sy spreek die gestorwe vader aan met verlange, met skuldbesef, met 'n indringende behoefte tot begrip:

'n Duisend duisend vrae sou ek jou stel
as ons nou rustig langs mekaar kon sit.
Jy sou my oor jou kinderdae vertel
waarvan ek nie 'n enkele beeld besit.

Hoe het jul huis gelyk, hoe julle straat,
wie was jou makkers, wat het jul gespeel,
wat het jy liefgehad en wat gehaat
met wie geheime van die hart gedeel?

En was jy 'n gelukkige gesin
en was jou vader of jou moeder kwaai
en was jy lank op skool en was jy slim?
Het jy nie soms temidde van lawaai
droewig gevoel, so sonder rede nie?
En nogmaals hoe en wat en waar en wie?

Die besoek van Olga Kirsch aan haar geboorteland na sewe en twintig jaar is in 'n sekere sin die voltooiing van *Negentien Gedigte* — fisiese aanraking met haar jeug en die wêreld van haar jeug; 'n terugkeer na haar "huis" en haar "straat". Op Koppies het baie verander . . . en dieselfde gebly. Sy en haar broer het weer gestaan op die terrein waar die sirkus in hulle kinderdae tent opgeslaan het — digby die spoorwegstasie. Sy herinner hom daaraan en op daardie moment stoom die trein uit en sy lees die woorde "Boswell-Sirkus". "Ek weet nie waarom nie," sê Olga, "maar dit was vir my meteens so wonderlik".

Wonderlik. Wonderlike vrou. Sy sê dinge wat mens in die hart wil bewaar— soms lig, soms ernstig. Sy vertel van haar besoek aan die Rabies op Onrust en van Jan se vrou Marjorie Wallace se jongste skilderye. Ek hoor die stem van die digter as sy vir my 'n stillewe van sonneblomme beskryf. Sy noem die skilder gelukkig omdat sy kuns meer *maak-werk* is as dié van die digter. Die digter moet die geduld hê om te wag vir die ervaring wat hom aanbied vir poëtiese omvorming en dit beteken opnuut die stryd met die taal. En vir Olga Kirsch was dié stryd nog altyd buitengewoon taai. "Maar mens kan mos nie stil bly nie," sê sy.

Dis profetiese woorde, glo ek. Wat sal dit word: Afrikaans of Hebreeus? Dit hou die toekoms verborge. Sy vertel dat sy elke reël in *Negentien Gedigte* omtrent twintig maal herlees het. Sy sê Hebreeus is 'n buitengewone moeilike taal. Op my feesprogram skryf sy haar adres vir my neer: Rehovot, Israel. Sy wys my daarop dat die h in Hebreeus soos ons Afrikaanse g uitgespreek word. "Baie klanke in Hebreeus is soos Afrikaans," sê sy, "as ek sukkel met die Hebreeuse meervoudsvorme, las ek sommer 'n s aan!"

Ek lag. Maar dan word ek weer tot nadenke gestem as sy later ernstig vir my sê: "'n Taal is baie belangrik maar dis nie 'n god nie". Wie het meer die reg tot so 'n uitspraak as sy wat die stryd om baie tale ken, wat weet die bestaan en voortbestaan van 'n volk lê ook buite 'n taal — in sy tydelose hoop en geloof, in sy met bloed-verowerde grondgebied.

Dit is vir my 'n boodskap. Ek onthou die berig in een van ons Afrikaanse koerante van die jong Angolese digteres wat onlangs uit haar land moes vlug voor die geweldpleging uit. Maar die lewe gaan voort. Haar nuwe bundel moes na die drukker — in Portugal. En daar by die Taalmonument vra my hart 'n veilige Suid-Afrika waarin ons in vrede kan woon en poësie kan skryf; 'n land met 'n pers waarheen Olga Kirsch weer 'n manuskrip sal kan stuur as die Afrikaanse woord dalk nogmaals uit haar pen vloei.

As Jodin in Suid-Afrika gebore, het Olga Kirsch teruggegaan na die beloofde land. Sy het haar finaal in Israel gevestig en haar met dié

land vereenselwig. Maar sy het lank genoeg in Suid-Afrika gewoon om ons taal te kon verryk met haar poësie en die een besondere boodskap daarin vervat — die boodskap van alle Jode in die diaspora aan die mense onder wie hulle woon:

Waarom het Jehova Sy volk kasty?
Net die lyendes weet hoe ander ly.
Verneder, verminder, verdwaas van wee?
Net die minstes kan medelye gee.
Waarom het Hy ons uit ons land ontslaan?
Dat ons onder die volke in sou gaan.
Vader en moeder en seun verspreid?
Om die mense te maan tot broederlikheid.
(Klein Fuga)

-
1. C. J. M. Nienaber, **Die taal as tolk**, Natalse Universiteitspers, Pietermaritzburg/Durban, 1956, p. 83.
 - * Oorspronklik aangebied: praatjie SAUK **Vrouerubriek**, 30 Junie 1975.
 2. Elisabeth Eybers, "Nie Vaagheid of Ontvlugting nie, maar Aanvaarding", **Die Burger**, Dinsdag, 9 April 1963.
 - * Oorspronklik in verkorte vorm gepubliseer in **Die Vaderland**, Saterdag, 18 Oktober 1975.
 3. Elisabeth Eybers, "Nie Vaagheid of Ontvlugting nie, maar Aanvaarding", **op cit.**

DIE SPANNING MENS-NATUUR IN "NAGWANDELING" VAN
ELISABETH EYBERS

Die titel "Nagwandering" (*Onderdak*, 1968), skep by die leser 'n verwagting van 'n gedig in die tradisie van die Romantiek. (Vergelyk W. E. G. Louw se "Nagreën", *Die Ryke Dwaas*, 1934: "Die reën skuifel deur die straat,/verby my venster, mensverlaat . . .") In teenstelling hiermee kom die gedig aanvanklik nugter-feitelik en serebraal voor:

"'n Vloed getregter uit die pool
word deur die iepelaan gepomp . . ."

By nadere ondersoek blyk dit dat die oorwegend-serebrale vormgewing 'n 'emosionele' inhoud verberg — dat dit deel is van die paradoks in Eybers se latere werk. Etienne Britz identifiseer dit as "ironiese afstand neem van die ervaring". ("Die paradoks in die poësie, met verwysing na Elisabeth Eybers", M.A.-tesis, Universiteit Stellenbosch, 1971). 'n Opvallende kenmerk van die gedig is dan ook die ironiese skynbare-objektiewe waardeur die chaotiese emosies van die hart deur die hoof georden word.

Die leser word verder getref deur die teenstelling tussen ontombare natuur en brose mens. Die twee elemente, mens en natuur, kry ons in die titel: "nag" en "wandering". Die natuurelemente dreig om die mens te oorweldig, word reeds in die eerste strofe in intensiewe vorm aangebied:

"'n Vloed . . . uit die pool
. gepomp"

Ook die werkwoord "laveer" ("twee koppe op dieselfde romp/. . . laveer hy voort . . .") suggereer dat die reënwater soos 'n see voorkom, aangesien dit 'n seilskipterm is; per definisie beteken dit "by teëwind sigsag seil" (*Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, Kritzinger, Labuschagne en Pienaar) — hier word die konfronterende wind in die volgende strofe dus gesuggereer.

Die implikasie is dat ons hier met 'n allesoorheersende natuurmag te doen het, waarteen die mens nie opgewasse is nie: "Vannag wys elke rigting noord." Die noordpool het die enigste konsentrasiepunt van die magneet geword. Aangesien 'noord' uiterste koue en winter suggereer (teenoor suid, die warme, somerse), dui alles daarop dat hierdie onverbiddelike winterse mag uiteindelik gaan seëvier as die oorheersende 'pool', ook van die gedig.

In die tweede strofe vind ons weer die natuur as dreigende teenwoordigheid: "Rooi-gespoelde ruit"*; asof die reën alles probeer wegspoel, die huis probeer binnedring. Die wind wat deur "laveer" in die eerste strofe gesuggereer is, groei tot 'n gewelddadige mag:

"Terwyl die wind oopkaarte gooi
en alles voor die voet wegwan . . ."

“Oopkaarte gooi” is ’n vernuwing van die idiomatiese uitdrukking “oopkaarte speel”, wat beteken om openhartig te wees. Die wind dwing alles oop, lê wat verborge was bloot, en suiwer die stad van die onsuiwere (vergelyk “wan”, die graan van kaf suiwer). Die ironie is dat die wind alle obstruksies (wat hier as die lewende dinge, mense en hond, gesuggerer word) onsuiver vind, vreemd aan sy aard, en dus “alles voor die voet wegwan”. Nietemin vind enkele gelukkiges nog hulle pad na onderdak: die “laverende” paartjie en die man wat nie swig voor die uitnodiging van die bordeel se “rooi” vensters nie.

Die wind wil-wil die oorhand kry oor die mens in die derde strofe:
“van omwaai . . . soveel gevaar”.

Die dame “swalk” en “dobber”, en
“soek vastrapplek om teen die kou
nog ’n gety of wat te hou.”

Sy het dus nie meer vastigheid nie, is byna oorgelaat aan die genade van die wind, sy “dobber” daarop soos op ’n see, wat haar van lamp-paal tot lamp-paal swiep.

Die verwagting dat die winterse mag van die natuur uiteindelik gaan seëvier, word deur die laaste strofe bevestig. Die noordelike ‘pool’ het die mens hier beide fisies en geestelik oorweldig:

“Vanweë ’n ongesproke woord
het sy die ystyd ingegaan . . .”

En al “dans” haar bloed nog uittartend, dui alles daarop dat dié warm ‘dans’ nie lank sal duur nie. ’n “Silwerbruilof” is haar onvermydelike einde, ’n eenword met die silwerkleurige, koue ys.

’n Opvallende eienskap van die beeldgebruik in die gedig, is dat dit die mens op ironiese wyse as verwant aan die dier sien. (Vergelyk: “vier-been”, “ramkat”, “hol soos ’n kokon” . . .). Die klem val op die geslagsdrang, wat die mens met die dier in gemeen het.

“. . . sweef vierbeen om die hoek
— twee nylonkuite, klinknaelbroek —

.....
twee koppe op dieselfde romp
vas teen mekaar, laveer hy voort.”

Die twee minnaars, waarskynlik jonk (vergelyk “klinknaelbroek”), verkeer klaarblyklik in ’n toestand van erotiese beswyming, maar die ironiese daarvan is dat dit juis hulle is wat die maklikste teen die “wind en die vloed” staande bly; waarskynlik omdat hulle twee sáám is (nie alleen soos die twee laaste figure nie), en omdat hulle feitlik onbewus is van hul dreigende milieu:

“sweef vierbeen om die hoek . . .”

“Sweef” suggereer ’n lughartige, byna vrolike houding. Hulle vind dus “onderdak” in die warmte van hul menslike verhouding.

Reeds in die eerste strofe word dit duidelik dat daar meer as slegs evokatiewe beskrywing in die onverbiddelike see en wind steek — dit is

meerduidend, suggereer iets soos die idiomatiese “lewensee”, maar bevat ook ’n sterk ewigheidsuggestie (vergelyk die oneindige siklus van die natuur). Die minnaars word aangedui asof onbewus van die tydelikheid van die erotiese liefde, en by implikasie die broosheid van die mens voor die “vloed” van die ewigheid wat wag om hom te oorweldig.

Die tweede strofe voer die beklemtoning van die erotiese en dierlike verder. Die man wat hier figureer, word voorgestel as intens op die sintuiglike, die sensuele ingestel: “*knotnek*”, “*dik buik*”. ’n Knot is iets waarvan die boonste gedeelte afgeslaan verwyder is; “*knotnek*” suggereer dus dat daar nie by hom ’n hoof of denke is nie, hy is ingestel op die bevrediging van sy erotiese drange agter die “rooigespoelde ruit” en om sy “*dik buik*” vol te kry. Vergelyk:

“ die vrou
wat tuis sy ete warm hou.”

Die dierlike element is implisiet teenwoordig in die man se toespitsing op die primêr-sintuiglike behoeftes (geslagsdrang en honger) en word treffend gesuggereer deur die vierde reël:

“hy voel nie bra ramkat vanaand . . .”

“*Ramkat*” is ’n idiomatiese uitdrukking vir ’n uithaler, ’n oorwinnaar. Maar die man is versadig (vergelyk “*dik buik, dik beursie*”), hy wil nie vanaand oorwinnaar speel nie. “*Ramkat*” staan ook vir die dierlike, die kat. Dis asof daar iets middeljarigs, moeg-geleefd aan hierdie man is, hy is nie meer so gretig om agter die “rooi-gespoelde ruit” te kom nie. Hy “draai aarselend” daarvoor met sy “*dik buik*”, wat ook ’n middeljarige suggereer. Maar die sensuele vuur is nog nie geblus nie, hy kies kortpad huis toe, na die tweede beste: “die vrou / wat tuis sy ete warm hou”.

Die derde strofe bied ’n meer trieste figuur. Die ironie is fyn en skerp:

“’n Dame met ’n twaalfuurhond
swalk agter sy behae aan”.

Die gebruik van die woord “*dame*”, wat ’n fyn-beskaafde vrou suggereer, is erg inkongruent met die beeld van ’n vrou wat deur ’n hond se drange oorheers word in ’n “lamp-tot-lamp-bestaan”. Die dame se dae van “*cie behae*” bevredig is klaarblyklik verby, al wat oorbly is om deur die hond se “*behae*” gelei te word, eerder as om aan die “vloed” en “wind” van die tyd te onder te gaan:

“Eens aan ’n heer se arm, was daar
van omwaai nie soveel gevaar . . .”

Die beeld wys ook terug na die eerste strofe waar die jonger ekwivalente van die dame en heer (“*twee nylonkuite, klinknaelbroek*”) inderdaad demonstreer dat daar vir hulle nie “*soveel gevaar*” is as vir die enkelinge nie (“’n Vloed/ . . . gepomp, / nogtans *sweef* vierbeen om die hoek”).

Die idioom “soos motte om ’n kers”, dikwels gebruik vir ’n meisie wat mans aanlok, word hier geïroniseer:

“. . . in ’n lamp-tot-lamp-bestaan
dobber sy hol soos ’n kokon . . .”

Sý is die ‘mot’ wat na ’n lamp soek vir vastigheid, behalwe dat daar in werklikheid geen mot is nie maar slegs ’n “hol kokon”. Die kokon het dus heeltemal nutteloos geword, dit hou nie meer die moontlikheid van vrugbaarheid in nie. Die “dame” is waarskynlik dus ook middeljarig, verby haar “vrugbare” ouderdom, vir haar is daar min “getye” oor; maar sy soek verbete

“. . . vasklouplek om teen die kou
nog ’n gety of wat te hou . . .”

Die sikliese natuurlewe word vergelyk met die lewe van die mens, en daarby kom die geïmpliseerde teenstelling dat die natuur se getye ewigdurend is, terwyl die mens eintlik net één somer en één winter lank leef.

Dié progressief-opgeboude beeld van die mens en sy stadigaan-verlorende stryd teen die “koue van die tyd” kulmineer in die laaste strofe. Die vers verkry ook ’n verdieping, word meerduidelik as wat dit tot hiertoe was.

Voorafgaande van die laaste strofe was die klem merendeels op die primêre behoeftes van die mens, veral die geslagsdrang, die erotiese liefde; nou word na “liefde” verwys, dus ook implisiet geestelike liefde: “een . . . liefgehad het”. Die ongenadiglike ironiese siening van die mens word hier aanvanklik versag, die klem is nie meer op die dierlike nie. Hoewel hierdie vrou as een van die groep gesien word wat nie opgewasse is teen die “vloed” en “wind” van die tyd nie, word sy tog deurvorsender beskryf, asof van veel nader gesien. Klaarblyklik het ons hier die digteres in ’n objektiewe houding teenoor haarself. Sy praat van haarself in die derdepersoonsvorm as “nog een” en “sy”:

“Daar tree *nog een* wat hier nie hoort . . .”

Hierdie reël konstateer die feit wat sy in die vorige drie strofes uitgebeeld het (vergelyk Totius se “Die wêreld is ons woning nie”): die mens is in ’n vyandige milieu waar hy geen permanente tuiste kan vind nie.

Waar die digteres tot op hierdie punt heeltemal buite die toneel as objektiewe waarnemer gestaan het, kom sy nou effens nader — vergelyk die gebruik van “hier”, wat suggereer dat die spreker op die plek is waarvan gepraat word (hoewel dié vernouing van afstand weer aangetas word deur die gebruik van “*daar* tree een wat . . .”).

Dié vrou voel duidelik bedreig, sy sal oorval word indien sy nie voortgaan nie:

“wat nie durf omkyk of bly staan . . .”

Die tyd het haar vir die gek gehou, speel 'n wrede speletjie met haar — sy durf nie terugkyk die verlede in nie, want daár is niks:

“wat liefgehad het (maar te vroeg),
gewag het (maar nie lank genoeg)”.

Haar liefde was te “vroeg”, dit het nooit ryp geword nie, is nooit vervul nie. Die tyd was nie reg daarvoor nie. Sy het gewag — maar dit waarop sy gewag het, het nooit gebeur nie, want sy het te kort gewag. Haar lewe was dus altyd 'n uitreik na iets wat nooit in vervulling gegaan het nie, as gevolg van verkeerde tydsberekening.

Maar die tyd gaan voort met sy siklus, die wette van die natuur gaan in vervulling, ongeag of die vrug ryp geword het of nie, nou kom die winter:

“Vanweë 'n ongesproke woord
het sy die ystyd ingegaan . . .”

Die gedig hervat in die laaste twee reëls weer sy skrynend-ironiese toon:

“van hart na huidvlak dans haar bloed
'n silwerbruilof tegemoet.”

Die skynbare lughartigheid, vrolikheid van die “dansende bloed” verskerp die ironie van die “silwerbruilof”. Dis duidelik dat die warm bloed wat skynbaar gretig na die oppervlak kom vir die “bruilof”, binnekort deur die natuur en die tyd se ‘silwer ys’ oorweldig sal word, dat die dans gaan verstil in die “ystyd”.

Die implikasie is dus dat sy haar gelate oorgee aan die winter van die lyf én van die gees, wat sterk kontrasteer met die verbete “vasklouplek soek” van die dame. Maar juis die onopgewassenheid van die bloed teen hierdie ystyd, wat beide fisiese ouderdom en dood asook 'n emosionele sterfte suggereer, maak die lughartigheid so ironies.

In die woord “silwerbruilof” kulmineer die deurlopende progressief-intensiverende spanning tussen die dreigende natuurelemente (vloed, wind en uiteindelik ys) en die mens. Dis duidelik dat die stryd van die bloed om warmte (“rooi-gespoelde ruit”) en sekuriteit (“vasklouplek”) te verkry, van die begin 'n verlore stryd was teen die vooruitbepaalde “ystyd” waar alles verswelg gaan word.

'n Mens kom dus tot die gevolgtrekking dat die spanning tussen mens en natuur in die gedig feitlik sinoniem is met die spanning tydelik-ewig; en die slagoffer is die tydelik-gebonde mens. “Nagwandeling” is gestruktureer om 'n gelokaliseerde, gespesifiseerde beeld van mense wat op 'n sekere nag aan't wandel is in 'n stad. Die trefkrag van die gedig is egter geleë in die universaliteit wat verkry word: die mense soek onderdak en warmte in die nag van die koue ewigheid wat hom omring.

* Alle kursivering is deur my.

DR. P. D. SWART

IN MEMORIAM ABEL JACOBUS COETZEE
(27 Mei 1906 - 16 Junie 1975)

Abel Jacobus Coetzee is op 27 Mei 1906 op die plaas Grootfontein, by Rooigrond in die distrik Lichtenburg gebore. Toe hy nege jaar oud is, begin hy op Rooigrond skoolgaan. Omdat sy vader, die bestuurder van 'n kalkbrandery, telkens verplaas word, woon hy ook laerskole op Buurmansdrif, Fouriesgraf en Schweizer-Reneke by en lê uiteindelik sy standdreses-eksamen te Christiana af. Toe sy vader 'n nuwe kalkbrandery by Natalspruit open, woon hy die Heidelbergse Volksskool by waar hy in 1923 matriculeer.

In 1925 kwalifiseer hy as onderwyser aan die Heidelbergse Normaalkollege en behaal in 1927 die B.A.-graad in die eerste klas aan die Universiteit van die Witwatersrand. Vir twee kwartale hou hy skool te Witwatersberg en Middelburg en word dan aangestel as junior-lektor aan die Witwatersrandse Universiteit. In 1929 lê hy die Honneurseksamen in die eerste klas af, word in 1930 as permanente personeel aangestel en behaal in dieselfde jaar die M.A.-graad. In 1931 tree hy in die huwelik met Catharina Elizabeth Britz.

Hy word lektor in 1933 en senior-lektor in 1936. In dié jaar behaal hy die graad, D.Litt., onder prof. C. M. van den Heever, met 'n proefskrif *Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand*. In 1938 promoveer hy onder prof. Jos Schrijnen van die Universiteit van Nijmegen met die proefskrif *Die Afrikaanse Volksgeloof*. Toe die R. K. Fraay-leerstoel vir Afrikaanse Taal- en Volkskunde in 1947 aan die Witwatersrandse universiteit ingestel word, is Abel Coetzee die eerste hoogleraar. Hy bly dit tot in 1966 toe hy uittree en die leerstoel verval.

Gerieflikheidshalwe vestig ons eers die aandag op die rol wat Abel Coetzee gespeel het op gebiede anders as die Afrikaanse Skrywerskring en die letterkunde.

In 1943 stig hy en ander belangstellendes die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde. Hy word en bly die voorsitter van dié liggaam tot 1973. In 1944 word die tydskrif van die vereniging t.w. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* gestig. Abel Coetzee word die eerste redakteur en bly dit tot enkele jare voor sy dood. Talle gesaghebbende volkskundige artikels vloei uit sy pen. Vrugbare werk word onder sy leiding gedoen, volkskundige byeenkomste word gehou, uitgebreide navorsing op groot gebiede van die volkskunde word aangepak en word in 'n aantal gevalle die prikkel tot skeppende letterkundige werk.

As dosent was daar min wat vir hom kon kers vashou, of sy tema nou die letterkunde, die taalkunde of die volkskunde was. 'n Groot aantal studente promoveer onder hom en skaar hulle dan weer rondom hom om vrugbare arbeid te lewer. Ons dink hier aan name soos die volgende: Sy Edele, dr. Connie Mulder, Minister van Binnelandse Sake, wyle drs. S. C. Hattingh en M. H. O. Kloppers, dr. H. J. Schepers, dr. D. J. Coetsee, dr. S. C. Rautenbach, dr. C. W. Hudson, dr. W. J. Loots, drs. Prins en G. T. Ferreira en dr. P. D. Swart.

Die agterstand van die verstedelike Afrikaner op ekonomiese gebied en die verontregting wat sy taal te beurt geval het, het hom met diepe sorg gevul. Saam met manne soos Pieter de Waal, J. J. Scheepers, Tommie Beckley, Pieter Coetsee, L. J. Erasmus en Jan Bosman, stig hy in 1929 die Handhawersbond. Hy word 'n prominente leier in dié beweging en later die redakteur van *Die Handhawer*.

In 1934 stig hy saam met C. M. van den Heever en 'n groepie belangstellendes, onder wie J. van Melle, W. van Heerden, W. H. Wilcocks, P. W. S. Schumann, P. de V. Pienaar en S. Ignatius Mocke, die Afrikaanse Skrywerskring.

Hy was nie die eerste sekretaris nie maar het binne 'n jaar die sekretarisskap oorgeneem. Dié amp wat ook vir 'n lang tyd die penningmeesterskap ingesluit het, het hy eers in 1954 neergelê — 'n tydperk van twintig jaar dus. In 1954 word die erelidmaatskap van die Skrywerskring aan hom toegeken. In 1954, 1955 en 1956 onttrek hy hom aan die hoofbestuur omdat sy werksaamhede as dekaan van die Fakulteit Lettere te veel van sy tyd in beslag neem. In 1957 keer hy egter terug om, na die dood van C. M. van den Heever, die voorsitterskap van die Werkgemeenskap Johannesburg en van die Dag- en Hoofbesture oor te neem. Vanaf 1934 sien hy die Skrywerskring groei tot dat dit onder sy leiding tot 'n aantal werkgemeenskappe met 'n gesamentlike ledetal van 150 aanwas. Telkens, sedert 1957, word hy sonder teenstem in die bogemelde ampte herkies. In 1965 lê hy op sy eie aandrang die voorsitterskap van die Werkgemeenskap Johannesburg neer en in April 1966 die ander twee belangrike ampte.

Op aandrang van veral mense met persverbintenisse soos Kootjie van den Heever, W. H. Wilcocks, S. Ignatius Mocke, Uys Krige, Willem van Heerden en A. M. van Schoor word besluit om 'n jaarboek uit te gee. In 1936 sien die eerste jaarboek die lig. In 1937 neem Abel Coetsee die administrasie van dié publikasie oor en behartig dit tot 1950. In 1951 is hy mede-oprigter van die nuwe kwartaalblad *Tydskrif vir Letterkunde* en neem hy weer die administrasie waar. In 1957 neem hy die plek van C. M. van den Heever as redakteur in en in Mei 1966 tree hy uit.

As leier van 'n groot aantal skrywers, het Abel Coetsee sy beskouinge oor die rol van die skrywer helder gestel. Vir hom was jy nie Afrikaanse skrywer bloot omdat jy die Afrikaanse taal as instrument gebruik nie. Nee, jy was Afrikaanse skrywer omdat die Afrikaanse taal en letterkunde verweef is met die groei en tradisies van jou volk. Die Afrikaanse taal, letterkunde en die Afrikaanse volk is EEN! As Afrikaanse skrywer het jy daarom 'n verpligting teenoor jou Afrikaanse gemeenskap. Die skrywer moet vry wees maar slegs binne die beperkings hom deur sy gemeenskap opgelê. So gebruik hy die volgende woorde in 'n referaat gelewer tydens die Uniale Kongres van die Afrikaanse Skrywerskring te Pretoria in 1958:

“Wanneer ons as woordkunstenaars 'n sodanige hoogvlammende bewustheid in ons omdra, kan ons nie anders wees as vrymanne van die gees nie, en ons kan nie anders as om te weet dat die hoogste vryheid daarin bestaan dat 'n mens die binding van jou bande aanvaar en daarna leef en werk nie — al skaaf die tuig ook al...”

Die raad wat hy in 1963 aan die skrywers gegee het wat so heftig te velde getrek het teen die Publikasiewet is vandag nog net so geldig: "Moenie skreeu nie, skryf!" En moontlik is daar inderdaad vandag heelwat meer skrywers wat sy ewewigtigheid van destyds kan waardeer, meer skrywers wat besef dat jy jou nie kan distansieer van die man wat jou boek moet lees nie, meer skrywers wat besef dat die wind jou woorde — hoe luid ook al — verdun, uitrafel en in die niet laat verdwyn, terwyl wat jy goed op papier stel, tussen twee buiteblaaie bewaar bly.

Om oor sy letterkundige skeppings uit te wei, sou buite bestek van 'n kort artikel soos dié val. Ons verwys daarom graag na o.a. die twee insiggewende artikels van dr. C. W. Hudson, opgeneem in "Tydskrif vir Letterkunde", Mei 1966 en "Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal" 29/2,3 1973, Nuwe reeks 18-19 en die bespreking van sy laaste letterkundige publikasie *Naatlos* in "Tydskrif vir Volkskunde", Jaargang 29/4, Oktober 1973.

Drie bundels poësie het van hom verskyn, nl. *Die Halwe God* (1958), *Ruiter in die Wind* (1961) en *Die Spieël Breek* (1964). Fasette van sy verskuns is die herinneringe uit sy jeugland, religieuse bepeinsinge, die groot worsteling met die vraag: "Wie en wat is ek?" en die oorheersende en dringende besef dat God se Hand agter alles is en oor alles uitgestrek is — daarom aanvaarding en versoening.

Sy eerste prosabydrae, "Die Tuin op die Wilkerstomp" het in 1929 in *Die Natalse Afrikaner* verskyn en daarna het 'n aansienlike lys prosaskeppinge gevolg. Twee romans *Waarheen Vader* (1940) en *Aan die Dag se Soom* (1946) het verskyn, gevolg deur twee novelles *Waar die Waterbul Brom* (1946) en *Dans van die Dwarrelwinde* (1950). *Lewenslank*, 'n "lang skets," volgens Hudson, het in 1947 die lig gesien. In 1936 het daar reeds 'n bundel kortverhale *Skimme van die Goudstad* verskyn en in 1973 *Naatlos*, 'n versameling sketse, kortverhale, 'n novelle e.s.m. Daar was ook radioverhale en -sketse soos *Uit my Kontrei* (11-10-1956), *Vol Korwe* (28-1-57) en *Die Rooi Angelier* (21-4-59). Daar was 'n menigte radiopraatjies soos *Woeling en Wording* (1961) uitgesaai onder die titel: *Uit ons Aarde* en verder *So Langs die Pad* (1962) en *Die Ossewa* (1966). Hy was ook medewerker van 'n aantal oorsese blaaie soos *Dietse warande en Belfort* en *De Spectator*. Reeds so ver in die verlede as 1966 is bereken dat hy meer as 1 500 artikels oor allerlei onderwerpe geskryf het, een per week dus vanaf die begin van sy skrywersloopbaan.

Gun ons 'n kort paragrafie oor *Naatlos*, sy laaste boek. Dié werk, so ryk aan verskeidenheid, is tog klinkklaar 'n samevatting van die agtergrond, lewensbeskouing, geloofsoortuiging, letterkundige belydenis en volksverbintenis van Abel Coetzee. Ons maak kennis met twee bydraes wat skitter in ons letterkunde: *Marta Maria* — 'n moderne sage, die kort intuïtiewe, as't ware verbysterende openbaring van die kringloop van lewe en dood en dan, waarskynlik die hoogtepunt van die werk. *Vanag was ek in Rusland*, 'n unieke reis, produk van die droom en onderbewussyn. Soos vroeër reeds staan hy deernisvol teenoor veral die "armes van gees". ('n Mens wil graag glo dat, indien sy gesondheid hom dit toegelaat het, hy 'n verhaal vol deernis sou geskryf het oor 'n resen-

sent van 'n Afrikaanse Sondagblad wat duidelik in bogenoemde "arm van gees-kategorie" val en *Naatlos* binne 'n paar reëls wou afmaak as "blaserigheid").

Sy aktiwiteite op volkskundige gebied sou genoeg gewees het om sy naam onuitwisbaar in die lewe van die Afrikaner volk te skryf. Maar wat ons op kulturele vlak werklik aan hom verskuldig is, leer ons tot 'n mate uit die lys wat hieronder volg. (Is dit volledig?) Die man se enorme werkkrag en die wye gebied waaroor sy aktiwiteite gestrek het, wek verbasing en verwondering:

Direkteur: Buro vir Taal- en Volkskundige Navorsing 1940-1966.

Dekaan Fakulteit Lettere 1954/55/56.

Aangewys deur die S.A. Akademie as samesteller van *Volkskundige Atlas*, 1955.

Voltooi aflewering 1 — 1956, en tree uit.

Lid: Staande Komitee S.A. Akademie vir Volksgeneeskunde, lei projek Boerate teen afloop 1964, en berei verslag voor vir Minister.

Lid: S.A. Akademie — Staande Komitee — Taalgeografiese en Volkskunde-Atlasse.

Lid: Ensiklopedie vir Sprokiesvorsing en Volksverhaal.
-Kurt Ranke, Duitsland; lei hier die span wat Afr. sprokies katalogiseer (Dr. S. C. Hattingh, dr. P. D. Swart, dr. Willie Loots).

Lid: Adviesraad, Kleurling-Universiteit, Belville.

Lid: Sameroepende Komitee, Internasionale Taalgeografiese Kongres, Brussel 1960.

Ere-Redaksielid — Ons Erfdeel, Vlaandere.

Stigterslid, Adjudant-Generaal, Handhawersbond.

Redakteur: Die Handhawer.

Stigterslid, Hoofsekretaris: Die Afrikaanse Skrywerskring — Na 20 jaar Hoofvoorsitter — Aanvanklike Administrateur: Tydskrif vir Letterkunde.

Later Redakteur.

Stigterslid en Voorsitter: Die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde.

Medestigter en Hoofredakteur: Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal.

Stigterslid en Sekretaris: Die Johannesburgse Skakelkomitee.

Lid:
S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.
Maatschappij der Nedl. Letteren, Leiden.
Historische Genootschap, Utrecht.
Maatschappij voor Taal en Letteren.

Lid: Nedl.-Z.Afr. Vereniging.

Medewerker:

1. Volkskunde — Amsterdam.
2. Orbis — Internasionale Tydskrif vir Volkskunde.
3. Encyclopedia Britannica — vir gereelde jaarlikse oorsig, Afrikaans 1950-1960.

Lid:

1. Skoolraad, Johannesburg.
2. Beherende Liggaam, Helpmekaar.
3. Africana-museum.
4. Stadsbiblioteek, Johannesburg.
5. Reviseur: Afrikaanse Psalmberyming namens Ned. Herv. Kerk.
6. Internasionale Huldigingskomitee Prof. J. L. Grootaers, Brussel.
7. Medewerker, Volkskunde: WAT.
8. Medewerker, Volkskunde Ensiklopedie R.S.A.
9. Lid: Koninklijke Zuid-Nedl. Maatschappij voor Taal en Letteren.
10. Raadslid en Voorsitter: Die Johannesburgse Kunskollege.
11. Lid: Redaksiekomitee HANDHAAF.
12. Lid. Toesigkomitee: RAU: Afrikaner aan die Rand.
13. Lid: Nas. Kultuurraad, F.A.K.
14. Raadslid A.T.K.V.-Volkskultuurstigting.
15. Erelid — A.T.K.V.

Afrikaanse Skrywerskring.
Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde.

In die *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, jq. 29/2-3, nuwe reeks Nr. 18-19, April-Julie 1973, het verskyn van dr. P. E. Raper: *Abel J. Coetzee — Bibliografie* (bl. 57-72).

* * *

Op 19 Junie, kort na sy 69ste verjaarsdag en na 'n lang tydperk van liggaamlike en geestelike lyding is Abel Coetzee in sy slaap oorlede. Baie dinge moes noodgedwonge uit sy lewe verdwyn, maar één ding het hy steeds bly doen — hy het bly bid. Ek sluit daarom af met die volgende woorde — sy eie:

“Ek, ek ly nog aan die ou kultuur, aan die ou instellings van sedelikheid en godsdiens, en ek probeer nog onderskei tussen goed en kwaad, ek weet wat myne is en wat joune, vir my berus die verskil tussen volke nie op sintuiglike bedrog nie, ek vertrou op 'n Goeie God, ek probeer my lewe inrig volgens die ou geloof omdat ek vertrou dat EK is en dat ek IS in en deur Hom. Ek gevoel my 'n Godgelowende en 'n God-aanbiddende mens, vir wie God die maker is van al wat is, wat was, en wat ooit sal wees, die Orde in die Ordelikheid en Wetmatigheid wat so diepsinnig en omvangryk en tegelyk so eenvoudig deursigtig is dat selfs die mens 'n skimbeeld kan vorm van die ewig vervloeiende vorm en met die oë van 'n kind die reinheid en die ewige vaste orde daarvan kan aanskou — die Kern van alle dinge, die Vorm wat blywend is en wat in die Ewige Vloeiing ook Sy Wil laat geskied.

Ons ken ten dele en ons weet ten dele, en dit sal nooit anders wees dan dat ons só ken en só weet nie. Maar wat ons ken en wat ons weet is aan ons gegun tot ons vertroosting en tot die versterking van ons geloof aan die Ewige, Enige God van gister, vandag en more. Wat ons ken en wat ons weet — uit die aard daarvan altyd betreklik — moet dien daartoe om ons sin vir waardes te behou en om waardige en waardevolle skepsels te bly, vaste punte deur al die vervloeiinge heen — die ewewigtige in die vervloeiing.” (*Tydskrif vir Letterkunde*, Jaargang 9, No. 2, bl. 76-77).

WILLEM M. ROGGEMAN

EEN FATA MORGANA IN VLAANDEREN

De vogels vielen plots dood neer.
De vissen verdorden in het water.
De bomen trokken hun wortels uit de aarde.
Hun bladeren stortten loodzwaar neer.
Ik glimlachte.
Op het strand hield de branding op.
De bergen zakten in elkaar.
De bloemen hielden hun geur in.
Woorden vielen uiteen in lettergrepen.
Ik glimlachte.
De aarde hield op met draaien.
De eeuwigheid begon.
Ik glimlachte.
De mieren stonden versteend in lange rijen.
De pauwen trokken hun veren uit.
Het gras begon een blauwe droom.
Ik glimlachte.
De steden stierven uit.
De rozen begonnen te bloeden.
De stilte brak los.
De eindeloze slapeloosheid begon.
En ik, ik keek naar jou.
De zon scheen in mijn gezicht.
Ik knipperde met de ogen.

DE GEHEIME LIEFDE VAN EEN DICHTER

Hij hield van de bewegingen
die ze maakte tijdens haar slaap.
Het trillen van haar oogleden
en soms ook even van haar lippen.
Verdriet heeft hij nodig
om te kunnen schrijven, achteraf,
als hij afstand heeft genomen,
dacht hij, denkt hij,
Liefde is een huis
met te veel kamers
waarvan de glazen muren zijn weggehaald.
En wanneer de vrouw
zoals altijd te verwachten valt
uiteindelijk toch is weggegaan
blijft er alleen een vermoeden,
een raden naar de leegte,
hoe tijd de pijn verdrijven kan,
een zich koesteren
in wat achtergebleven parfum.

NET ALS TOEN

Geluk is een gevoel
dat je alleen uit dromen kent.
De wereld wordt dan weer van aarde.
De mensen lijken dan zo vriendelijk
alsof het dieren waren.
Je weet het, zij stond vrijblijvend
tegenover jou, leeg
van elke indruk, jarenlang.
Zo ontwaakte je telkens
als iemand anders
dan wie je in de droom was geweest.
Want verdriet is nooit nieuw,
het komt altijd om de hoek kijken
als een oude langverwachte bekende,
maar toch op de ogenblikken
dat je er het minst tegen bestand bent,
b.v. als ze voorgoed van je weggaat
en vaarwel komt zeggen
met vreemde vochtige lippen.

ONDERTUSSEN GEBEURT ER ALTIJD WAT

Wanneer ik iets zeg
wordt het altijd wat anders
dan wat ik bedoelde.
De woorden, ja
zij liggen voor de hand,
maar zij komen zo moeilijk
over, zo moeilijk over de lippen.
Ik hoef haar handen
niet vast te houden
om te weten dat regen
tederheid is die valt
op bedauwd gras of mos
of iets anders nog
dat even zacht kan zijn,
bijvoorbeeld haar wang.
En als ik dit probeer te zeggen
weer met andere woorden natuurlijk,
dan kijkt ze me aan
welwillend als een vreemdeling.
Zij is mijn steeds terugkerende droom
iets dat bijna het gevoel is
dat men krijgt
bij het instorten van het huis
nadat men de deur achter zich heeft dichtgetrokken.

'N EERSTE VERKENNING VAN ENKELE ASPEKTE VAN ANDRÉ
P. BRINK SE KRITIESE WERKSAAMHEDE.

I

André P. Brink is tans as resesent van *Rapport* waarskynlik die bedrywigste kritikus in Afrikaans. In die afgelope jaar is byna alle letterkundige publikasies in Afrikaans, sowel prosa as poësie en drama, deur hom beoordeel. Daarbenewens was hy ook baie aktief in die bespreking van inheemse Engelse literatuur.

Omdat Brink vir 'n Sondagkoerant met 'n groot leserskring skryf en daarby besonder produktief is, kan dit met redelike sekerheid aanvaar word dat sy interpretasie en waardebeplanning groot invloed op die algemene publiek sal hê. In die lig hiervan sou dit sinvol wees om sy boekbesprekings aan 'n kritiese ondersoek te onderwerp. So 'n ondersoek sal egter ook rekening moet hou met Brink se teoretiese geskifte en aktiwiteite as Sestiger, aangesien baie van sy standpunte en uitsprake in die lig daarvan beter verstaan kan word. Benewens *Aspekte van die nuwe prosa*¹ en *Aspekte van die nuwe drama*² en *Orde en chaos*³ het hy ook *Die poësie van Breyten Breytenbach*⁴, 'n publikasie in die *Blokboekreeks*, die lig laat sien, en die afdeling oor die Afrikaanse prosa behartig in Lindenbergh, e.a.: *Inleiding tot die Afrikaanse Letterkunde*⁵.

Die doel van hierdie opstel is om enkele aspekte van Brink se kritiese werksaamhede te verken, nie om 'n volledige studie van al sy geskifte te maak nie. Die klem sal hoofsaaklik val op sekere tendensies in die boekbesprekings wat in *Rapport* verskyn het.

II

'n Opvallende kenmerk van Brink se resensies in *Rapport* is 'n neiging om in die loop van die bespreking te verwys na dinge wat nie direk ter sake is by die werk wat beoordeel word nie. Die belangrikste sake waaroor hy hom by herhaling uitlaat, is die hele kwessie van sensuur en sommige Afrikaanse kritici, by name T. T. Cloete en A. P. Grové. Hierdie reaksie van Brink op dinge wat wel van belang is vir die Afrikaanse literatuur in die algemeen, maar wat nie altyd verband hou met die werk onder bespreking nie, hou wesenlike gevare in en bring mee dat sy objektiwiteit nie altyd sonder meer aanvaar kan word nie. Dinge van buite die boek wat nie nodig is om 'n waardeoordeel te help vorm nie, word nie altyd buite rekening gelaat by Brink se beoordeling van publikasies nie. 'n Paar voorbeelde van hierdie verskynsel sal dien om dit nader toe te lig.

Omdat hy hom al herhaaldelik daarvoor uitgespreek het, is Brink se opvattinge oor sensuur teen hierdie tyd by die Afrikaanse leser oorbekend. In 'n gesprek met Abraham de Vries maak hy o.m. die volgende stellings: "Sensuur is 'n belediging vir die waardigheid van die mens . . . Ou broer, sensuur is die verdediging van die diktatuur, van die absolutisme, en hy reflekteer maar sleg op ons".⁶ In 'n toespraak by

die somerskool van die Universiteit van Kaapstad skryf hy die kwynende gees van Sestig o.m. toe aan die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede en die "vretende, broeiende, bese klimate wat daar rondom geskep is".⁷ In 'n latere toespraak by dieselfde geleentheid rig hy die volgende boodskap aan "die owerhede, magte en duisternisse bo ons": "Ons het julle notice nie ge-accept nie. Ons sal nie ophou praat en skryf soos ons gewetens aan ons voorsê nie".⁸

Hieruit is dit duidelik dat Brink sensuur in die algemeen teenstaan en opstandig voel oor die Suid-Afrikaanse sensuurstelsel in die besonder. Dié oortuigings wat hy koester, pas miskien goed in omstandighede soos dié waarin die aangehaalde stellings gemaak is, maar om 'n opmerking soos die volgende in 'n boekbespreking teë te kom, lei dadelik tot die vermoede dat dit nie meer net om die boek — in hierdie geval *Die kwikstertjie* van Jan Scholtz — gaan nie: "Ook maar goed Tannie Jannie sit nie meer bo-op die Sensuurraad nie".⁹ Die slotparagraaf van die bespreking van Wopko Jensma se bundel *Where white is the colour where black is the number* laat 'n mens vermoed dat Brink die werk hoër aanslaan omdat dit "in weerwil van sensuur en reg teen sensuur in"¹⁰ geskryf is. Die resensie oor J. M. Coetzee se *Dusklands*¹¹ bevat 'n bespiegeling of "sensuur en amptelike skynheiligheid" nie daartoe aanleiding gegee het dat Coetzee sy boek in Engels geskryf het nie — 'n interessante vraag, maar iets wat niks met die gehalte van die werk te make het nie en sekerlik nie bevorderlik vir 'n ewewigtige oordeel is nie. Brink bemoei hom hier met moeilik bepaalbare genetiese gegewens, 'n soort "intentional fallacy", en gevolglik 'n buite-literêre ooreweging.

Hierdie herhaalde verwysings na sensuur word op die lange duur neulerig en is 'n hinderlike en onnodige element in Brink se kritiek. Waarskynlik in reaksie op die instelling van die nuwe sensuurstelsel in Suid-Afrika en die eerste verbod op 'n Afrikaanse roman gebruik Brink sy resensies in *Rapport* om te velde te trek teen sensuur en die persone wat daarby betrokke is. Die ergste voorbeeld van hoe hy romans en gedigte inspan in hierdie aanvalle is te vinde in die slotparagraawe van die bespreking van Welma Odendaal se *Getuie vir die naaktes*:

"Want boeke soos dié vorm stadigaan barrikades teen die grofgeskut en die stinkbomme van sensuur.

"Só oorwin 'n literatuur uiteindelik.

"En dit sal my nie verbaas as Welma Odendaal nog iets van 'n Jeanne d'Arc op die mure word nie".¹²

'n Werk met geen sodanige pretensies nie word deur Brink op 'n geheel onregverdigbare wyse ingesleep in die skrywersoorlog waarvan hy melding maak. Weer eens is dit nie primêr in reaksie op die werk wat hierdie bewerings gemaak word nie, maar ter wille van 'n ander doel.

III

Ook wat betref Brink se houding teenoor die Afrikaanse kritici, kan daar min onduidelikheid bestaan by iemand wat met sy uitlatings

in dié verband bekend is. In *Gesprekke met skrywers* kom dit baie duidelik na vore: “Is daar ander literature ook, dink jy, waar die kritiek so amper die prerogatief van blindes en ecoë is? Met net die min, min uitsonderinge, Antonissen en so . . .”¹³ Antonissen word ook by ’n ander geleentheid genoem as die kritikus wat “byna uitsluitend” “ruim en modern” oor nuwe werk geskryf het.¹⁴

Die kritiek wat in hierdie verband teen Brink uitgespreek gaan word, stem sterk ooreen met die besware teen sy verwysings na sensuur, en in albei gevalle is dit onafhanklik van die leser se persoonlike opvattinge oor die onderwerp. Die besware het dus nie betrekking op Brink se siening van die sensors, of Cloete en Grové nie, maar alleenlik teen die wyse waarop dit in sy kritiek na vore kom. Brink is vanselfsprekend geregtig op sy opinies, maar wanneer dit so blatant en so dikwels in sy besprekings na vore kom, sal die leser dit nie altyd aanvaarbaar vind nie.

Die vermoede ontstaan dat Brink se kritiese bedrywighede doelbewus populêr van aard wil wees omdat dit in die Sondagpers verskyn. Aangesien ’n wye leserspubliek betrek word, word dit dikwels ’n verbinding van die literator met die causeur. Selfs uit hierdie oogpunt beskou, bly die besware wat teen Brink se werkwyse geopper kan word, geldig.

In sy bespreking van Johan de Jager se *Haggadâ vir ’n wit Afrikaan*¹⁵ verwys Brink met drie uitroeptekens na die vermeende wanopvattinge van Cloete en Grové oor die verhouding kuns-werklikheid, en in ’n ander resensie word gesê dat “selfs A. P. Grové al oortuigend aantoon het dat die dramatiese byna onontkombaar in alle poësie is”.¹⁶ In albei gevalle is dit moeilik om die relevansie van die opmerkings in te sien, en lyk dit inderdaad na ’n poging om Cloete en Grové as kritici te diskrediteer.

Ook die bespreking van *Losgoed*¹⁷ van Bartho Smit is van hierdie tendens nie vry te sreek nie. Wat hier veral opval, is die sterk sarkastiese inslag van die opmerkings oor “die Cloetes en Grovés van ons literatuur”. P. D. van der Walt se oopheid teenoor nuwe werk in *Bestek*¹⁸ word aangeprys en lei uiteindelik tot ’n oorevaluasie van die werk. Die opstel word ’n snedige kommentaar op “onse kritici” in ’n verstommende vertoning van literêre arrogansie: “O, onse kritici het hulle Welleksand-Warrens gelees; en so ’n bietjie Brooks en Stanzel; een of twee het selfs al *Ulysses* gelees. Maar ai, die manne sukkel”. Met verwysing na die beskuldiging van “ekkerigheid” wat teen Breytenbach ingebring is, word gesê:¹⁹ “hulle is so opgerig in die ek dat hulle geen gesnede ek voor hul aangesig kan verdra nie”.

Hierdie opmerkings val heeltemal buite die toon van die betrokke resensies waarin hulle voorkom, en is bevreemdend omdat Brink nêrens aantoon wat sy eintlike besware teen die kritiese ingesteldheid van “die Cloetes en Grovés” is nie. Weliswaar lei ’n mens af dat Brink dit het oor hul beskouing van die verhouding tussen fiksie en werklikheid, en teen Elize Botha word die beswaar geopper dat sy soms skryf om ’n standpunt te bewys. Maar wat van die ander van “onse kritici”, soos Lindenberg en Kannemeyer? In die afwesigheid van enige wetenskaplik gefundeerde weerlegging van die standpunte waarteen Brink in opstand

kom, bly die vae veralgemenings en suggesties wat die resensie bevat, 'n moedswillige poging tot verdagmaking wat uiteindelik meer van Brink onthul as van die kritici waarteen hy hom verset. Om in 'n kort bespreking in taal soos wat Brink hier gebruik, vae en ongestaafde kritiek uit te spreek teen al die Afrikaanse kritici, dui op 'n gebrek aan nuanse.

Brink se optrede teenoor Cloete en Grové laat 'n mens vermoed dat hy primêr reageer op hulle aandeel aan die sensuurstelsel in Suid-Afrika, soos dit veral onder die aandag gekom het in hul rol as getuies by die hofsak wat gevolg het op die verbod van Brink se *Kennis van die aand*. Die politieke betrokkenheid wat geblyk het uit hul antwoord op Lindenberg se verklaring oor die toekenning van die Hertzog-prys in 1974 is waarskynlik ook 'n bydraende faktor.²⁰

IV

Dit is egter nie slegs verwysings na sensuur en die kritici wat 'n vertroebelende uitwerking op Brink se boekbesprekings het nie. Uit sy resensies in *Rapport* is dit moontlik om 'n hele bloemlesing saam te stel van sy menings oor aktuele aangeleenthede. So moet die leser byvoorbeeld hoor wat hy dink van Nasionale politici,²¹ die snelweg langs die tuinroete,²² die taalfees²³ en mense wat hul besig hou met die wit in die poësie.²⁴

Afgesien van hierdie steurende sydelingse opmerkings gebruik Brink ook soms sy resensies in *Rapport* om meer direk op ander publikasies en uitsprake van persone te reageer. Drie voorbeelde kan dien om hierdie stelling nader toe te lig.

In die bespreking van Dick Findlay se *Bitter lied van die somer*²⁵ word met verwysing na Jac J. Brits se *Bagasie sonder bestemming* gesê: "Nou het die heer Brits 'n paar maande gelede baie bitterbek geraak oor ek dit gewaag het om op die déjâ vu-kwaliteit van sy stukkie te wys". Uit die bespreking wat Brink skryf, blyk duidelik dat hy van die geleentheid gebruik maak om op Brits se besware te antwoord, en Findlay se drama word gebruik om die argument te staaf. Die aangehaalde opmerking is ook 'n versteuring van die toon waarin die resensie geskryf is.

In die bespreking van Karel Schoeman se roman *Die noorderlig*²⁶ beantwoord Brink Hennie Aucamp se beweringe oor die tematiese "voorskrytelikheid" van skrywers en kritici.²⁷ Sy reaksie hierop lewer 'n bewys dat Aucamp se besware op die regte ore geval het, maar, soos ek later sal aantoon, is die "bietjie perspektief" wat hy op Aucamp se woorde lewer, nie altyd te rym met sy kritiese bedrywighede nie.

'n Opvallende voorbeeld van hierdie soort hebbelikheid is te vinde in Brink se reaksie op P. W. Grobbelaar se reeks (*Die Afrikaner en sy kultuur*, C. F. Gronum se *Transportry, runderpes en poskoetse* word bespreek onder die opskrif: "Hier is tog kultuur sonder Grobbelaar se groot-K").²⁸ Dit is enige resensent se reg om in die loop van sy bespreking te verwys na ander werke wat ter sake is, maar Brink se onbeheersde verdoeming van die eerste twee aflowerings in Grobbelaar se reeks as "pretensieuse boeke" en "Kultuur-met-'n-groot-Kaa", is onreg-

verdigbaar en 'n openbaring van swak smaak. In hierdie vorm benewel Brink se reaksie op 'n ander werk die hele resensie, en lewer hy ironiese kommentaar op die beskuldigings wat hy aan die deur van ander kritici lê.

In die bespreking van Goldblatt se *Some Afrikaners photographed*²⁹ word daar weer na die reeks verwys met 'n verdere skimp in die rigting van almal wat kultuurkunde beoefen, blykbaar in 'n poging tot selfregverdiging: "Al swot ek nou nie, soos party vrome Fronemannetjies, 'kultuurkunde' nie, het ek darem effens 'n idee van wat kultuur inhou".

Die derde publikasie in Grobbelaar se reeks, P. H. Kapp se *Ons Volksfeeste*, word in *Rapport* deur Brink geresenseer.³⁰ Voordat hy by die boek self uitkom, beantwoord Brink egter eers 'n "naïewe briefie" wat hy van 'n Stellenbosse leser ontvang het, en onderskei hy vervolgens tussen gewone mense en "Groot-Kaa-Kultuurmense". Die waardeoordeel oor die boek berus klaarblyklik baie sterk op die vraag tot "watter van dié twee publieke "Grobbelaar se reeks spreek, sodat die leser uiteindelik 'n maatstaf word. Wanneer Brink ten slotte verwys na die "Ridders van die Groot-Kaa" is dit duidelik dat hy sy eie spitsvondighede onweersaanbaar vind in sy onvanpaste kommentaar op die taalfees. Die resensie as geheel word so 'n warboel van kommentaar op die boek onder bespreking en persoonlike reaksies van Brink dat dit beswaarlik as 'n gebalanseerde betoog bestempel kan word, selfs al maak 'n mens die toegewing dat hy vir die Sondagpers skryf.

V

In die ondersoek wat tot dusver na Brink se kritiese bedrywighede ingestel is, het die aksent soms geval op resensies van werke wat nie suiwer literêr van aard is nie, omdat baie van die besware wat daarteen ingebring kan word, simptome is van Brink se kritiek in die algemeen. Die gevare wat die genoemde verskynsels inhou, blyk baie duidelik. Die aard van Brink se boekbesprekings lei dikwels tot die gevolgtrekking dat dit nie primêr 'n reaksie op die werk alleen is nie, maar op dinge buite die werk om. Die resensent met sy persoonlike menings kom staan dikwels tussen die leser en die werk en maak gebruik van die geleentheid om aanvalle in verskeie rigtings te loods. Die polemiese aard van 'n resensent se kritiese werksaamhede is nie as sodanig 'n beswaar nie. Waar dit egter gepaard gaan met onbeheerste veroordelings en reaksies op dinge wat nie ter sake is nie, soos in Brink se boekbesprekings, word dit beslis afkeurenswaardig.

In verskeie resensies verval Brink in 'n gemoedelike geselstrant wat die betoog na 'n informele gesprek laat klink. Van hierdie verskynsel is die besprekings van Bartho Smit se *Bacchus in die Boland*³¹ en *Die kwikstertjie*³² van Jan Scholtz goeie voorbeelde. Ook is hy besig om stelselmatig 'n eie stel clichés op te bou. Woorde soos "verbysterend", "verstommend", "verrassend" en "aangrypend" is emosioneel-gelade terme wat weinig meer onthul as die kritikus se subjektiewe reaksie. Veral die bespreking van Wopko Jensma se *Where white is the colour where black is the number*³³ neig sterk in die rigting van die vroeëre impressionistiese kritiek van o.m. F. E. J. Malherbe.

Die polemiese aard van Brink se resensies verhoed 'n werklik onbevange benadering. Besprekings waarin hy 'n koel wetenskaplike beskouing end-uit volhou, is seldsaam, en dit lyk soms of hy aan dieselfde kwaal ly as die waarvan hy Elize Botha beskuldig. Wat tot dusver in die bespreking van sy kritiek gesê is, het egter slegs betrekking op taamlik oppervlakkige verskynsels wat nie *noodwendig* 'n invloed op sy waarde-oordeel hoef te hê nie. In sommige gevalle lyk dit asof sy objektiwiteit ook daaronder ly, maar vir 'n grondiger naspeur van Brink se normatiewe ingesteldheid is dit nodig om sy opvattinge oor betrokkenheid in beskouing te neem. Soos ek sal probeer aantoon, lê Brink se idees oor vernuwing en betrokkenheid in 'n groot mate ten grondslag van sy kritiese benadering.

In hierdie opsig is twee kardinale vrae aan die orde, nl. wat Brink se siening i.v.m. betrokkenheid is en watter rol dit in sy kritiek speel.

VI

Die begrip “betrokkenheid” in die literatuur is van 'n problematiese aard: dit bring die moeilike verhouding tussen fiksie en werklikheid, waaroor Brink in 'n knap hoofstuk in *Aspekte van die nuwe prosa*³⁴ besin, opnuut ter sprake. Brink stel hom duidelik op die standpunt dat die roman geen spieël van die werklikheid kan wees nie: “a) omdat dit klaar interpretasie deur 'n bepaalde medium is; en b) omdat ons eenvoudig nie kan praat van die ‘werklikheid’ asof dit 'n vaste, omskrewre, herkenbare, absolute stel dinge is nie”.³⁵ Oor die tweede rede kan daar miskien geargumenteer word, maar Brink is korrek as hy sê dat die roman 'n selfstandige werk is wat nie aan die werklikheid getoets kan word nie.

Hoe meer “betrokke” die kunswerk egter is, hoe meer waarskynlik word dit dat die toets van die werklikheid aangewend kan word, en hoe groter word die potensiele bedreiging vir die selfstandigheid daarvan. Hoewel die roman geen spieël van die werklikheid is nie, is dit altyd in meerdere of mindere mate 'n soort weergawe daarvan: die roman neig na die werklikheid. Indien die spanning tussen werklikheid en fiksie te groot word binne 'n bepaalde werk, kan dit moontlik die geslotenheid van die romanwêreld as iets onafhankliks van die buitewêreld ondermyn. Wat ek hier aanvoer, is geen argument teen betrokkenheid nie, maar slegs 'n poging om aan te toon dat die betrokke kunswerk eiesoortige probleme meebring. Hierdie probleme is nie slegs literêr van aard nie, soos die verbod op *Kennis van die aand* en die polemieë oor die sogenaamde “wanvoorstelling” in die roman duidelik illustreer. Die werk is inderdaad, ook deur sommige kritici, aan die werklikheid getoets.

Dit wil voorkom asof die prosa — veel meer as die poësie — dié instrument vir betrokkenheid is. Soos Brink in 'n opstel in *Standpunte* oortuigend aantoon, lyk dit asof die roman of kortverhaal meer ruimte laat vir sosiale bemoeienis as ander genres: dit “skyn te ontstaan uit 'n samelewing se behoefte om die wêreld duideliker en omvattender te deurkund en te deurpraat: of eintlik te deurbeëld”.³⁶ In die res van hierdie opstel sal die klem gevolglik sterk val op die prosa en Brink se bespreking daarvan.

Die gevaar wat ontstaan by aanhangers van betrokkenheid wat as kritici optree, is dat hulle die werk later nie meer as selfstandige skepping sien nie, maar in terme van een of ander sosio-politieke of religieuse doelstelling van hul eie. Hierdie opstel is egter geen poging om intensief op hierdie aspek in te gaan nie. Die term “betrokkenheid” het bowendien geen omlýnde betekenis nie, met die gevolg dat enige persoon se siening daarvan uiteindelik bepaal sal word deur die waarde wat hy persoonlik daaraan heg. Die uiteenlopende menings wat by die simposium oor die Sestigters in Kaapstad oor die onderwerp uitgespreek is, illustreer die vaagheid van die begrip.³⁷ Dit is dus noodsaaklik om te vra wat Brink presies by betrokkenheid bedoel.

VII

Brink se opvattinge oor betrokkenheid hou geen verband met die siening van sommige skrywers dat die roman outomaties by die mens betrokke is nie, maar is veel enger omlýn. In sy *Standpunte*-opstel sê hy: “Wanneer daar in hierdie essay gepraat word van betrokke literatuur, *littérature engagée*, dan word dit bedoel in die Sartreaanse sin³⁸ van betrokkenheid by *die hier-en-nou van die sosio-politieke konteks* waarin die skrywer hom bevind”.³⁹ *Die begrip ‘betrokkenheid’ sal ter wille van die helderheid in die res van die bespreking in hierdie betekenis gebruik word.* Betrokkenheid kan direk of ‘oblique’ wees en in die huidige situasie sal dit volgens Brink beteken “die verhouding van die skrywer (of ideaal gesproke die *werk*) en Suid-Afrika; die werk en Afrika”.⁴⁰ Die artikel in *Standpunte* bevat ’n hartstogtelike pleidooi dat die Afrikaanse skrywer hom ook na die geëngageerde roman moet wend. Brink word pleitbesorger vir ’n nuwe bestekopname in die literatuur, vir kuns as “kontestasie”, wat by implikasie ook vyandigheid teenoor die bestaande politieke situasie impliseer, en ’n poging om die vraag te beantwoord: “Waar is ons tuis? — in Europa, of in Afrika?”⁴¹

Brink sien naas die estetiese doelstelling van die kunswerk baie duidelik ook ’n sosiale of politieke funksie daarin: “. . . die roman is ’n kuns in terme van sy romanaard, nie kragtens sy sosiale, politieke of watter ander tendens ook al nie: máár in elke tydperk ontstaan daar vir die kuns . . . ook ’n seker funksie . . . in so ’n tyd lê die funksie van die kuns in revolusie: nie maklike politieke revolusie nie, maar die soort voortdurende opstand teen alles wat die lewe onwaardig maak, soos dit veral deur Camus onder woorde gebring is”.⁴²

Ook in ander uitlatings van Brink word daar na Camus verwys as die model vir die kuns as opstand, as kontestasie, soos Camus dit gestel het in *The rebel*⁴³, in die onderhoud “The artist and his time”⁴⁴ en in sy toespraak by die ontvangs van die Nobelprys. In laasgenoemde rede sien hy die taak van die kunstenaar as tweërlei van aard: “Whatever our personal weaknesses may be, the nobility of our craft will always be rooted in two commitments, difficult to maintain: the refusal to lie about what one knows and the resistance to oppression”.⁴⁵ In “The artist and his time” sien Camus die skrywer as spreekbuis vir die onderdrukte en as instrument vir die herbevestiging van menslike waardigheid.

Brink se opvattinge sluit dus aan by dié van Camus, maar dit lyk tog asof daar êrens ’n klemverskuiwing of selfs ’n verenging ingetree

het by die idee soos dit deur Brink gestel word. Soos Camus voel hy “dat rebellie vir my ’n noodsaaklike dimensie is, van lewe en van kuns”,⁴⁶ maar waar Camus praat in terme van omvattender solidariteit met die mens, en dan uiteraard ’n groter medelye met dié mens wie se waardigheid aangetas word, is Brink se opvattinge baie sterker gerig op die onmiddellike konteks, die huidige Suid-Afrikaanse situasie. Brink beweeg na ’n tematiese voorskrytelikheid, soos opvallend blyk uit sy “persoonlike blik op die roman” by die simposium oor die Sestigters.⁴⁷

Die prominensie wat hierdie benadering in Brink se uitlatings kry, laat geen twyfel dat dit ten grondslag van sy kuns- en werklikheidsbeskouing lê nie. Dit is baie duidelik dat hy persoonlik dit as ’n noodsaaklike plig en ’n gewetensaak beskou om die Suid-Afrikaanse werklikheid in romanterme te beskryf en op dié wyse daarteen in opstand te kom: “Ek kan nie meer sit en skryf oor ’n liefde tussen twee mense as sodanig terwyl daar kinders om my doodgaan van honger nie. Dit het vir my ’n sweer in Sestig geword”.⁴⁸ By die Sestigterweek praat hy selfs van betrokke romans wat binne ’n sekere tydperk gelewer moet word.⁴⁹ Soortgelyke sentimente word uitgespreek in *Gesprekke met skrywers*.⁵⁰

VIII

So ’n sterk vooropstelling van betrokkenheid by ’n skrywer wat ook as literator optree, plaas vanselfsprekend ’n vraagteken agter sy kritiese oopheid. Brink stel dit in *Standpunte* duidelik dat betrokkenheid nie noodwendig met kwaliteit iets gemeen het nie, maar die vraag ontstaan of sy pleidooie vir geëngageerdheid nie ook ’n rol speel by sy waardebe-paling van literatuur nie. Die gevolgtrekking waartoe ’n mens kom by ’n analise van Brink se oordele is dat betrokkenheid soms ’n normatiewe element word, en dat die boek nie altyd aan sy eie werklikheid beoordeel word nie.

In sy opstel “Op soek na Afrika” maak Brink die volgende stelling oor een van Chris Barnard se kortverhale in *Duiwel-in-die-bos*: In ‘Bos’ sou Kirst, “onder meer, die verpersoonliking van Afrika self kan wees”.⁵¹ Brink beveilig homself deur die gebruik van “onder meer”, maar in sy naartog soektog na bewyse vir betrokkenheid in die Afrikaanse verhaalkuns is hy hier besig met ’n stukkie inlegkunde.

Teen *Mahala*⁵² van dieselfde skrywer word geprotesteer dat dit “’n oorvereenvoudiging van ’n oorbekende beeld (Darkest Africa) uit die 19de eeu” bevat, en dat die swartman nog te veel van ’n “skepsel” is wat geen betekenisvolle rol in die roman speel nie. *Mahala* is egter geen poging om ’n beeld van Afrika te gee nie. Dit is ’n uitbeelding van die geobsedeerde bewussyn van Delport waarvan die Afrika-beeld slegs ’n uitvloeisel is. Só gesien, kon die roman in werklikheid op enige afgeslote plek gesitueer gewees het. Vanuit die karakter van Delport, in romanterme dus, is die beeld van Afrika gevolglik volkome verantwoord. Hoe Brink se woorde versoenbaar is met sy aanvalle op Cloete en Grové oor werklikheid en fiksie, is onduidelik, want hier wend hy die toets van die werklikheid aan, soos dit deur hom gesien word. Dit is ’n maatstaf van buite die kunswerk, deur betrokkenheid ingegee, wat nie rekening hou met die roman as selfstandige struktuur nie en bots met Brink se

vroeër aangehaalde stelling dat die roman nie 'n spieëlbeeld van die werklikheid kan wees nie. Brink se teorie en praktyk stem blykbaar nie altyd ooreen nie. Wel sê hy aan die begin van die artikel dat die ondersoek eintlik "op die periferie van die literatuur" beweeg, maar besluit tog dat die eensydige beeld van Afrika *Mahala* se kompleksiteit *as roman* beïnvloed. Om homself blykbaar te beveilig, kwalifiseer hy die stelling deur te sê dat die roman "as ontginning van Afrika" hier ter sake is, maar dit maak sy stelling vrywel betekenisloos omdat die aksent nou byna heeltemal verskuif na buite die werk. Enige benadering wat ook normatief wil wees — en Brink maak hier normatiewe uitsprake — en die roman wil benader as iets anders as *roman*, hou nie genoegsaam rekening met die selfstandige aard van die kunswerk nie en gee aanleiding tot buite-literêre maatstawwe. As teenargument sou aangevoer kan word dat die opgaaf van die artikel volgens Brink se erkenning nie literêr van aard is nie, maar in *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde* kla hy ook oor die "té outyds-geromantiseerde 'Afrika'" in *Mahala*.⁵³

Een van die romans wat baie sterk deur Brink en ander kritici aangeprys is as 'n geëngageerde werk, is Karel Schoeman se *Na die geliefde land*. Sowel in *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*⁵⁴ as in *Standpunte*⁵⁵ beskou Brink die roman as een van die beste voorbeelde van betrokkenheid in die Afrikaanse literatuur. Hy beskou die vaagheid in die boek oor die aard van die politieke omwenteling wat plaasgevind het, as funksioneel omdat die angs daardeur vergroot word, en omdat die gevaar van sensasionele politieke literatuur só vermy word. Hy voel egter dat ontwyking van die gegewe 'n groot bedreiging vir die werk word.

Brink kyk 'n kardinale aspek van die roman heeltemal mis. Dit is wel so dat die vaagheid van die bedreiging die gevoel van angs vergroot, maar binne die roman word dit 'n wesenlike beswaar, want daar is 'n onverklaarbare diskrepansie tussen George se onkunde oor die situasie en die kennis wat hy op grond van sy agtergrond en gesuggereerde aard behoort te hê. Die romangegewe skep dus die verwagting dat George meer betrokke sal wees by die situasie.

Sowel die deug dat Schoeman nie goedkoop sensasie geskryf het nie, as die klagte oor moontlike ontwyking is dus nie heeltemal ter sake nie. Die groot beswaar teen die roman is nie die ontwyking nie, maar die manipulasie van die gegewe ter wille van die kontras tussen George en die ander figure. Dit beïnvloed uiteindelik ook die oortuigingskrag en geslaagdheid van die roman. In die lig daarvan dat Brink se opmerking oor die ontwyking nie gefundeer word in die diskrepansie in George se karakter nie, moet 'n mens aflei dat hy eintlik vra waarom Schoeman nie meer direk geëngageerd geskryf het nie. Sy reaksie op *Die noorderlig* help om hierdie vermoede te versterk: dit word direk gestel dat Schoeman die roman se gegewe werklikhede ontwyk, en 'n paragraaf later lui dit: "Het dit nie tyd geraak dat mens 'n slag reguit vra waarheen dit op pad is nie? So 'n alte fasidele bietjie skimp-op-'n-veilige-afstand?"⁵⁶

IX

Dit wil dus voorkom asof Brink se opvattinge oor betrokkenheid 'n besliste invloed op sy kritiese bedrywighede het. Uit die voorbeelde

wat hierbo genoem is, blyk egter ook dat hy geneig is om karakterisering as 'n faset van die verhaalkuns te verontagsaam. Hy is wel een van die eerste Afrikaanse literature wat die buitestaander as karakter na vore gebring het, maar oor die algemeen laat hy in sy beskouings nie altyd reg geskied aan karakterisering as 'n sentrale aspek van die verhaalkuns nie.

Hierdie gebrekkige aandag aan karakter gee aanleiding tot onjuiste uitsprake soos dié i.v.m. *Mahala* en *Na die geliefde land*. In sy reaksie op Aucamp se toespraak⁵⁷ stem Brink saam dat ook die betrokke kunswerk uit die "private ache" moet voortspruit, maar juis hierdie "ache" maak 'n groter betrokkenheid of 'n ruimer deurskouing van die werklikhede van Afrika vir Delport onmoontlik. Brink sal moet saamstem dat die betrokkenheid ook vanuit die *karakter* of karakters se "private ache" gemotiveer moet wees. Soos hy self sê,⁵⁸ gaan dit tog uiteindelik om die verhouding tussen *die werk* en Afrika. Wanneer dit by Schoeman se *Na die geliefde land* kom, word uitsprake oor dieselfde betrokkenheid gedoen sonder om na te gaan of dit oortuigend is in die lig van George se "private ache".

Hierdie verwaarlosing van karakter as noodsaaklike bestanddeel van die romanwêreld is baie opvallend in Brink se oorsig oor die Afrikaanse prosa in *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*. Brink is geneig om baie sterk te konsentreer op die ontginning van tegniese middele as vernuwende tendens in die prosa, soos duidelik blyk uit sy beklemtoning van relativisering en tyd as struktuurfaktor. Dit bring mee dat hy beswaarlik ooit genoegsame prominensie verleen aan die karakters wat net so 'n belangrike element in die prosa is. Die verklaring hiervoor is miskien dat Brink aansluit by 'n moderne stroming waarin karakter al hoe minder geaksentueer word. Dit het nietemin besliste gevolge vir sy kritiese arbeid. 'n Voorbeeld hiervan is die bespreking van C. M. van den Heever se *Laat vrugte* in *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*.⁵⁹ geen woord word gerep oor karakter nie, met die gevolg dat Brink die manipulasie van die karakters se wedervaringe en geesteslewe wat uiteindelik die noodwendigheid van die gebeure en die oortuigingskrag van die roman ondermyn, miskyk. Volgens Brink is *Laat vrugte* 'n "voortreflike roman", terwyl dit in werklikheid slegs in onderdele slaag maar as geheel 'n onbevredigende werk is. Sy benadering lei dus daartoe dat die roman nie altyd genoegsaam as geheel gesien word nie.

X

In *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde* maak Brink beswaar teen die karaktisering in *Bonga* van Elsa Joubert omdat dit "erg gedwonge is om tipes en standpunte teenoor mekaar te stel".⁶⁰ Hiermee kan 'n mens saamstem, want die onbevredigende karakterisering en die ernstige tweespalt in die vertellertegniek waarvan Brink praat, laat die roman oorwegend misluk. In *Standpunte* voeg Brink egter 'n verdere beswaar by: "As dit dan bowendins wil lyk of die verteller juis blank is (waarom anders al die verwysings na meide? waarom anders die kyk-van-bo na blankes as beskaafdes en Bonga as Raka-agtige skepsel wat beswaarlik kan artikuleer?) dan is die roman as ontdekking-van-Afrika klaar gedoem".⁶¹ In die eerste plek sou hierdie argument groter sin kon maak

indien Brink aantoon dat die spesifieke vertelhouing in *Bonga* vanweë sy besondere aard die roman verongeluk, maar hoe die blanke gesigspunt as sodanig die geslaagdheid van die roman kan beïnvloed, is onbegryplik. Die sin impliseer dat swartmense binne die ‘blanke’ oogpunt as ‘meide’ en ‘Raka-agtige skepsels’ gesien word, maar binne die ‘blanke’ standpunt is daar tog vanselfsprekend oneindige variasies wat binne die roman verskeie moontlikhede inhou. In ieder geval is die hele vraagstuk waarmee Brink hom hier besig hou, irrelevant by ’n literêre waardebeplating, want die alomteenwoordige verteller, soos dit in *Bonga* voorkom, het geen vasstelbare identiteit nie. Die stelling is ’n voorbeeld van hoe Brink sosio-politieke oorwegings by sy beoordeling van die roman ter sprake bring. Weer eens word daar egter ’n kwalifikasie bygevoeg: die roman as “ontdekking-van-Afrika” is ter sake. Maar selfs dan sou ’n mens ’n groter besef van die aard van die roman verwag. Brink probeer in sy geskifte soms ’n suiwer waarde-oordeel vel en soms die roman as sosiale instrument benader, en weet blykbaar nie altyd hoe om die twee gesigspunte uit mekaar te hou nie.

Weens die vooropstelling van betrokkenheid as literêre deug, speel die geëngageerdheid van die kunstwerk dikwels ’n rol in Brink se waardebeplating daarvan. Hierdie neiging is ook te bespeur in sy bespreking van nuwe werke in ander genres as die prosa.

Die slotparagraaf van die resensie van Johan de Jager se *Haggada vir ’n wit Afrikaan* lui as volg: “En bowendien ’n poësie waaraan ons vandag juis in Afrikaans behoefte het omdat dit met soveel eerlikheid sy bresse in die heilige mure slaan”.⁶² Die indruk ontstaan dat die aktuele aard van De Jager se poësie Brink se uiteindelijke waardeoordeel beïnvloed het.

The passing show van I. D. du Plessis word bespreek met groot waardering vir die “eerlike eenvoud” daarvan en die besorgdheid wat Du Plessis oor sy land openbaar. Dan vervolg Brink: “Daarom is dit sinvol dat dit juis uit Afrikaanse geleedere (en uit die pen van so ’n gerespekteerde mens) voortkom: en dat dit vir die Engelsspreekende toeganklik is. Dit hou iets in ons klimaat op”.⁶³ Nou is dit so dat die omstandighede waarbinne ’n werk geskryf is, die waardering van die individuele leser daarvoor kan verhoog, maar dit het niks met gehalte te doen nie, sodat ’n mens graag sou wil hê dat ’n resensent dié soort oorweginge vermy. ’n Mens wil Brink nie op dogmatiese wyse die reg ontsê om stellings van dié aard te maak nie, maar daar is te veel van die wêreld rondom en agter die kunstwerk in sy kritiek, iets wat wesenlike gevare vir sy objektiwiteit inhou. Die swaartepunt val nie altyd meer op die werk self nie. In sommige resensies beweeg Brink inderdaad baie naby aan die “periferie van die literatuur”.

In sy bespreking van *Periander* gee Brink voorkeur aan W. F. Hermans se televisiedrama bo D. J. Opperman se *Periandros van Korinthe*. Sy motivering vir dié voorkeur is egter baie onoortuigend. Van die figuur Periander word gesê: “Hoe meer hy praat oor demokrasie, hoe meer absoluut tree hy op. *Daarom* (my kursief) word hy so ’n skrikwekkende en sjarmante kommentaar op *moderne* staatsmanskap”.⁶⁴ (Brink se kursief) Die “waarskuwing” wat Hermans vooraf gee, word dan gebruik om

die gevolgtrekking te ondersteun dat *Periander* 'n kommentaar word op die absolutisme van die "establishment én die jeugrebel" en sodoende 'n "wyse, siniese en begrypende relatiwiteit" ('n geliefde Brinkwoord) skep. Hierin sou dan die groter *relevansie* van Hermans se drama lê, 'n relevansie wat Brink se siening van die huidige politieke opset betref, want die leser sal in elk geval eers Brink se mening oor "moderne staatsmanskap" en die "verwoede rebel" moet onderskryf voordat hy enige begrip vir dié relevansie kan hê.

Weer eens beland Brink dus in sy resensie op die randgebiede van die literêre waardebeoordeling. Naas insiggewende opmerkings oor die teks is daar opmerkings wat slaan op dinge wat slegs met moeite daarmee in verband gebring kan word. Die resultaat is 'n seldsame potpourri van tekstuele en buite-tekstuele kommentaar wat die selfstandigheid van die werk ernstig in die gedrang bring. Baie uitsprake steun sterk op Brink se persoonlike opvattinge oor 'n verskeidenheid van onderwerpe.

Uit die voorbeelde wat tot dusver genoem is, behoort dit duidelik te wees dat Brink betrokkenheid bewustelik of onbewustelik normatief aanwend in sy kritiese aktiwiteite. Die vermoede ontstaan dat die opvattinge oor *littérature engagée* alreeds so 'n integrale deel van Brink se benadering tot die letterkunde geword het dat dit dikwels 'n onvermydelike kleur aan sy kritiese instelling gee, sodat daar van onbevangenheid nie sprake kan wees nie.

XI

Daar is egter ook ander aspekte van Brink se kritiese arbeid wat nie bo verdenking staan nie. Met sy publikasies *Aspekte van die nuwe prosa*, *Aspekte van die nuwe drama* en *Die poësie van Breyten Breytenbach* het hy homself bevestig as die groot apologet vir vernuwing in die Afrikaanse letterkunde. Dit is nie die doel van hierdie opstel om volledig in te gaan op die vraag of Brink se aandag aan vernuwing, wat ook verband hou met betrokkenheid soos dit deur hom gepropageer word, in alle gevalle te rym is met die voorvereiste van gehalte nie. Dit sou egter sinvol wees om slegs twee vlugtige opmerkings hieroor te maak.

In die eerste plek: in albei sy *Aspekte*-publikasies groepeer Brink uiteenlopende werke onder een veralgemenende sambreel, sodat hy selde tot 'n werklik diepsinnige analise van 'n individuele publikasie kom. Die gevaar bestaan dat Brink 'n ideologiese raamwerk van vernuwing kan konstrueer waarbinne dit nie altyd moontlik is om die afsonderlike werke tot hulle reg te laat kom nie. Begrippe soos Nuwe Prosa, Nuwe Drama en Sewentig word vaag-omlynde clichés. Brink se vae en veralgemenende stellings dat Sewentig se literatuur "gans andersoortig"⁶⁵ of "meer betrokke"⁶⁶ is, benewel dié begrip nog verder.

Die aandag aan "aspekte" is ook taamlik willekeurig en bring 'n gevaarlike versplintering mee. Dikwels word die werk nie meer genoegsaam as selfstandige skepping en outonome geheel gesien nie. Simptomaties hiervan is die verwaarlosing van karakterisering as integrale element van die fiktiewe wêreld en die gevolglike onjuiste uitsprake waarop ek gewys het.

In die tweede plek: die verwelkoming van vernuwing bevat die gevaarlike tendens dat gehalte soms te veel gekoppel word aan nuttheid. Van hierdie neiging is die effens te hoë waardebeplating van P. J. Haasbroek se *Heupvuur*⁶⁷ en die bestempeling daarvan as “1974 se enigste groeipunt” ’n voorbeeld.

XII

In hierdie opstel is ’n poging aangewend om bewyse aan te voer vir die stelling dat Brink se objektiwiteit as literêre kritikus nie altyd bo redelike twyfel staan nie. Teen betrokkenheid as sodanig is daar geen beswaar nie; intendeel, in alle letterkunde, soos Brink by minstens twee geleenthede⁶⁸ gepleit het, moet daar ook plek wees vir die geëngageerde roman of drama of die aktuele gedig. By Brink word betrokkenheid egter dikwels normatief aangewend. Daarby neig sy beklemtoning van hierdie begrip na ’n nuwe soort voorskriftelikheid, ’n “ander soort sensuur”, in die woorde van Hennie Aucamp.⁶⁹ Dit bring ’n verenging van perspektief mee op die wye spektrum van die literatuur. Die apologet vir betrokkenheid kan later, soos Sartre, in één nou, letterkundige stroompie beland. Teenoor Brink se geweldige propaganda vir *littérature engagée* klink sy erkenning dat ook ander soorte literatuur werke van kwaliteit kan bevat, nie altyd ewe oortuigend en sterk nie.

Uitsprake van ander skrywers lewer in hierdie verband ’n noodsaaklike perspektief en korrektief op Brink se eensydighede. Aucamp haal die volgende woorde van Arnold Wesker aan: “Do you want me to feel for starving children? I feel for them. Do you want me to protest at wars that go on in the mountains? I protest. But the heart has its private aches. You must allow the heart its private aches”.⁷⁰ By die simposium oor die Sestigters kom Etienne Leroux duidelik in verzet teen enige vorm van tematische voorskriftelikheid wat die skrywer opgelê word.⁷¹ William Faulkner praat in sy Nobeltoespraak ook van die hart se “private aches” en stel hom op ’n standpunt wat minstens net so geldig is as dié van die intens betrokke skrywer: “. . . the young man or woman writing today has forgotten the problems of the human heart in conflict with itself which alone can make good writing because only that is worth writing about, worth the agony and the sweat”.⁷² Die gebreke in Brink se benadering is dat hy nie altyd rekening hou met die oneindige spektrum van moontlikhede binne die letterkunde nie. Die gevaar is dat die kritikus wat een vorm van skryf verkies bo ’n ander, sy objektiwiteit maklik kan inboet.

XIII

Uit verskeie resensies, teoretiese geskrifte en gepubliseerde voorlesings is ’n poging aangewend om sekere aspekte van Brink se kritiese ingesteldheid te onderskei en nader in oënskou te neem. Twee gevolgtrekkings kan gemaak word:

- (i) Brink is geneig om naas sy beskouing oor die werk ook op dinge te reageer wat nie direk ter sake is nie. Hierdie verskynsel is besig om ontstellende afmetings aan te neem en dit lyk of dit soms ’n invloed op sy kritiese onbevangenheid het.

- (ii) Brink is die groot pleitbesorger vir die betrokkenheid in die Sartreanse sin in die Afrikaanse literatuur. Hierdie opvattinge het 'n duidelike uitwerking op sy literêre oordeel. Maatstawwe van buite die werk word soms aangewend by die waardebeoordeling, en daar word nie altyd rekening gehou met die kunswerk as selfstandige skepping nie. Die neiging om karakterisering te verwaarloos, is hieraan verwant.

In die lig hiervan kom die waarde van Brink se kritiese uitsprake ernstig onder verdinking. Aangesien sy oordeel dikwels nie suiwer literêr is nie, is die geldigheid van baie van sy uitsprake twyfelagtig. Enigiemand wat hom op die gesag van Brink wil beroep, sal hiermee deeglik moet rekening hou.

Universiteit van Stellenbosch.
Augustus 1975.

-
1. Pretoria & Kaapstad, Academica, 3de druk, geen datum.
 2. Pretoria & Kaapstad, Academica, 1ste druk, 1974.
 3. Kaapstad, Bloemfontein & Johannesburg, Nasionale Boekhandel, 1962.
 4. Opperman, D. J. (red.), Pretoria & Kaapstad, 1ste uitgawe, 1971.
 5. Lindenberg, E. (red.): **Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde**, Academica, Pretoria & Kaapstad, 1973.
 6. **Gesprekke met skrywers**, Kaapstad, Tafelberg, 1972, p. 10.
 7. "Die konteks van Sestig: herkoms en situasie", opgeneem in Polley, J. (red.): **Die Sestigers**, Kaapstad, Human & Rousseau, 1973, p. 30.
 8. " 'n Persoonlike blik op die roman", Ibid., p. 170.
 9. **Rapport**, 15-6-75.
 10. **Rapport**, 2-3-75. Die bundel is intussen verbied.
 11. **Rapport**, 19-5-74.
 12. **Rapport**, 23-2-75.
 13. Op. cit., p. 7.
 14. **Die Sestigers**, p. 29.
 15. **Rapport**, 23-2-75.
 16. Malherbe, D. F.: **Afrikaanse verse**, gered. deur F. V. Lategan, en geresenseer in **Rapport**, 1-6-75. Brink reageer veral op Lategan. My kursief.
 17. **Rapport**, 16-2-75.
 18. **Rapport**, 25-5-75.
 19. **Rapport**, 25-5-75.
 20. Lindenberg se motivering vir sy standpunt dat Breytenbach die Hertzog-prys moes kry, en Cloete en Grové se reaksie daarop, is hier ter sake.
 21. Goldblatt, D.: **Some Afrikaners photographed**, bespreking in **Rapport**, 8-6-75.
 22. Thesen, H.: **Country days**, bespreking in **Rapport**, 16-3-75.

23. Kapp, P. H.: **Ons volksfeeste**, bespreking in **Rapport**, 15-6-75.
24. Van Niekerk, Dolf: **Karoosange**, bespreking in **Rapport**, 6-7-75. Die verwysing is blykbaar na R. Geggus se proefskrif van 1961, **Die wit in die poësie**, en die polemiekie wat gevolg het op haar resensie van Brink se **Sempre diritto** in **Die Vaderland**.
25. **Rapport**, 6-4-75.
26. **Rapport**, 22-6-75.
27. **Die Burger**, 5-6-75.
28. **Rapport**, 20-4-75.
29. **Rapport**, 8-6-75.
30. **Rapport**, 15-6-75.
31. **Rapport**, 16-3-75.
32. **Rapport**, 16-5-75.
33. **Rapport**, 2-3-75.
34. Op. cit., hfst. VI, p. 109-123.
35. Ibid., p. 112.
36. "Op soek na Afrika", **Standpunte** 110, jaargang XXVIII, Nr. 8, Des. 1973.
37. **Die Sestigters**, waar o.a. F. van zyl Slabbert, J. J. Degenaar en Jan Rabie die probleem bespreek.
38. Sien Tody, P.: **Sartre**, Londen, Studio Vista, 1971, hfst. 5, waar o.m. verwys word na Sartre se **Qu'est-ce que la Littérature**.
39. "Op soek na Afrika", p. 1. My kursief.
40. "Op soek na Afrika", p. 1.
41. "Op soek na Afrika", p. 8.
42. "Op soek na Afrika", p. 3.
43. Harmondsworth, Penguin Books, heruitgawe 1971, hfst. 4.
44. Opgeneem in **The myth of Sisyphus**, Londen, Hamish Hamilton, 1955, p. 165.
45. Opgeneem in **Nobel lectures: literature**, Amsterdam, Elsevier, 1969, p. 524.
46. **Gesprekke met skrywers**, p. 9.
47. **Die Sestigters**, p. 112, en veral op p. 118.
48. **Die Sestigters**, p. 118.
49. **Die Sestigters**, p. 125.
50. Op. cit., p. 20.
51. "Op soek na Afrika", p. 6.
52. "Op soek na Afrika", p. 6.
53. **Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde**, p. 120,
54. Ibid., p. 125.
55. "Op soek na Afrika", p. 7.
56. **Rapport**, 22-6-75.

57. Brink se opvattinge oor die outsider is die volledigste uiteengesit in **Aspekte van die nuwe prosa**, p. 77-9.
 58. **Die Burger**, 5-6-75, waarop Brink in **Rapport**, 22-6-75, reageer.
 59. "Op soek na Afrika", p. 1.
 60. Op. sit., p. 93-4.
 61. *ibid.*, p.121-2.
 62. "Op soek na Afrika", p. 5.
 63. **Rapport**, 23-2-75.
 64. **Rapport**, 21-7-74.
 65. **Rapport**, 4-5-75.
 66. **Rapport**, 25-5-75.
 67. **Rapport**, 25-5-75.
 68. **Rapport**, 5-1-75.
 69. "Op soek na Afrika", p. 1 en p. 9; **Rapport**, 22-6-75.
 70. **Die Burger**, 5-6-75.
 71. Aangehaal deur Aucamp in **Die Burger**, 5-6-75.
 72. **Die Sestigers**, p. 133.
 73. **Nobel lectures**, p. 444.
-

LITERÊR-AKTUEEL

'n Drama van Henriette Grové bekroon

Henriette Grové het onlangs die eerste en enigste prys ontvang van die A.T.K.B. se Afrikaanse Taalmonumentkomitee, wat 'n prysvraag vir drama in die Taalfeesjaar uitgeskryf het. Die drama waarmee sy die prys verower het: *Toe hulle die Vierkleur op Rooigrond gehys het*. Ons herhaal graag hier 'n bespreking van die drama deur prof. dr. T. T. Cloete, wat op 14 November 1975 in die Pretoriase middagblad *Hoofstad* verskyn het.

* * * *

Henriette Grové se *Toe hulle die vierkleur op Rooigrond gehys het* (Perskor 1975. Prys R4,45) is haar heel beste drama en tegelyk een van die beses wat in die afgelope jare in Afrikaans verskyn het. Ek wil selfs beweer dat ons hier een van die beste dramas in Afrikaans het.

Dit is 'n werk sonder onegtheid, sonder grootdoenerigheid en effekbejag. Ons het min dramas waarin die konflik so konsekwent deurloop en waarin die hoofkarakter so werklik vlees en bloed is. *Toe hulle die Vierkleur op Rooigrond gehys het*, het ook die dubbele verdienste dat dit reeds by die lees daarvan in hoë mate bevredig as woordwêreld maar dat dit bowendien ook groot speelmoontlikhede inhou. Die hooffiguur is S. J. du Toit, stigter van die G.R.A., teenoor wie Paul Kruger staan, wat vanjaar 150 jaar gelede gebore is. Hoewel hierdie werk geen geleentheidsdrama is nie, vanweë sy algemene toepaslikheid, is dit darem ook uitnemend toepaslik op 1975 in Suid-Afrika, met sy taalfeesjaar. En dat hierdie stuk nêrens opgevoer is deur een van ons groot toneelgroepe nie, is 'n jammerlik verspeelde kans.

Die wisseling van pro- en retrospektiewe tonele en die transformasie van karakters is knap gedoen. Dit is veral knap hoe die skryfster vir Kruger, wat reeds oorlede is met die aanvang van die dramatiese gebeure in 1904, op die verhoog bring deur karaktertransformasie. Dan verder is dit 'n drama met 'n goeie, vlot en spontane dialoog, met stemminge.

Die konflik van die drama is nie maklik op te som in enkele woorde nie, maar kortliks saamgevat kan die konflik tussen Du Toit en Kruger gestel word as 'n botsing tussen die skrywer (kunstenaar) en die staatsman, die pen en die mauser (swaard), die digter teenoor die soldaat.

Du Toit wat „speel” met vooruitsigte staan teenoor die praktikus Kruger. Kruger is die realis, Du Toit die idealis. Du Toit is die man wat by sy nasionale idealisme tog ook persoonlike ambisie het, terwyl Kruger sy mense duidelik eerste stel, niks van homself nie.

Een van die baie goeie dinge wat van die drama gesê kan word, is dat al gee die hele strekking Du Toit uiteindelik ongelyk, het Grové van hom 'n boeiende mens gemaak; hy is selfs die boeiendste karakter in die drama. En daar sit iets baie menslik aan hierdie man, wat ons laat sien hoe ons as mense moet *kies* en *besluit* (bl. 37 en 40) — en daar lê die problematiek van ons menslikheid.

Du Toit staan aan die slot as uitgeworpene daar (en die drama is histories getrou aan die feite van Du Toit se lewensverloop), die vroeëre

held van sy volk is uitgestoot, maar hy is aandoenlik in sy eensaamheid en verstotenheid. Daar is met hom die medelye wat 'n mens reeds in die ou klassieke tragedies teenkom: die gevalle held het ons meegevoel.

Du Toit het te groot gedroom, as man van die woord en taal ook te „groot gepraat”. Die drama gebruik die frase „groot praat” i.v.m. Du Toit in 'n dubbele betekenis „ongunstig maar ook gunstig. Du Toit kon nie berus in Kruger se „Hartbeeshuismentaliteit” nie, hy wou nie „ingegrens” wees nie, maar hy het juis omdat hy te groot gedroom het, té idealisties was, hom vasgeloop, 'n éénmanskrag opgegaan i.p.v. dié van sy volk. Du Toit is die karakter wat aanhoudend van „moontlikhede” droom en daarmee „speel”.

Met die teenoorstaande figure Du Toit en Kruger, het ons te make met twee figure uit twee van die drie groot keerpunte uit ons geskiedenis, soos N. P. van Wyk Louw hulle beskryf het in „Die ewige Trek” (Lojale verset): die Groot Trek, die stigting van die GRA en die Tweede Vryheidsoorlog.

Dit is al drie groot oomblikke in ons nasionale bewuswording, en twee van dié drie is in hierdie drama saamgetrek. Vandaar die ryke stof daarvan. Van Wyk Louw sê dat die irrasionele in al drie hierdie momente 'n groot rol gespeel het.

Henriette Grové laat ons sien hoe dié irrasionele elemente té sterk was by Du Toit. Dit is iets goeds in hierdie drama dat dit 'n held uit die verlede nie idealiseer nie maar hom as *mens* aan ons voorhou, en dan 'n mens met wie ons ten slotte nog dramatiese medelye behou ten spyte van sy feilbaarheid. Du Toit is 'n karakter vol teenstrydighede, hy het iets van Multatuli se Max Havelaar of Van Wyk Louw se Dias. En hierdie Du Toit se drif, wat soveel dramatiese krag gee aan *Toe hulle die Vierkleur op Rooigrond gehys het*, bly deurwerk tot in die slot, eintlik in groeiende mate, sodat die drama se klimaks werklik in sy slot lê.

Waar dit in Henriette Grové se drama gaan om *visie*, is dit baie mooi om te sien hoe die skryfster op spontane manier (en miskien onbewustelik) speel met die beelde van oog en sien, van lig, van son en ster, of van lugspieëling. Du Toit wil sien, hy wil lig hê, ook die lig van God — maar tog is hy blind, eintlik verblind deur die lugspieëlings. By hierdie beeldspraak sluit tweedens aan die slotgebed van Du Toit: „O God, gee aan my woord vir een oomblik die krag wat U aan die woord in Genesis geskenk het.” Dit gryp terug op 'n heelvroeë episode in die drama (bl. 17) waar, juis net na Du Toit van oë, blindheid en lig gepraat het, deur Poort gesê word: „God se lig. God se woord. Laat ons dit nie vergeet nie.” Dit is moeilik vir die mens, met name soms vir die gelowige, om te onderskei tussen lugspieëling en God se lig. Derdens: hierdie drama is 'n werk oor die ontstaan van die Afrikaanse Taalbeweging, oor die man van die taal en woord, Du Toit — die woord en Woord, wat nie altyd onderskei kan word nie, so min as lugspieëling en metafisiese lig.

Maar hierdie drama sêlf is 'n werk van 'n fyn ontwikkelde taalkuns, soos ons dit in Afrikaans eintlik alleen nog in *Die Heks* van Leipoldt, kry, sover dit die prosadrama betref, deur bogenoemde begrippe- en beelddspel.

Hierdie drama, wat 'n kyk gee op 'n belangrike *historiese* gebeurte uit ons verlede, is ook 'n besinning op die tyd en tydelike, ook die bitydelike. Dit laat ons sien hoe 'n gebeurte in die tyd ontstaan, hom voortsit en afloop, hoe die mens „onklaar trap met die tye” (3), hoe die tyd 'n jong perd is (27). Die tyd is soms „verkeerd” (67), die waarheid is „bokant uur en plek” (7). Du Toit voel aan die begin 'n lente kom, maar hy staan aan die einde met stof en klei. So laat die drama ons ook sien hoedat die mens, selfs die gelowige mens se daade betreklik is, 'n vonkie wat boontoe vlieg. Die geskiedenis maak en breek mense, die lewe is 'n „koeksel”.

Daar is ten slotte nie net 'n verband tussen die mens en sy tyd nie maar ook 'n verband tussen hom en sy *ruimte*, sy *begrensde* ruimte. Van die mooiste dinge in die drama word gesê deur karakters wat praat oor die mens se één wees met sy grond, sy *vertaalde* grond, sy aarde wat taal gemaak is en waaruit sy taal gemaak is (vgl. die Boer op bl. 11 en Du Toit op 36). Dit gaan uiteindelik ook om die taal as georganiserende mag in 'n volk se lewe.

Ek het hier maar iets van die rykdom van hierdie mooi drama probeer gee. Ons het min sulke dramas in Afrikaans.

T. T. Cloete.

VAN DIE REDAKSIE.

Die redaksie wil graag verskoning aanbied dat die transkripsie van die rede van oud-pres. C. R. Swart nie gereed was vir opname in hierdie nommer nie. Dit sal in 'n volgende nommer verskyn.

BOEKBESPREEKINGS

Van die sublieme tot die banale: enkele jonger Afrikaanse digbundels.

Wessel Pretorius: *Nuwe wêreld*. Perskor, Johannesburg 1974. Prys R3,95.

Rosa Keet: *Hystera*. Perskor, 1974. Prys R3,95.

Hein Swart: *Praathuis*. Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria 1974. Prys R3,85.

Johan de Jager: *Haggadâ vir 'n wit Afrikaan*. Perskor, 1974. Prys R3,75.

D. P. M. Botes: *Psalms van David*. Perskor, 1973.

S. J. Pretorius: *Lemma*: Human en Rousseau, 1974. Prys R3,85.

Casper Schmidt: *Terra incognita*. Perskor, 1974. Prys R4,75.

Niel van Tonder: *As hy weer kom...* Human en Rousseau, 1975. Prys R3,85.

Antjie Krog: *Mannin*. Human en Rousseau, 1975. Prys R3,85.

Beminde Antartika. Human en Rousseau, 1975. Prys R3,85.

Êrens in een van sy kritieke waarop ek nie my hand kon lê nie, haal R. Antonissen 'n Franse uitspraak aan wat min of meer op die volgende neerkom: van die sublieme tot die banale is net 'n treetjie. Hoewel hierdie uitspraak sekerlik geld vir enige soort kunswerk uit enige tydperk, geld dit tog besonderlik dié soort poësie wat, hoofsaaklik in navolging van die Franse Surrealiste, 'n op die spits gedrewe aanwending van die verrassende beeld vertoon. In sy bekende bloemlesing *Waar is de eerste morgen?* karakteriseer Jan Walravens hierdie soort beeld soos volg: "Het moderne beeld is in de meeste gevallen ontploffend. Het schiept geen vreedzaam en rustig-stemmend klimaat maar doet haast uitsluitend beroep op openbarstende effecten. Het moderne beeld barst open als een vuurwerk, het verrast en depayseert. Het laat zich zelden voorzien en onvlamt steeds onverwacht en luidruchtig in het korps van het gedicht". Indien so 'n beeld geslaagd is, kan dit uiters treffend wees, soos blyk uit die volgende voorbeelde uit *Die ysterkoei moet sweet* van Breytenbach:

twee weke gelede was ek met my vrou in die somer se hand
die wind 'n voortvluggende speenvark in die bome
("Skrywende nou")

Laat ons mekaar bekoor met oë diep skoelappers
("Breyten bid vir homself")

Maar so maklik kan dit gebeur dat 'n digter in sy strewe na die verrassende beeld te ver gaan en dan uitkom by die gesogte (vergesogte), banale beeld. Wat veronderstel was om subliem te wees, word banaal, lagwekkend. Die bogenoemde bundels wemel van dergelike gesogthede; vergelyk die volgende voorbeelde:

wit huisies wat hande in die
heupe onder vermakeringe
hoedjies van riet staan

en wanneer die maan se lang plat voet
sy geel tone knoesterig
oor die huilende wildernisse strek
(*Praathuis*)

en toe die reën
wat sy natneus teen my venster kom vryf
en in die weerlig
hurk die heuwels
soos ouvrouens
(*Haggadà vir 'n wit Afrikaan*)

'n halfduim bo die wêreld kry
die son 'n reguit gleufie
waardeur hy vars wonde
op die maanhare van wolke bloei
(*Hystera*)

laat ons oogvelde
ver en somber teen die voetheuwels klots
... het die aandson homself lui
agter die mis tevoorskyn geskuif
(*Terra incognita*)

knot my lateie innig met jou stemtapisserie
my sybeuk en skip herbou dit op die skadulose tekenborde
van jou bors

en die oggend
toc die son met ranke stralend oor die ringmuur klim

sy sweetpoleerde ebbevel
pols sag oor die fontein geslote in sy slaap
(*Mannin*)

(In die lg. beeld is daar boonop 'n ongerymdheid of inkonsekwensie in die siening van 'n *ebbevel* wat *pols*).

Ons sal vervolgens die individuele bundels van nader betrag. In Wessel Pretorius se *Nuwe Wêreld* het ek die volgende reëls gevind wat die moontlikheid van poësie inhou:

terwyl die wete
nog bly steek, bars ek
uit my nate uit, is ek
luidkeels en vergesog
jul mutasie, mutasie
ek wysig myself soos
jul seisoene, die seisoene

In die res van die bundel gaan dit redelik flouërig en banaal toe, miskien té "luidkeels en vergesog". Rosa Keet se *Hystera* is oor die algemeen onleesbaar deur kriptiese slimdoenery (soos in "Hystera" en "Hysterikos"), opsetlikhede en gesogthede. Hierdie lg. twee swakhede

verongeluk ook Hein Swart se *Praathuis*. Die gedigte in Johan de Jager se *Haggadâ vir 'n wit Afrikaan* is flou en oninteressant, terwyl *Psalms van David* van D. P. M. Botes die kroon span in banaliteit met reëls soos “ek slaap nie meer/in die neste van jou oë nie”, “die grasperke van jou lyf het verkalk”, ens. Hoewel S. J. Pretorius 'n ouer digter is as die ander digters wat hier ter sprake kom, toon sy bundel *Lemma* 'n ooreenkoms met die poësie van hierdie digters in die aanwending van gesogte beelde en sienings, soos blyk uit die volgende twee voorbeelde:

op liggaamsprairies my asso's van lus
wild gooi om die gehoringde geluk
 (“Der Wanderer”)

wortels hangende stiltes bar en strak
in slote van ou bloed en trane brak
 (“Droogte”)

Sienings in hierdie trant kry ons ook in “Vraenderwys” en “Stadsboere”, lg. met 'n reël soos die volgende: “toe alles nog springbly was in die hart se kiepiemieliepot”. Bowendien ly die gedigte skade deur retoriese sienings soos die volgende:

In vrouebloed wou ek my bitter blus
op bontste vleie soet genoëns pluk
 (“Der Wanderer”)

hoe ver mens deur die hart se wilde dwaal,
die drome wat van godsgeluk moes bloei
is deur die woede van die dood verskroei
 (“Droogte”)

Vergelyk ook sienings soos “lang stert *spitsgekwas*” en “*donderende gebrul*” in “Leeu in die dieretuin”, asook “bergetroon”, “aande brandenskoon” en “hoe hemelskoon die lied” uit “Ek ken jou bitter stem”. Ook “Sishen” slaag nie omdat die slotsiening (die grondinsig) retories is: onder die onooglike oppervlakte lê skatte verborge. Gedigte soos “Skoolhoof” en “Wes-Transvaalse dorp” kom nie uit bo die sentimentele nie. In sommige gedigte is die aksentuering 'n bietjie grof en swaar; vergelyk in “Vroue” die reëls “*bloedkorstig* en *slangsissend*, en gemene/*giftongige* Xantippes”, en die volgende reëls uit “Genadelose land”:

Kolosse swart, melaatswit sneeu
kalkbanke etterende puiste,
skemersterre duisend verbystere
rende stemme wat afskreeu

Die slotreëls van “Jan Luyken” is treffend, maar die gedig handhaaf nie deurgaans dieselfde hoë peil nie. Die beste gedig in die bundel en werklik 'n boeiende gedig is “Laslapkometers” waarin die lappieskometers simbool word van al die geestesgoedere wat die spreker van sy voor- geslagte geërf het, maar wat nou vir hom uitgedien is. Dis net jammer dat Pretorius die treffende simbolisering so kru verbreek met die metafoor “winde van verandering”. In die lang slotgedig “La Chute” is die aksente té swaar aangebring, heeltemal te swaar, sodat selfs mooier ge-

deeltes of reëls verswelg word. Dis 'n vreemde gedig hierdie, soos tewens die bundel as geheel, vol wild-rankende beelde binne struikgewas van die gedig.

'n Barokke veelwoordigheid en woordewoekering is die mees uitstaande kenmerk (en een van die vernaamste swakhede) van *Terra incognita* van Casper Schmidt. 'n Mens vind telkens substantief- en adjektiefopeenstapelings wat (I) òf 'n opsetlike indruk maak weens 'n oordaad, 'n te veel (bv. "oor die *souterig gebroke lagunes/van tydelike onvolvoerde dinge*"; "onmeetlike, onbegane, onmenslike massa"), òf (2) op klakkelose, sinoniemiese herhalings neerkom: "En te midde van opwelling, verbrokkeling,/ van vulkaniese uitbarsting en aardbewings"; "En deur haar glans van *trane/forseer sy, beur sy*"; "*Soel is die bries wat waai . . . warm vogtig waai*". 'n Verdere belangrike swakheid in die bundel is gesogtheid en oordreuenheid in beeld en siening. Twee voorbeelde is reeds hierbo genoem. Die bundel wemel van dergelike banaliteite: "broeibewende goue lower"; "Ek voel viseraal/die endemiese, subtiële liefde tussen lotus en son"; "een van liggaam en vlees"; "die pynlik mistiese duine"; "die opgestapelde grandeur van jou lyf"; "langs jou gepoleerde velvlaktes en bruin dye", ens. Hinderlik is verder sintaktiese lomphede of duisterhede soos die volgende:

Ek ontplof onsigbaar diep in flardes
wat jou skede van nege pienk blare vul,
soos ons twee lobbe dig op mekaar
en stilte in taai wande om ons sluit.

("Ballade van die seksuele oorweldiging")

is ook ek in die groot hoogsee van die niks
teëgekome . . .

("Minnesaga")

Al hierdie gebreke ten spyt, val daar tog ook iets positiefs oor die bundel te sê. Hoewel weinig gedigte as geheel geslaagd is, is daar telkens in onderdele van gedigte mooi gedeeltes of reëls wat van talent getuig. Ek dink aan die slotreëls van "Uit soveel deernis het jy gegroei", "Duinedans" en "Middernagson" en aan reëls uit die tweede helfte van "Argitektuur van die liefde". 'n Gedig soos die volgende is tog mooi, al is die siening in die slotreël (veral die verwysing na "lende") strydig met die rotsbeeld waarop die hele voorafgaande gedeelte gebaseer is:

Al tree jy soos sandsteen uit die storms,
jare geëts op jou voorkop, 'n boog
weerbarstige klip waar water om breek,
bars jy diep uit vreug en herroering
deur die waterkrans
en staan blink gekeephou voor die oog.
Vreug en vervoering:
ook in jou lende is 'n tifoon verskans.

'n Heelwat suiwerder en belofteryker bundel is *As hy weer kom* van Niel van Tonder. Ook die gedigte in hierdie bundel is sterk beeldend, maar Van Tonder verval nie so dikwels in gesogthede en banaliteite soos Schmidt, Krog en die ander nie. Wat nie wil sê dat daar nie soms

wel geforseerdhede of ongerymdhede in die beelding voorkom nie. Neem byvoorbeeld die slotreëls van “Kontrakbreuk”:

word eennag ook die hart se wit agaat
deur weerlig van 'n skeiding oopgeslaat

Dit is vreemd om die hart *sonder enige nader motivering* met iets so hard soos agaat te vergelyk. “Metamorfose” vertoon 'n knap stukkie simbolisering. Die basis-beeld is dié van 'n kat wat deur 'n motor doodgery word en wie se vel dan op die teer platgetrap word. Hierdie beeld verdiep aan die end tot 'n kunsteoretiese siening:

uiteindelik versprei
oor teerbodems firmament
gesogte sterwit perkament

Die “gesogte sterwit perkament” suggereer op dieper vlak die poësie, die gedig, en die implikasie is ondubbelsinnig: uit pyn en geestelike (figuurlike) dood word die skoonheid van die gedig gebore. Daarom kan paradoksaal van die *teerbodem* as “firmament” gepraat word. Tog is daar iets geforseerds in die beelding. Is die platgetrapte vel van 'n dooie kat op die teer net juis altyd wit, en dan nog só wit dat dit as “sterwit” aangedui kan word? En hoe pas die “gesogte” van die slotreël in in hierdie oppervlakgewe? Hinderlik is ook die ou genitiefvorm in “teerbodems firmament”.

'n Mens het bewondering vir die vernuftige wyse waarop Van Tonder in die trant van Opperman 'n beeld oor die hele lengte van 'n gedig heen (of oor 'n groot deel van 'n gedig heen) kan uitwerk, soos in “Fibrillasie”, “Staat”, “Woord”, “Op die dood van 'n oester”, “Duisendpoot” en “Introvert”. In die lg. gedig word die seekat-beeld enigszins vergesog in die slotstrofe:

word weer eens seekat
doop opnuut n moeë poot
in eie kop
in eie ink

In “Fibrillasie” word die sterwende man simbolies van die digter, vir wie die skep van die gedig ook 'n pyn en 'n worsteling is (soos reeds in “Introvert” en “Metaformose”). Afgesien van die metafoor “vlaktes teaterlig” (teater = operasietheater) wat miskien effens gedwonge is, is die gedig treffend. “Woord” het byna-byna 'n verrassende gedig geword. Hinderlik is egter die geforseerde metafoor “wit papierstrand” waardeur die simboliek bowendien effens kru aangedui word, en die “rondhol” wat nie inpas in die oppervlakgewe (die basis-beeld) van die gedig nie, nl. dié van 'n visser wat 'n spelende vis inkatrol en wat simbool word van die digter en sy gedig. Origens is “Woord” 'n interessante gedig en een wat elkeen van ons jonger digters behoort te lees, omdat dit hierin gaan om die gevare wat ontstaan wanneer die spel met die woord hand-uit ruk en die digter (asook die arme leser) “spoedig laat met 'n kraaines letters”. Geslaagder en foutloos is die beelding uitgewerk in “Op die dood van 'n oester”, “Staat” en “Duisendpoot”.

Die lg. gedig is miskien die beste van die beeldverse, en ook die beste gedig in die bundel, ten spyte van sintaktiese hinderlikhede soos “rol alles in” (rol *by* alles in?) en “stuur hom klowe/telkens nuwe streke binne”, en ten spyte van die onhebbelikheid om via die voorlaaste strofe nog eers gou ’n bietjie kunsteorie ook in die gedig in te pomp. In die res van die bundel kan veral “Vrees” en “Sondaar” uitgesonder word as verdienstelik.

Die kernswakheid in Antjie Krog se twee digbundels is gesogtheid in beelding en siening, hetsy in die enkelbeeld, die enkelreël (vgl. die voorbeelde hierbo), hetsy in die simbolisering op breër vlak (vgl. hieronder). Van haar bundels geld verder wat eintlik van die meeste bundels wat hier bespreek word, geld: oral in gedigte vind ’n mens mooi reëls of gedeeltes, maar selde, heel selde is daar ’n gedig wat enduit geslaagd en deurgaans goed gekomponeer is. ’n Oorwegende mooi gedig soos “Geboorte” word byvoorbeeld geskaad deur ’n reël soos die volgende: “sy hande my nooit beskore snare speel”. Die gedig “Het ek vroeër geweet” bevat mooi dele, maar terselfdertyd moet ons verlief neem met sienings soos die volgende: “die ritme van sy bewegings”, “gestol in stom bewegingslose pyn” en “in die keel van my laaste skoon dagbreek”. (Vgl. die volgende reëls uit “Mijn hart lag uitgespannen als de dageraad” van M. Vasalis: “Toen ging een vogel zingen,/diep in de keel der ochtendstond”). Relatief vry van gesogthede en swakplekke is die volgende gedigte wat as die beste in die bundels beskou kan word en waarvan sommige boeiend is: “Kosmiese harmonie” en “Die appelloosa roos gloei dof” uit *Beminde Antartika*; “Halwe siklus”, “Geboorte”, “Dat ek kon slaap”, “Lofsang” en “Legende” uit *Mannin*. Hoewel die lg. gedig by al sy beskeidenheid van vorm en voorkoms miskien die beste in die twee bundels is, wil ek graag die korter gedig “Dat ek kon slaap” aanhaal as illustrasie van Antjie Krog se poëtiese talent:

Dat ek kon slaap
 in die boog van jou liggaam
 ’n embrio in die reëlmaat van asemhaling
 bokant my kop
 die nag vibrerend van jou hart
 slaap tussen wit magriete
 en sprokies van spriete teen die lug
 dat die aarde geslagloos kon skulp
 in onskuld en spel
 die maan speel ’n spoelklip
 onder die rimpeling van sterre

dat ek kon slaap
 toegestrik in ’n wit nagrok
 opgekrul en kleinboud teen jou vaak tokkelos
 kriel-dwergies en toorgoed in my ore

o dat ek ooit kon slaap
 terwyl ’n swaard die einder deurboor.

Soos by Niel van Tonder vind ons ook in hierdie twee bundels heel-wat gedigte waarin ’n bepaalde beeld (meestal ’n metafoor) dwarsdeur

'n gedig uitgewerk word. Sommige van hierdie gedigte verval in gesogtheid, soos “Bevrugting” uit *Mannin* en “Naweekpas”, “O my koue mens mens”, “Bemanningslose hart in die hawe” en “Ek sal jou altyd teken” uit *Beminde Antartika*. In die lg. gedig is ook heelwat inkonsekwensies in die beelding, onder meer wanneer die vrugte sowel die bors van die geliefde simboliseer (“die appelkose van jou bors”) as sy mond (“jou mond . . . rypsag geurig gestrek onder dunnerige skil”). Die simbolisering raak gesog wanneer die oë van die geliefde vergelyk word met duiwe in die boom, hoewel die reël self mooi is: “hulpeloos blou kreun 'n duif jou oë”. Treffend is die twee slotreëls:

o ek cet jou in die reën
met sap en trane tussen my vingers

Geslaagder is “Halwe siklus”, waarin die vrou in 'n breed-uitgewerkte metafoor met 'n boom vergelyk word. Die vaardigheid waarmee die simbolisering geskied in “Eerste teken van lewe” (*Mannin*) verdien vermelding. Die ontstaan van lewe in die vrou word beeld van die ontstaan van die gedig in haar. Hierdie dieper vlak word heel kunstig aangedui deur dubbelsinnige beskrywing (vgl. die “woordeliks”, “klink” en “uitsê” van die eerste strofe) en deur metaforisering; vergelyk die tweede strofe met reëls soos die volgende: “en na weke uitswel in 'n klein gestaltetjie van woord en vertebrae/'n vers wat vanoggend eindelijk begin roer om geskryf te word”. Binne hierdie strukturele raamwerk van indirekte beelding (nl. suggestie, dubbelsinnigheid en metaforisering) is die eksplisiete vergelyking in die volgende reël dan effens hinderlik: “soos 'n vers het jy sonder my medewete ontstaan”.

Vernuftig, baie vernuftig word die metafoor uitgewerk in “Die appeloosa roos gloei dof” waarin die roos en die aandskemer as 'n perd uitgebeeld word. Die beelding wil-wil gesog word, maar ek wonder tog of sy nie daarmee wegkom nie:

Die appeloosa roos gloei dof
pols deur die skimmelblou skemer
snuif kroonblare en proes
— nog nat gekneus na hoewe van die laatmiddagson

sy hare maanhare galop stuifmeel
wild teen buikwarm kelke klop
en tussen die slank teuels van stengels
steier orent die geur van die aarde

runnik kleur pronk flanke
die vlamme donker deur
my hart doring en wring steeks
teen knoppige neusvleuels in

want ek gaan verloor
teen hierdie ongetemde skemer in

Dramawerk van André P. Brink

André P. Brink: *Afrikaners is plesierig*. Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria 1973. Prys R4,50.

Bobaas van die boendoe. Human en Rousseau, 1973. Prys R4,50.

Pavane. Human en Rousseau, 1974. Prys R3,85.

Elders mooiweer en warm. Human en Rousseau, 1974. Prys R4,25.

Afrikaners is plesierig is 'n oppervlakkige, oorwegend klugtige satire op hedendaagse Suid-Afrikaanse politieke omstandighede en politici. Hier en daar, hoofsaaklik in die eerste bedryf, is daar kostelike dubbelsinnighede en treffende snaaksighede. Origens is die stuk flou en is daar bowendien geen sprake van enige diepgang nie.

Bobaas van die boendoe is 'n vertaling en 'n verwerking van J. M. Synge se *The Playboy of the Western World*. Wanneer 'n mens Brink se drama vergelyk met die oorspronklike, kom jy gou tot die gevolgtrekking dat hy op 'n heel oortuigende wyse die drama aangepas het by die veranderde sosiale milieu (nl. dié van die Kaapse Kleurling). Die omwerking van die oorspronklike dialoog na die idioom van die Kaapse Kleurling is byvoorbeeld deurgaans goed gedoen. Die volgende voorbeeld illustreer die vernuftige wyse waarop Brink telkens die beelde en sienings van die oorspronklike stuk by die veranderde milieu aanpas:

Christy: . . . and hearing words would put you thinking on the holy Brigid speaking to the infant saints, and now she'll be turning again, and speaking harsh words to me, like an old woman with a spavindy ass she'd have, urging on a hill.

Kris: . . . en sy't met my gepraat so soetjies soos Rooikappetjie met die wolf — en as sy nou hier inkom, dan gat sy my skel soos 'n ou visvrou wat getjiet is uit 'n dosyn harders.

Synge se “grinning your ears off like the moon of May” word oortuigend by Brink tot “sit en grin met 'n smaail soos 'n waatlemonskyf”.

Elders mooiweer en warm en *Pavane* het min om die lyf. Die lg. drama het nie meer geword as flou melodrama nie. *Elders mooiweer en warm* is, soos reeds uit die voorwoord blyk, 'n hersiening en 'n herskrywing van die eerste uitgawe van hierdie drama. Die wysigings wat Brink aanbring, en wat in hoofsaak bestaan uit 'n drastiese besnoeiing van die dialoog en 'n gevolglike verkorting van die teks, kom die drama ten goede. Tog wonder 'n mens of die literêre waarde van die stuk 'n herdruk geregverdig het. Die drama het 'n sterk allegoriese inslag. Die pes simboliseer dood, verval, ondergang, en die verskeie persone se reaksie daarop simboliseer verskillende soorte mense se reaksie op die dood: die een wil die dood ontvlug en negeer deur 'n *carpe diem*-leefwyse aan te neem en heeltemaal in die hier en die nou op te gaan (George); 'n ander wil die dood deur die kuns besweer (Julia met haar Sjeherazade-tekening); nog 'n ander glo dat daar ewige waardes is wat bokant dood en verval uitgaan, dat dit dus “elders mooiweer en warm” is (Sonja). Hierdie lg. moontlikheid word teen die end van die stuk gerealiseer wanneer die pes (= dood en verval) opgehef word deur die

dood van 'n vreemdeling. Daar is aanduidings dat die vreemdeling en sy dood Christus en sy soendood simboliseer. As die boodskap van hierdie drama uiteindelik dan is dat redding uit die dood moontlik is deur die soendood van Christus of deur watter ander sondebok ook al, dan is Brink gewis baie onoorspronklik, om die minste daarvan te sê; of dan het hy op 'n baie onoorspronklike wyse 'n ou gedagte probeer uitbeeld. Maar 'n verdere swakheid in die drama is dat daar so baie dinge gebeur wat op realistiese vlak onwaarskynlik, geforseerd en nie voldoende gemotiveerd is nie, soos byvoorbeeld die algehele isolasie van die groepie mense in die huis, die koms van die vreemdeling en sy eienaardige houding van stilswye, die doodmaak van die vreemdeling en, om alles te kroon, die feit dat die reën ophou en die reënboog uitkom net juis na sy dood. Brink verkrag hier die realiteit om by sy simboliek in te pas. Ten slotte tel dit in die onguns van die drama dat die oopvlekking van verborge menslike motiewe (deur 'n speletjie, soos in *Who's afraid of Virginia Woolf*) nie danig diepgaande en boeiend is nie. Bowendien word daar in hierdie skokopenbarings té veel klem gelê op die skok as sodanig (die onverwagte), sodat dit op die duur die aanskyn van effekbejag kry.

Universiteit van Suid-Afrika

D. F. SPANGENBERG

Louw, Anna M., *Kroniek van Perdepoort*. Tafelberg, Kaapstad, 1975. R5,95. 260 bl.

*"The world turns and the world changes,
But one thing does not change.
In all of my years, one thing does not change.
However you disguise it, this thing does not change:
The perpetual struggle of Good and Evil."*

T. S. Eliot

Kroniek van Perdepoort is die verhaal van die opbou en verval van 'n plaas. Ten nouste betrokke by die proses is die mens, by name Koos Lotriet en sy vyf seuns. Dit is so dat perde in onbruik geraak het, maar dit het met die tengronde gaan van die mense en die plaas weinig te doen. Dié deur die sonde aangevretenheid van die mens is verantwoordelik vir die onvermydelike en onstuitbare aftakeling. Attie besef dit: "Elke worp het sy kwar — maar Koos Nek se worp is almal kwarre" (93). Vir Kobus is daar slegs een uitweg: "'n Oordeelsdag is nodig om dinge op Land van Onskuld te verander" (102). En dit geld vir die ganse Perdepoort.

Die bestaan op Perdepoort word tot stand gebring deur die verteller en die insae wat die leser kry in die bewussynsinhoude van die mense in die roman. Koos Lotriet, die hovaardige man, wat nie om sy dik nek die paslike bynaam Koos Nek gekry het nie, het Perdepoort kom stig. Hy is reeds vyftien jaar dood, maar tog is dit of hy nog steeds daar is, selfs die besitter is. Deur die teruglewing in die verlede, gedagteflitse en die verskillende karaktertrekke wat in sy nageslag voortleef, is hy teenwoordig.

Attie Hardehand, tweede oudste seun en erfgenaam van die ou huis, het al die kosbaarhede in een kamer versamel en hou dit, soos al sy besittings, versigtig agter slot en grendel. Op die vooraand van die herbe-grafnis van sy ouers is Attie in die kamer en in sy teruglewing hoor hy sy vader: "Kom groet die mense en dan gaan speel julle seuns soet buite" (239). "Selfs nou nog het Attie partykeer die gevoel dat alles aan Koos Nek behoort" (24). Kobus, die middelste seun van Koos Nek, onthou sy vader as ry-instrukteur, as trotse vader, maar ook die harde man wat as perdeteler sy terugaardings geskiet het. Dieselfde seleksie wou hy eennag op sy eie hingsies toepas en het Kobus die rant uit gevat.

Koos Nek se karaktereenskappe slaan onmiskenbaar in sy eie aar-dings uit. Dit geld nie slegs vir sy eie seuns nie, maar ook vir sy klein-kinders bv. Jaco — Jan Pampoen se seun. Net soos sy Oupa het ook Jaco las van sy nek. Hy kyk sy oom Attie minagtend aan, ook sy hanerige gewoontetjie om alewig sy nek reg te pluk word pertinent genoem (89). In dieselfde gesprek tussen hom en sy oom Attie is die bloedlyn duideliker: " 'n Effense grynslag sit om Jaco se mond vas, sonder 'n oogknip staar hy sy oom Attie aan, tot dié eerste moet wegkyk: 'Ek is maar 'n moeilike man om te help, oom Attie. Ek is nie my pa nie, oom.' Jy kan die skouerspiere sien rol soos hy sy nek regruk" (90). Vergelyk hiermee Koos Nek se eie woorde: "Net in 'n toestand van oorlog aanvaar 'n mens gawes: swaardpunt teen swaardpunt" (22). Gert Garing wat hom goed geken het, sê van hom: "Só hovaardig, sal eerder vrek van die dors as om 'n koppie koue water verniet uit 'n ander se hand te ontvang" (22). Die ontevredenheid met menslike tekortkominge, wat kenmerkend was van Koos Nek, sou ook in Jaco weerklank vind. Nêrens is dit duideliker as in sy houding teenoor sy ouers nie: "En hy pluk sy nek reg om te sê wat hom miskien nog gaan berou: "Voor die venster sit skinder en lekker uitboer?"

Attie sien ook in sy broer, Klaas Kamer, vir Koos Nek: "Met kake-bene wat effe beweeg, staan Klaas daar en 'n beklemmende oomblik lyk hy vir Attie presies soos hulle oorlede pa, net langer natuurlik, maar dieselfde kyk: of jy 'n soort insek is wat maar rond kan woer" (117).

Reeds vroeg in die roman word dit vir die leser duidelik dat die onvoldaanheid van die mens sentraal staan: 'n dramatisering van 'n stryd tussen goed en kwaad, 'n stryd "wat voortwoed tot die einde" (6).

Wat die probleem nog ingewikkelder maak, is die ineengestregeldheid van goed en kwaad. Vir Koos Nek is goed en kwaad verbonde en verantwoordelik vir kwellend en spanning: "Hulle is maar net twee kante van die stok waarmee ons onself hel gee" (6). Die twee pole is ook herkenbaar in hom: Hy gee ruim vir die kerk, maar gaan self nooit soontoe nie. Hy is duiwel en heilige (219).

Sondigheid, in baie gedaantes, is durend teenwoordig in die roman: Koos Nek, die stigter van Perdepoort, se hovaardigheid was bekend: "Die vent was niks meer as 'n boer nie, hy stel hom net aan. Want van die begin af was die houding daar: kop hoog, iets aan die skouers, oë wat wil-wil by jou verby kyk. Nie juis onbeleef nie, maar koelkommer en té besadig" (22). Sy hovaardigheid was ook by die volk bekend: "Gee mens nooit die geld in die hand nie, sit op 'n staanding neer" (23).

Hy was nie op Klaas se bruilof nie: Klaas het te nederig getrou — skoon uit sy stand uit. Klaas se poging tot selfmoord was hy bereid om nooit oor te praat nie: “Was dit net maar sy trots?” (191).

Koos Nek se trots, wat hy as sy behoud gewaan het, was juis sy geslag se ondergang. Hierdeur het hy ’n afsydigheid bewerk; besoekers aan Perdepoort was min en slegs die gehardstes het later toetree. Kobus se vriendjies wat dikwels saam met hom op die plaas deurgebring het, het sku geword. Koos Nek se afsydigheid (hy is “geken en tog nie geken nie” (19)) het by sy seuns afsondering geword: “Tot vandag toe kuier mense nie graag by Perdepoort nie . . . dis omdat elkeen van die afstammelinge nog iets van ou Koos se hovaardigheid in hulle het” (24). Dit is asof die lewe teen hulle afgespeel is — ’n klomp waterlote (24). Met hulle huwelike is die raarste kombinasies gevorm en die vrouens was na die oordeel van Kobus almal nulle (209). Uit die huwelike is die eksentriekste mensies gebore: Die oudste van die drie nasate van wie ons die meeste weet, is Adriana. Sy is belas met erflike hovaardigheid en skroom nie om haar oom Chris subtiel uit te lok nie. Haar broer Kobie is geestelik en liggaamlik gestrem — ’n karakertipe wat die roman, omdat dit in stilte gelees word en daar slegs ’n wisselwerking tussen leser en romanwêreld bestaan, makliker kan verduur as die drama. (Dit sou interessant wees om na te gaan in hoeverre Kolie en Oompie Vaalwater literêre aardings is van bv. Ampie en Toiings). Jaco is ewe pervers as sy niggie: minagkend teenoor meerderes veral sy ouers, hebsugtig in Lotrietse hovaardigheid.

Koos Nek se trots boemerang op allerhande wyses in sy nageslag. Sy jongste seun, Chris Predikant, verval in ’n bepeinsing oor erfsonde, “in die dinkmoeras waar goed en kwaad twee kante van dieselfde munt is, waar die een sonder die ander nie kan bestaan nie” (180). Koos Nek se woorde gaan in vervulling want hierdie saambestaan van goed en kwaad is inderdaad vir Chris ’n kwelling, ’n “stok waarmee hy homself hel gee”.

Die gebeure in die boek is ’n demonstrasie van die vernietigende gevolge van die sonde. Die ganse nageslag van Koos Lotriet lyk op nulle. Elkeen ondervind ook persoonlike leed wat dikwels gepaard gaan met selfverwyf. Dis waarneembaar in die lewe van Koos Nek se liefingseun Kobus, wat so op sy vader gelyk het. Vir Klaas is die lewe ’n keuse tussen duiwel en dood. Die duiwel/sonde en lewe is nie te skei nie, as jy dan van die sonde/duiwel ontslae wil wees, bly net die dood oor. Sy gesprek met broer Chris Predikant en sy nagmerriegesprek met die duiwel is dramatisering hiervan.

Chris Predikant sit opgeskeep met sy wellus waarvan die leser deur die bewussynstroomtegniek sy gevoeligste en intiemste belewenisse leer ken: Nie georden nie, maar losse assosiasies in samespel met herinnering aan ondervindings in die verlede (Vgl. bl. 205). Teenoor kleinbroer Chris wat besin oor teologiese kwessies, geloofsake, is boet Attie Hardehand ’n pragmaties, hebsugtig en gebind aan die aarde deur begeerlikheid. Grond en goed van eie bloed sal hy berekenend bekom onder die voorwendsel dat slegs hy die sorgsame is, instaat om te bewaar en te benut, soos sy eie vader van hom gesê het. G’n broer benut sy erfposiegrond behoorlik

nie, dink Attie, eers as hy wat Attie is dit besit, sal die erfgrond verenig tot sy reg kom. Oënskynlik lyk ouboet Jan Pampoen sonder die sonde, maar lê sy erflike belastheid nie juis daarin dat hy so 'n slagpat en hoogs onnosel is nie?

By die mense in die boek is daar die hoop of voorneme om te ontvlug, weg te kom van die narigheid. Hierdeur tree die skrynende ironie na vore: Ook in die ontvlugting uit die menslike moeras skuil die sonde: Jan Pampoen en sy vrou Letta sit voor die venster na die ou huis en kyk en bedink moontlikhede wat dáár kan gebeur: Die ou huis kan afbrand, Miemie weggaan, Attie weer trou en deur bespiegeling ontvlug hulle aan hulle gekwelde lewens. Jan verdiep hom in boeke en die sterre. Ondervind dan 'n "hunkering" en "ademlose oomblikke" (288). Hy wil weg: "Hoe sal dit wees as jy Letta laat staan?" (229). Ook die gesigspuntwisseling laat die suggestie van 'n distansiering — selfs van homself. Hy het op 'n keer ook probeer selfmoord pleeg. Die oorweging om Letta te los het hy later uitgespreek (216). Hulle seun Jaco wat onmiskienbaar die Lotrietstreep het, dink die letste een weg van die plaas. Subtiel suggereer hy dit aan sy oom Klaas: "Waarom gaan oom nie hier weg nie?" (154). Op antwoord van Klaas se lewenswyseheid dat die grotes die halfwasses insluk antwoord Jaco: "Dan moet ek maar sê dat ek die een is wat insluk" (155). Jaco probeer hom distansieer — "veilig weg in toekomsplanne wat g'n ander donner op Perdepoort insluit nie" (226). Hy oorweeg ook selfmoord soos sy pa: "Eendag se eendag gaan hy homself nog vrek maak" (233).

Jaco het aan die werklikheid probeer ontvlug op bykans dieselfde wyse as Attie Hardehand. Attie Hardehand het op sy vroeë rit by almal op Perdepoort langs gery om te sê van die veranderde tyd van die herbegrafnis. Uit hierdie rit kon hy tog voordeel trek: dis 'n soort bestekopname. "Die tyd is op hande om skoonskip te maak" (83). Toe hy Kobus se grond Land van Onskuld aanskou, brand hy van moontlikhede en bedink hy planne om dit te bekom (92) en hy sien Kobus "op die stoep van 'n voorstedelike huis iewers in die stad" (104). Jan Pampoen skuld hom 'n hele boel geld en die begrafnisrekening op Jan se naam — hy is tog immers die oudste — trek die strik nouer. Klaas gee tog nie om vir die plaas nie en Annie kan maar voortgaan met haar amper hoenderboerderytjie. Chris se studiegeld het hy betaal en Chris sal maklik afteken. Dit het ook so gebeur. Plotseling het Chris geteken, "sô ferm dat die papier op 'n plek nerf-af is" (165). Miemie beraam inderdaad planne om weg te gaan. Sy sien hom "met sy verkyker poort op aan die kyk . . . Miemie het die planne agter sy gesig sien groei en ryp word. Sy sal nie hier wees wanneer hy die vrug pluk nie" (150).

Kobus Karba het hom aan die lewe onttrek. Dis sy manier van ontkoming aan die werklikheid: "Nou is dit net nog ek, sê Kobus. En hy herinner hom daaraan hoe Attie vanoggend gesê het: 'Dis nie of jy alleen op die wêreld is nie!' Is tog? Behalwe ou Mietjie, sê Kobus." Kobus het die werklikheid probeer ontsnap deur erger aan die drinke te gaan (209). Hy het hom "vreemd begin voel in sy ouerhuis, of al die vertroude dinge hom aan die verlaat was. . . . Hy was 'n verskriklike verandering aan die ondergaan, 'n donker en dreigende eie lewe was hom aan die wegsuig . . . In sy pa se teenwoordigheid was hy dikwels ysig, of iets in hom kon

versplinter" (208). Hy wou vry wees: "Ek het al hoe rusteloser geword. iets binne my het aanmekaar gesê: vry, jy moet vry wees — die wêreld daarbuite wag vir jou. 'Is dit Isobel?' het ek gevra, 'wil jy weg van haar?' . . . Maar ek het nooit 'n antwoord gekry nie. Dit het bly vreet en dan het ek maar dop gesteeek" (205). Isobel, Doreen en Yvonne het reeds koers gekry.

Klaas Kamer en Annie, sy vrou, was vreemdelinge vir mekaar: elkeen geskulp in 'n eie saai bestaan, Annie was geestelik afwesig in haar verlange na die Pastoor en Klaas slegs tuis in die namaakwêreld van boeke.

Chris Predikant sou nie permanent terugkeer Perdepoort toe nie — daarvoor het Attie gesorg toe hy Chris se deel oorgeneem het. Chris het hom dit laat welgeval.

By die mense van Perdepoort is daar 'n verlange na wysiging: Die Lotriets staan onder die sonde, selfs g'n huwelik van 'n Lotriet is naastenby gelukkig nie. Tog is daar by die mens 'n verlange om uit die moeras waarin hy hom bevind en wat hyself geskep het, weg te kom. Van hulle sondebelaasheid is hulle durend bewus. Chris voer 'n gesprek met Kobus, Koos Nek se gunsteling. Koos Nek se ewebeeld, diep onder die besef van die dubbele polariteit van die menslike bestaan: "Chris kyk onsiende na sy hande; en hy sien dat die sens van die erfsonde wyd maai en sonder aansiens des redenerings. Hoe mooi en onskuldig is die blomme van die boosheid nie ook soms nie!" (205). Nou dat hy die onmiddellikheid nie waarneem nie, sien hy die waarheid. Koos Nek was self ook bewus van hierdie uitsigloosheid van die mens, wie se heil nie op aarde is nie: "Die tyd gaan verby en niks skyn beter te word nie, al bly jy hoop" (191).

Ondergang word gemanifesteer in die paddabeeld. Padda word beeld van 'n neertrekkende mag wat spottend, satiries die mens wat op die hoogte woon se pad na die moeras meemaak. Op Perdepoort wat op sy dag gespog het met 'n ingevoerde Arabiese hings, 'n rasegte Kehilan — en 'n skimmel merrie van Vlaamse afkoms (24) "is nie meer perde op die kweekplate nie. Net die koor van paddas — glo vyf soorte — langs die rivier duur steeds voort" (27). Hierdie twee gedeeltes — oor die perde en die paddas — word in dieselfde vernaamheid vertel — met gedagtestrepe en pouses. Selfs die minderwaardige paddas verwyder hulle rivier toe — hulle is nie meer "in die syferwater agter die huis nie" (27). Koos Nek het sy naam gekry die dag toe die mense van die dorp deur die hortjies die perde beskou het. Attie, daarenteen, word op die dag van Koos Nek se herbegraving in sy hoedanigheid as eerste organiseerder en in die lig van die vyf soorte paddas *paddageneraal* (64). Omdat Chris se een deel "luister na die samesang van die paddas en die krieke" (225) weet die leser vooraf dat hy die stryd teen die kwade die keer verloor het: Adriana is besig om Kolie te skeer, en vervul van begeerte hou hy die ligstrepie onder die badkamerdeur dop in afwagting op haar ver-skyning. En na mate "die gebrabbel van die paddas en die ander waterdier-tjies skryller word" neem die onrus en kwade toe (229). Ook vir Jaco is die laaste vernedering, wanneer sy lyf te veel vir hom word wanneer

hy “wil skop, skree, hol, byt; in die grond (wil) wegsak, in die modder, in die water, onder die paddamoos lê en vergaan” (227).

Deur die herhaalde gebruik van die paddabeeld word dit 'n simbool van ondergang: “Toe hulle by die kookskerm kom, gewaar hulle gedaantes daar onder langs die wapad en snaakse geluide of die paddas en goed aan die opkom is uit die rivier” (236). Die dekadente is besig om oor te neem: “die walglike geklak van die paddas en goed langs die rivier, opdringerig, meedoënloos” (244). Klaas se woord plaas die seël op hierdie neertrekkende lyn in die boek: “Elke jaar is dit dieselfde, geslag na geslag, na geslag. Slym zigt gij en tot slym zult zij wederkeren. Aanteel in hulle miljoene, altyd nuwes om die oues te vervang. Net so die mensdom. Al verskil is dat daar niks is wat die mens se vermeerdering beperk nie, en hoe groter die getalle, hoe swakker die gehalte” (246).

Langs hierdie afwaartse beweging na die moeras is daar ook 'n beweging opwaarts, na die lig: ten nouste hieraan verbonde is die verlange na stuiwering, 'n strewe na iets mooiers, deugsamer — iets volledigs. Dit is by byna al die mense in die boek waar te neem. Bv. Attie Hardehand wat die stel lepels volledig wil besit: al die lepels moet daar wees, eenders. Daarom spook hy so om die lepel wat hy by sy skoonsuster gekry het blink te vryf. Kobus verset hom teen die drank, alhoewel hy nie daarin slaag om dit af te skud nie. Kobus leef terug in 'n beter verlede. Elkeen met sy boggel, maar ook sy verlange — selfs Ou Vaalwater “hunker na die stad van puur goud en die poorte van pêrels” (72). Al sou dit hier en daar net 'n floue verset teen aftakeling en onvolkomenheid wees. Dit word duidelik deur kontrastering: ook van die karakters Jaco en Kolie, Klaas en Jan Pampoer. Watter ironiese humor lê nie opgesluit in die name van die mense nie: Jan Pampoer, Koos Nek. Humor en satire wat dikwels oorslaan in oënskynlike oppervlakkiger komieklikheid dra by tot die boeiendheid van die roman bv. Attie Hardehand se rekening by Levin (bl. 10); 'n verwysing na die vyf Lotriet hingsies met “pakkies klere net soos pa s'n”.

Die interessantheid van die roman word verhoog deur funksionele teenstellings, vergelykings, herhalings, a-chronologiese vertelling, onortodokse sintaktiese wendinge, satire sonder narigheid en deur humor en ironie. Ironies is: Mietjie kap behaagvol Kobus se stookketel met sy eie byl stukkend, maar hy is reeds nie meer daar nie — hy sal dit nooit weer benut nie. Attie voel daar is te veel planne op Perdepoort; die grond dra swaar daaraan, maar hy is die baas planberamer.

Deur die bewussynstroom word die mense se intiemste belewenisse geken; groei die karakters tot persone, leer ons hulle hede en verlede ken. Die ontplooiing van Fielies kan hier as 'n voorbeeld geneem word. Byna op die wyse van 'n speurroman word hy aan die leser bekend. Heel onskuldig noem hy Kolie “neef Kool” (144). Maar as hy dit later weer sê en Kolie verbied om dit vir ander te sê, val dit in die legkaart soos gesuggereer op. bl. 101 as Mietjie sê: “Ek bang jou nie, Bis Kowis ... Ekkit jou luiers gewas toe ek so opgeskote was en ek weet wat ek weet”. Ook Kobus se reaksie hierop: “. . . sy gesig kry 'n dieper pers kleur soos hy haar bedoeling snap” (101). Die nurse het ook gevra: “Waar kom jy aan die wit klong, jy's dan pure Hotnot?” (196). Deur suggestie

en die gebruik van drukkers wit word die legkaart voltooi in Mietjie se teruglewing nadat Isobel Kobus verlaat het: “‘Weg, Mietjie, sy’t my weggesmyt. Nou’s dit net ek en jy, ou Mietjie. Gaan jy my ook laat staan?’ . . .

Hy’t haar arm vasgehou en sy’t gesê: ‘Lat los my arm, Bis Kowis, monie vir jou stuitig hou nie . . .

En al haar ertjies het uit haar voorskoot op die grond geval.

“Ma,” sê Fielies, “hulle maak my uit vir Baster en issit nou waar?” (197).

Ook die aardingslyn word volgehou: Koos Nek en sy vrou het blou oë gehad (23) en Kobus was sy pa se ewebeeld (206) met blou oë en al (203). Na alles wat bekend is, is die “duusmansvoorkop, blou oë en liggeel vel” (196) van Fielies net ’n bevestiging en as ons dit nog by Fielies se *klinmeidjie* (101) ook aantref, ’n parallel vir die sonde, Koos Nek se geaardheid van “duiwel en heilige” (219) wat bly voortwoeker.

’n Teenstelling wat ek nie durf nalaat om te noem nie is die tussen die talle tafarele wat parallel gebeur by die Lotriets en die Bruinmense van Ertmanstasie, bv. die begrafnis: Oompie Vaalwater in diepste ootmoed en erkentlikheid oor homself en Fielies bid: “U Genade weet mos wie hier praat? Dis Vaalwater Witbooi wat dour anderkant teen die rant bly. Juis . . . dalk is dit nie nodag om te vraag nie, want U is suffel hoër as onse mensekinders en ken onse behoeftes voor ons nog vraag. Maar, Jere, ons vraag: wees onse broeder se siel genadag en, Jere, hou U oog oor Fielies se nageslag . . .” (73). Vergelyk ons hiermee die dominee se “inventaris van die Lotriet-familie” word die oppervlakkigheid, wêreldsheid en onegtheid onmiskenbaar: . . . oom Koos Lotriet . . . ’n legende in ons distrik . . . ’n man wat soveel verrig het in sy leeftyd . . . boumeester van ’n trotse tradisie . . .” Ironie en satire verhoog dikwels die boeiendheid van die roman. Veral ironies is die bekendstelling van die Lotrietseuns deur die predikant (51-53): “Meneer Attie Lotriet . . . beskermer van die bodem . . . rentmeesterskap; Oom Jannie (Jan Pampoem) . . . vooruitstrewend ten spyte van liggaamlike kragte . . . ; Kobus perdekenner en koskenner (op die kop na verslind by ’n speenvark); Klaas, bockwurm . . . ver by die gewone boekekennis (hy neem slegs prulromans uit by die dorpsbiblioteek).

Beskou ons die roman in die oeuvre van die skryfster is dit opvallend dat ons telkens vernuwing bemerk. Wat die styl betref, is daar in *Kroniek van Perdepoort* ’n belangwekkende onmiddellikheid en groter forsheid, is dit kragtiger as bv. in *Die onverdeelde uur* en *Die Groot Gryse* waarin die romantiese opvallender is. In hierdie vernuwing speel tyd, ’n beslissende tyd en ineengedrongenheid mee. In *Die onverdeelde uur* is die vertelling in chronologiese tydsorde. Jannie en Hermien se terugskouing is van dieselfde orde. In *Kroniek van Perdepoort* word die verhaal, in die breë gesien, in omgesette orde vertel; word by die chronologiese eindpunt begin. Die leser wil, nadat hy die laaste bladsy gelees het, weer voor begin lees. In *Die onverdeelde uur* sou ons dan kan praat van ’n liniêre tydsaanbieding, terwyl ons dit in *Kroniek van Perdepoort* sirkelvormig kan noem. Die wyse waarop die skryfster die tydsaspek

hanteer is die opvallende rede waarom haar jongste roman verwickelder is as haar vorige werk. Hierbenewens het sy meer instrumente in haar orkes opgeneem en is die samespel en ondersteuning ingewikkelder. In die *Kroniek van Perdepoort* het ons ook te doen met 'n krimping van die tyd waarin 'n totale lewe van bykans drie geslagte geteleskopeer word binne drie dae in omgekeerde chronologie. Tyd word as't ware opgehef en daardeur word die gebeure beklemtoon, aktueel gemaak, en ook die onvoldaanheid en gebrokenheid van die mens.

Die styl in die roman is fors, ontdaan van sentiment en dromerigheid. Dikwels lees die leser hom vas teen 'n ongewone sintaktiese wending; 'n sin wat op dreef lyk en dan skielik tot punt kom. Nou mag dit lyk asof die roman in sy nugtere vertelwyse te toeganklik is, maar deur die verskillende tegnieke en vormeksperiment is dit tog ook 'n ingewikkelde roman wat die aandag van literatore, kieskeurige lesers én gewone lesers verdien. Dat die roman breër gelees moet word as die Lotriets en Perdepoort lê reeds in sy titel: 'n Kroniek — gewoonlik 'n vertelling van wêreldwye of nasionale omvang. So gesien is dit moontlik dat die roman swaar, neerdrukkend is, maar: "The cycles of Heaven in twenty centuries, Bring us farther from God and nearer to the Dust". (T. S. Eliot).

— N. J. SNYMAN.

Leon Rousseau, *Die groot verlange — Die verhaal van Eugène N. Marais*. Human en Rousseau, R9,50, 514 bl. en 55 foto's op 32 bladsye.

*"Where is the Life we have lost in living?
Where is the wisdom we have lost in knowledge?
Where is the knowledge we have lost in information?"*
T. S. Eliot.

Die bedoeling van die biograaf was om "'n leesbare lewensverhaal van Eugène N. Marais te skryf". 'n Tweede belangrike oogmerk was "waarheidsgetrouheid". Die getrouheid van die lewensverhaal word deur die doelstellinge en die feit dat "minstens honderd mense vir hulp in verband met *Die groot verlange* bedank moet word" skynbaar bo verdenking geplaas. Tot op datum is ons veronderstel om die skrywer op sy woord te neem en te wag op die "Bronneboek met dokumente en ander inligting" waarin die skrywer se segsmanne en ander bronne bekend sal word. Sy belangrikste bronne was blykbaar ds. F. G. M. du Toit en sy boek *Eugène N. Marais — Sy hydrae tot die Afrikaanse letterkunde* (1940). Tot tyd en wyl die *Bronneboek* dan verskyn het, is die leser eintlik die goeie reg ontnem om van die biograaf te verskil. Op die stofomslag word ons meegedeel dat die gedagte om die lewensverhaal van Eugène N. Marais te skryf reeds in 1946 by die skrywer ontstaan het, maar eers in 1962 is in alle erns daaraan begin werk: *Die groot verlange* is die resultaat van twaalf jaar se arbeid — met lang onderbrekings.

Wat mens dadelik opval in die biografie is die mag wat die verteller aan die noodlot toeken. Die lewe van Marais was na die oordeel van die verteller 'n dubbelspel: "Die dolosse lê gereed. Die tema van hierdie boek is hoe die noodlot hulle sal laat rol" (3). In sy poging om objektiwiteit

te verkry en die wetenskaplikheid te verhoog, distansieer die verteller hom, maar die resultaat is dikwels 'n afsydige vertelling wat te veel boeiendheid inboet en die leser koud laat. Dat Rousseau wel selektief te werk kan gaan en dinamiek aan die stof kan verleen, merk ons op bl. 68 en 69. So 'n interessante wisseling van verteltrant vind ons ook op bl. 88. Hier is die opvallendste nie noodwendigheid en ineenkrimping van tyd nie, maar 'n gedramatiseerde beelding van Marais. Hy neem gestalte in die verhaal aan. Dieselfde gebeur as Marais werklik sentraal staan — as hy die fokus is. Tegelykertyd vlot die vertelling dan (159).

Te dikwels oorwoeker informasie die vertelling. Sulke informasie is gegewens wat op sigself interessant is, maar wat vir biografiese doeleindes te veel 'n randterrein is, bv. wat met elkeen van die Marais-kinders gebeur het (69). Bykans op dieselfde vlak lê die gedeeltes oor die stigting van Nigel (42). Oordrewe volledig is die likwidering van goudmyne (43). Marais se vyf jaar Londense verblyf is aanvanklik saai.

Die verklaring van die simbole in die boekplaat *Ex Libris* is te vergesog om te oortuig (120), boei daardeur nie en Marais se ontkenning aan sy seun dat die *Ex Libris* nie simboliese betekenis het nie, lyk juis en die aanvaarbaarste.

Die biografie begin laat vaartbelyn raak, eers hier op bl. 180 toe Marais in 'n huis in Brooklyn bly en interessante waarnemings maak van miere, 'n padda en skerpioen; hy leer hulle as't ware na sy hand. Die hoofstuk *Die groot Laboratorium* behoort tot die interessantste in die boek. Die motiewe vir Marais se gedragswyses is dikwels te ver gaan haal, bv. sy belangstelling in geneeskunde, sielkunde en die bonatuurlike.

J. H. H. de Waal het in die Voorwoord van *Die lewe van Dawid Christiaan de Waal* o.a. geskryf: "Alhoewel ek in die politiek op meer as een groot vraag van David de Waal verskil het, het ek probeer om in hierdie biografie, so onpartydig as ek kon, sy kant van die saak weer te gee. Tegelyk, egter, het ek gesorg dat hy nie *alleen* praat nie! Anders sou ek aan sy teenstanders onreg aangedoen het". Hierdie uitgangspunt haal ek aan omdat die skrywer Marais dikwels in sy ontmoeting en verhouding met ander historiese figure aantoon as korrek in sy oordeel, en dat die reg steeds aan sy kant is, bv. in sy houding en botsing met Kruger. Uit die geskiedenis blyk dat dit nie altyd die geval was nie en dat die joernalistieke prentjie van Kruger allermins 'n waarheidsgetroue beeld was. In die woorde van De Waal dan: Marais praat te dikwels *alleen*, en daardeur word sy teenstanders onreg aangedoen.

Oor die wetenskaplike juistheid van Marais se vertellings en geskrifte moet daar miskien net op gewys word dat Marais se kunsstandpunt was dat die skrywer van alles behoort "gebruik te maak wat die kuns toelaat om die waarheidskyn te versterk" (*Die Brandwag*, 25.2.21, bl. 247). So gesien, moet Marais se navorsing en wetenskaplike waarneming met dieselfde omsigtigheid benader word as sy eie benadering van De Quincey se *Confessions of an English Opium Eater*. En hierby moet ek voeg dat die informasie in *Die groot verlange* waarin Marais verdwaal en versteek is, ook met omsigtigheid benader behoort te word.

Die rede hiervoor is dat dit my wil voorkom asof die herinnerings-beelde van Marais, waarvan die skrywer ruim gebruik moes maak, deur die afsloting van die tyd onbetroubaar kan raak en die uitsonderlike, bv. die feit van verslawing aan opium, uitgelig word.

N. SNYMAN

Hoogenhout, C. P., *Die geskiedenis van Josef voor Afrikaanse kinders en huisvrouens in hulle eige taal geskrywe deur een vrind*. Versorg deur P. J. Nienaber, Perskor, 1974, 67 bl.

Die titelblad, soos dit in 1873 by Smuts en Hofmeyr, Houtstraat, Kaapstad, gedruk en deur N. H. Marais uitgegee is, is net soos die res van die teks, behou. In die teks werk dit dan so dat bv. op bl. 12 en 13 wat teenoormekaar staan die een (bl. 13) die oorspronklike teks soos Hoogenhout dit geskryf het, afgedruk is en op die teenoorgestelde bladsy die gemoderniseerde teks uit die oorspronklike deur mnr. Jan van de Graaf. Vooraf word interessante informasie deur die uitgewers, versorger en skrywer verskaf. Die uitgewers wou die boekie, in ooreenstemming met sy oorspronklike doel, toeganklik maak vir die jeug en hulle tog ook met die oorspronklike vorm laat kennis maak, daarom is die oorspronklike teks ook behou. Nadat ek *Josef* aan kinders voorgelees het, die boekie vir hulle in die hand gegee het, is my oortuiging dat die uitgewers in dié doelstellinge geslaag het.

Uit die beknopte biografie van C. P. Hoogenhout (bl. 2-3) leer ons dat hy opvoeder, kindervriend, digter, taalman, briefskrywer, novellis, dramaturg en pleitbesorger vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling was. Hiervan getuig ook sy lewe en publikasies. Hy het vir meer as veertig jaar op Groenberg naby Wellington skool gehou . . . *Eerste Afrikaanse printjies boeki ver soet kinders* (1879) kenmerk hom as kindervriend; en *Gedigte van C. P. Hoogenhout* (1941, versorg deur P. J. Nienaber) getuig van sy digterskap.

In die geskiedenis van die *Geskiedenis van Josef* (bl. 4-6) meld Nienaber dat Hoogenhout die *Geskiedenis van Josef* beskou het as 'n voorbereiding vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans.

Reeds in 'n *Woord vooraf* merk ons die kinderlike en openhartige verteltrant: "Die kindertjies moet nou maar mooi oplet en die storie nie net in hulle *kop* nie, maar ook in hulle *hart* bewaar" (10). Afwisselend met 'n oorkoepelende aanspreekvorm gebruik die skrywer 'n direkte appél tot identifikasie: "Nou kan jyself begryp hoedat hy daar gehuil het, hoe hy gesmeek het om daaruit te kom (16). 'n Ander wyse waarop die verteller die vertelling verlewendig en die lesertjie betrek, is vraagstelling: "Wat sal die goddelose broers nou vir hulle ou vader gaan sê?" (18). Telkens sluit die hoofstuk met 'n les, moralisasie of sedepreek: "Laat ons oppas vir die drie sondes van die goddelose broers van Josef: dit is vir nyd, haat en leuentaal" (20). Tesame met die strekking word gesê wat in die volgende hoofstuk verwag kan word: "As 'n mens goed gedoen het aan ons, dan is dit dubbel ons plig om weer goed te wees vir hom.

Maar al het almal Josef ook vergeet, God het Josef nie vergeet nie. Hy sal vir hom sorg. Laat ons "dit maar sien in die vyfde hoofstuk" (30).

Die *Geskiedenis van Josef* kan vir die taalondersoeker interessant-hede oplewer. In die oorspronklike staan: "Banja mense, was hulle in die plek van Josef gewees, sal nou lui en lekker gelewe het, maar Josef nie" (22). Van de Graaf laat in sy gemoderniseerde teks die *gewees* uit die ouer konstruksie weg; uit *lui en lekker* is mettertyd die samestelling *luilekker* gevorm; Hoogenhout se enkele negatief *maar Josef nie*, word vervang met *maar nie Josef nie*; tog lyk dit vir my asof Hoogenhout se enkel negatief in die geval behoue kon gebly het. Interessant is ook die verandering t.o.v. die plasing van die ww. Hoogenhout skryf Josef is "weerverkoop aan een rijke man die een hoë offisier *was* van koning Faro" (23). Volgens die gemoderniseerde teks het hulle hom verkoop "aan 'n ryk man wat 'n hoë offisier van koning Farao *was*". Hoogenhout se skryfwyse is nog nader aan die Nederlandse: in Afrikaans word die ww. aan die einde van die bysin geplaas.

In die hedendaagse bestel lyk dit dikwels asof die gedagte dat wat oud is noodwendig uitgedien is. Die geskiedenis van Josef deur C. P. Hoogenhout illustreer die teendeel.

N. J. SNYMAN

Nienaber, P. J., *Eerste stemme*. Perskor, Johannesburg, 1975, R2,50, 136 bl.

Eerste stemme is 'n bloemlesing uit die tydperk van die Genootskap van Regte Afrikaners en is saamgestel deur P. J. Nienaber. Volgens die uitgewers is die bloemlesing bedoel vir standerd V tot VII. Die gedigte is onder vyf hoofgroepe ingedeel: *Taal en nasionaliteit*, *Verhalende gedigte*, *Liefde*, *Huislike gedigte* en *Vertalings*. Die Bylae (bl. 115-136) sê iets meer oor die digters onder die hoof: *Ons eerste digters* en in die *Aantekeninge* is kort aantekeninge oor die gedigte.

Die uitgewers het met die versorging probeer weergee dat die bloemlesing "oud" is. Hiertoë help die ligbruin letters, verskillende interessante omramings rondom die titelblad, *Inhoud*, *Voorwoord*, *Inleiding* ens., en ook die versierde letters waarmee 'n gedig of verskillende afdelings van gedigte begin. Ek vind dit tog jammer dat daar nêrens aangedui word op watter bladsy die leser 'n spesifieke gedig kan kry nie. Daar is ook geen rede waarom die uiteensetting van die hoofindeling op bl. 45 moet verskil van die van die ander hoofindelings nie.

Onder die gedigte wat opgeneem is, is daar vir die leerlinge vir wie die bloemlesing bedoel is, bekende gedigte, maar ook onbekende gedigte — veral onder die vertalings — bv. "Die visser" en "Die jonge Dupree". Bekende gedigte is "Die Afrikaanse Volkslied", "Ons toekomstige Volkslied", "Die Afrikaanse Taal" en "Klaas Geswind en sy perd". Die bloemlesing se belangrikste waarde, so lyk dit vir my, is dat dit 'n baie belangrike hulpboek is by die behandeling van die afdeling oor die Taalgeskiedenis in die standerds waarvoor die bloemlesing bedoel is, en

ook in die hoër standers. Taalgeskiedenis is dikwels vir leerlinge en onderwysers 'n nagmerrie omdat dit, en hoe dikwels het ek dit nie gehoor nie, "dood is". Hierdie bloemlesing kan help om 'n terrein van die taalgeskiedenis lewendig te maak.

Een beswaar teen die bloemlesing is dat hy afgebaken is vir standerd V tot VII. Hierdeur is sy omvang beperk. Indien meer gedigte opgeneem is, sou gevolglik meer onbekende gedigte ook ter insae van leerlinge gekom het en kon hy 'n belangriker naslaanwerk in die skoolbiblioteek wees en so 'n bestaande leemte vollediger vul.

N. J. SNYMAN

Nienaber, P. J., *Eerste sooie*. Johannesburg, Perskor, 1975. R5,95. 254 bl.

In die Voorwoord het prof. P. D. van der Walt die bedoeling, aard en waarde van die boek saamgevat. *Eerste sooie* is 'n keuse uit P. J. Nienaber se artikels oor die vroeë Afrikaanse letterkunde en die taalstryd. Die artikels is dikwels populêr maar tog wetenskaplik en waardevol vir navorsers, studente en leerlinge. Omdat Nienaber baie oor die besondere letterkundige en taalgebied geskryf het, kan oorvleueling maklik 'n euwel wees, tog is dit "tot 'n minimum beperk" en word die betrokke aangeleentheid vanuit 'n ander gesigshoek gesien. Net soos *Eerste stemme*, 'n bloemlesing uit die tydperk van die G.R.A. saamgestel deur prof. Nienaber en *Die geskiedenis van Josef* deur C. P. Hoogenhout, versorg deur prof. Nienaber, sal ook *Eerste sooie* 'n waardevolle bron en hulpmiddel by die bestudering van Taalgeskiedenis wees.

Die artikels van prof. Nienaber is uit verskillende tydskrifte en koerante saamgestel, o.a. *Die Brandwag*, *Tydskrif vir Letterkunde*, *Die Huisgenoot*, *Die Ruiter* en *Die Burger*. *Eerste sooie* bevat sonder twyfel waardevolle inligting en interessante foto's. So bv. is die artikel oor 'n vergete taalpionier B. R. Buys en die gesprek met oom Piet Malherbe in "'n Beroemde kerkhof". In lg. artikel word S. J. du Toit se politieke ommeswaai te berde gebring. Veral interessant is die aanhaling uit Totius se biografie oor sy vader *Ds. S. J. du Toit in weg en werk*: "Een omstandigheid moet bij die lees veral nie vergeet word nie. Ds. Du Toit was 'n Ismaël: zijn hand was teen almaal, en almaal zijn hand was teen hom. Dat was zijn roeping om alleen te staan en harde dinge te sê." Oom Piet Malherbe het ds. Du Toit se swaai self só beskou: "Dominee het volgens ons mening gedwaal aan die einde van sy lewe, maar laat ons nooit vergeet wat hy gedoen het vir die Afrikaanse taal nie, wat hy opgeoffer het vir sy volk om hulle nasionaal-bewus te maak nie. Hy het die volk gelei en toe hy 'n verkeerde koers ingeslaan het, het hulle hom nie meer gevolg nie, omdat hulle nou self kon oordeel waar hul heil gelê het" (250).

Eerste sooie is vanweë die eerstehandse inligting wat nou makliker bekombaar is vir leerlinge en belangstellendes, 'n waardevolle boekbesit vir die individu en biblioteek — veral skoolbiblioteek. Leerlinge kan nou self baie informasie bekom wat andersins net genoem is, bv: die "Voorlezing deur dr. Brill, *De Landstaal*, Bloemfontein, Mei, 1975".

Universiteit van Pretoria.

N. J. SNYMAN

Peggy Tracey, *The Lost Valley*. Human & Rousseau, 1975. 139 pp.
Boards R3,95.

Part of the Zambezi Valley, with its departed gaiety; dancing, hand-clapping and teeming life, now lies under fathoms of darkness. Before it became the bed of that great man-made lake, the Kariba dam, Hugh Tracey and his wife Peggy visited this unspoilt African region to record and analyse the patterns of African tribal music. 'There will be a time when this place will no longer exist, save in my mind and the pages of this book,' Peggy Tracey says towards the end of her book, which is a sort of hybrid diary-travelogue-anthropological study. The reader can only be grateful that she has kept alive the memory of this primordial utopia; for by means of her deep love for the Tonga people, and by means of her vivid evocation of scene, Peggy Tracey has prevented the Tonga Valley from becoming a totally lost African Atlantis.

There is no narrative thread in the book apart from the day-to-day movements from village to village. The Zambezi Valley itself, after all, is the chief *dramatis persona*, and the sole aim of the author is to record her impressions of its character, its various moods of changing light, the heat-haze of the afternoons, the omnipresent dust and wind which threaten to absorb you into its elemental being. And, of course, there is the music, the rhythmic patter of drums, the carefree spirit of dancing, excellently conveyed through the author's sympathetic feeling, her dramatic involvement in what she describes. Notice how her vivid, dynamic similes, drawn from nature, capture the essence of the spontaneous and free-flowing, yet controlled rhythm of an African dance; at the same time she does not omit the authentic human detail of babies asleep on their mothers' backs:

The horn-blowers leap wildly, packed together, moving in a leaping group, turning as small fish turn in their shoals, or birds in their invisible net, now this way, now that. Following them came the women, moving gently in their own feminine mass, singing their own shrill descant. Their gestures are confined to a bobbing, hip-rolling rock, which in no way disturbs the sleeping babies, loll-headed on their backs.

(pp. 112-3)

Even her descriptions of vegetation are informed with a sense of dynamic movement. There is the 'fine writhen fantasy' of the baobab's branching crown, which 'holds out its boughs in a frenzy of static movement, Shiva-like dancing the dance of Creation. Great uprushes of power from the dry and sandy earth, the baobabs are among the giants of the Valley...' (p. 17). Lighting effects, the close attention to form, and the use of graphic verbs animate the descriptions and suggest the fusion of spirit and matter. As the elephants alter their positions in the morning sunlight, 'shadows show the structure of the great bodies, immensely heavy, slung from mighty backbones, supported by columnar legs' (p. 41). Peggy Tracey, one feels, has the soul of the painter and the poet: she thinks in colours and in images; thus the voice of the owl is 'like a dark brushstroke on the night'. She is also a sort of sensory and emotional thermometer. She responds to, and records, the smallest impressions made

on her senses and on her sensitive human feelings; but these impressions are all synthesized by the creative mind of the artist:

A few miles down the River, the great hill of Kotakota burns blue as a flame in the great heat . . .

. . . this old Tonga woman . . . took with her, enclosed within the compass of that small skull, the Valley, as she had known it, as it will not be again.

(p. 30)

All these descriptions, to adapt one of Peggy Tracey's own phrases, 'fit perfectly into their surroundings, like the acorn into its cup.' Perhaps the impression is too much that of an idyllic Eden, the home of noble savages who are constantly in danger of contamination by European influences. There is a sort of Wordsworthian perspective about the threat of Western industrial utilitarianism. But the Valley, of course, is saved from the ugliness of industry or new housing townships, since it passes 'from the custody of one element to that of another, from air and light to the long embrace of darkness and water' (p. 128). There is something deeply moving about the dramatic suggestion, the startlingly vivid imaginative projection, in her vision of things to come — her evocation of the drowned valley:

We go away. We walk back through the golden afternoon, but the land seems drowned, black beneath a weight of water. The shrines dissolve beneath the waterlogged baobab. The huts float away, our feet sink into a morass of silted debris. The trees stretch black and slimy arms towards a light and air forgone forever. The liquid wall rolls over the soil of this lost Atlantis.

(p. 98)

University of South Africa

(Dr.) *Charles H. Muller*

Fagan, Gawie & Gwenn: *Kerkstraat in 't Land van Waveren*, pp. 185, ill., Tulbagh Restourasiekomitee, Posbus 51, Stellenbosch, 1975. In *Afrikaans of Engels*, R15.

Ons het almal wel gehoor van die restourasie van Tulbagh, maar wie dit nie self gesien het nie, kan geen voorstelling maak van wat dit nou eintlik alles omvat nie. In hierdie boek word verduidelik wat gebeur het en wat gedoen is.

Op 29 September 1969 is Tulbagh getref deur 'n aardbewing wat langer as dertig sekondes aangehou het. Die verwoesting was verskriklik. Tog het dit nie lank geneem nie om te besef dat nog baie weer opgebou kon word. Die Tulbagh-Restourasiekomitee is gestig en daar is noukeurig nagegaan wat die moontlikhede was en hoe die werk aangepak moes word. Inmiddels is landswyd fondse by mekaar gemaak en is aansienlike bedrae geskenk deur die regering en deur handelsfirma's.

Vroeëre ervaring was 'n groot hulp. Veel was reeds elders gedoen deur die Historiese Huise van Suid-Afrika Maatskappy en die Vereniging Simon van der Stel en vir hierdie instellings het Tulbagh 'n direkte uitdaging beteken. Aan die hand van argivale gegewens is noukeurig nagegaan aan wie elke huis behoort het en waarvoor dit telkens gebruik is. Party huise is gekoop, gerestoureer en vervolgens weer verkoop.

Die restourasie het diepgaande probleme meegebring. Meeste huise se mure het uit rou bakstene bestaan; party was deur die jare onherkenbaar verander. Daar is veel gebruik gemaak van ou tekeninge deur reisigers, o.a. Burchell, en van latere foto's om vas te stel hoe die huise vroeër gelyk het. Daar is egter nie beoog om sommer willekeurig te restoureer nie, maar eerder om te trag om 'n eenheid in die hele straat te bewerkstellig.

Hier en daar moes toegewings gemaak word aan moderne vereistes, veral wat sanitasie betref. Nie in elke huis was daar altyd plek vir 'n badkamer nie en in sulke gevalle is 'n duidelik herkenbare ruimte bygevoeg, wat nie van die straat af sigbaar is nie. Party materiale, soos 'n ou misvloer, was nie meer afdoende nie. Selfs die groot somme geld kon nie altyd sorg dat peperduur en skaars geelhout vir 'n plafon beskikbaar was nie. Waar dus na ander middele omgekyk moes word, is dit dusdanig aangebring dat dit duidelik 'n vervangingsmiddel is. Nêrens is getrag om iets met ander materiaal as die oorspronklike te verbloem nie.

Ook die mure is versterk met staal — ogiesdraad. Dit alles is oordek met wit pleister en kan nie die aansien hinder nie. Party huise het vroeër 'n gewel gehad, wat naderhand verwyder is. In sulke gevalle is 'n nuwe gewel aangebring. Vir die voorkoms daarvan is teruggeval op ou tekeninge of foto's van soortgelyke gewels in die omtrek, sodat ook die besonderhede so goed as moontlik aangebring kon word. Waar 'n ekstra muur ingebou moes word, is dit opgetrek uit moderne bakstene, sodat ook hier weer onmiddellik raakgesien kan word dat dit 'n moderne toevoeging is. In party gevalle is die vensters uitgehaal en deur oorspronklike tipe vensters vervang. In een huis was 'n muurkassie toegemessel; dit is weer oopgemaak en herstel.

So is van plek tot plek die probleme opgelos. Dis opvallend hoeveel ou stoepe onder 'n sementlaag te voorskyn gebring is en weer soos 'n steentjiesstoep gerestoureer is. Bykomende oorwegings was omgewing en plantegroei en in veel gevalle is toepaslike bome en struik by die geboue geplant.

Vir wie vandag van die hoofpad afswaai en Tulbagh inry, is die Kerkstraat links 'n onvoorstelbare verrassing. Dis nie net die ry skoon wit mure nie, dis ook die oorspronklike ou sfeer wat hier teruggebring is. Die straat lyk soos dit was voordat moderne kommersiële en verkeersbegrippe invloed begin uitoefen het. Behalwe latere Victoriaanse huise wat na herbouing gelaat is soos hulle was, ondergaan ons die unieke ervaring om teruggeplaas te word na 'n lewendige omgewing van twee eeue gelede. Hierdie restourasie is die mees omvattende werk op dié gebied wat nog in Suid-Afrika tot stand gebring is.

Stap vir stap word die ontwikkeling en oorwegings wat hulle by die kolossale onderneming voorgedoen het in hierdie boek bespreek. Die groot aantal illustrasies, foto's en landkaarte lig die besonderhede toe. Daar is 'n baie uitvoerige bronnegids en indeks. Dit is 'n uitsonderlike boek oor 'n unieke werk!

Universiteit van Pretoria.

F. G. E. NILANT.

Muir, John: *Know your Cape*, pp. 123, 36 ill. Kaapstad, Howard Timmins, 1975. R5,95.

Hierdie boek is deels gegrond op koerantartikels wat in die Cape Argus verskyn het. Dit vestig die aandag op 'n groot aantal merkwaardighede in die Kaap, vermeld die agtergrond van elkeen, waarby tegeelykertyd die verband met die wyer geskiedkundige ontwikkeling van die land aangetoon word. Gevolglik is die boek sowel 'n historiese bron van inligting as 'n gids vir die skoonheid van die Kaap in die algemeen en dit laat ons besef hoe dikwels dié twee met mekaar saamhang. Ons verneem van die Islam-sirkel van kramats, waarvan een op Robben-eiland onlangs heeltemal gerestoureer is. Mohammedanisme was verbied deur die V.O.K., nogtans het Tuan Guru kans gesien om die Koran na die Kaap te bring, deurdat hy die Boek letterlik vrywel uit sy kop geken het. Hy was ook die stigter van die eerste moskee aan die Kaap.

Saam met die skrywer maak ons verskillende staptoere deur Kaapstad. Een langs die Heerengracht, met die monumente van o.a. T. R. Lightfoot en G. Adderley, en ons besef hoe belangrik dit is om kort-kort omhoog te kyk na die pragtige gewels. Hoeveel sakegeboue is nie met mooi beeldhouwerk versier nie! Ons is teveel geneig om daagliks hierlangs te loop sonder om aandag te gee aan wat daar alles te sien is. Die klok van die stadsaal is helfte so groot as die van Westminster; dit loop so noukeurig dat dit eenkeer slegs 13 sekondes verloor het in 18 maande! Ons word vervolgens ingelei in die sfeer van die hawegedeelte, Groenpunt, Kampsbaai, Houtbaai, elkeen met sy eie besondere geskiedkundige waardes. Wie sou besef dat daar soveel historiese monumente is in Rondebosch of hoe boeiend die verloop van die ou Liesbeek-rivier is!

Hoewel vandag veel gedoen word om belangrike historiese geboue teen sloping te behoed, is daar tog 'n gedurige stryd aan die gang. Die Historiese Vereniging van Simonstad het 'n volledige lys opgestel van die belangrike plekke van daardie dorp en omgewing. Hierdie voorbeeld behoort elders gevolg te word. Op die gebied van natuurbewaring is daar die nuwe natuurreserwe by Somerset-Wes en die Rondevlei-voëlpark.

Die skrywer bepaal hom allermens tot oudhede. Ons lees met belangstelling die geskiedenis van die Lowry- en Gamtouwpassse, die twee vuurtoringe by Hangklip, die Philby-perd van Kampsbaai sowel as oor die pragtige nuwe Irma Stern-museum. Dis merkwaardig hoeveel probleme die Kaapse vlakte opgelewer het vir die uitbreiding en latere gereelde verbinding met die binneland en wat die waarde van die vrugbare Swartland vir die ontwikkeling van die Kaap beteken het.

Hierdie boek is met entoesiasme geskryf. Dit is geskiedenis teen 'n agtergrond van tradisie, ou wyn en eikehout. Die foto's help baie om dié benadering te versterk. Daar is 'n indeks en 'n lys van adresse waar inligting oor verskillende terreine bekombaar is. Die prys is opmerklik laag.

Universiteit van Pretoria.

F. G. E. NILANT.

AURORA